Albert Troskie: Bydraes tot Kerkmusiek in Suid-Afrika

LOUNA STOFBERG

Tesis voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister in Musiek (Uitvoerende Kuns)

Departement Musiek

Universiteit van Stellenbosch

Maart 2017

Studieleier: Dr Mario Nell

Mede-studieleier: Prof Caroline van Niekerk

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Maart 2017

Kopiereg © 2017 Stellenbosch Universiteit
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ek dra graag hierdie tesis op aan my wonderlike man, Pieter, my grootste ondersteuner die afgelope 30 jaar, wat my aangemoedig het om met orrellesse te begin en wie se idee dit was om oor prof Albert Troskie te skryf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Die naam Albert Troskie is vir menige orreliste sinoniem met die Suider-Afrikaanse Kerk-orreliste Vereniging (SAKOV). Sedert sy stigting van SAKOV in 1980, lewer Troskie vele bydraes tot kerkmusiek in Suid-Afrika. Vanweë sy betrokkenheid as voorsitter van SAKOV vir 20 jaar het hy gereelde kontak gehad met orreliste landwyd. So het hy bewus geraak van hul behoeftes ten opsigte van indiensopleiding, gepaste musiek vir die erediens, salarisskale en kontak met ander orreliste om ’n paar te noem. As redakteur van die jaarlikse tydskrif *Vir die Musiekleier* en die *Nuusbrief* van SAKOV het hy vele artikels geskryf oor ’n groot verskeidenheid onderwerpe. As komponis lewer hy steeds ’n bydrae met sy koraalvoorspele en koorverwerkings vir gebruik in die erediens of konserte. As een van drie redakteurs van die *Liedboek van die Kerk* was sy ervaring en kennis op die gebied van kerkmusiek deurgaans ’n aanwins. Vanaf 2009 is Troskie lid van die *VONKK*-kommissie (Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek) wat aanvullende liedere tot die *Liedboek van die Kerk* uitgee en het hy verskeie orrelharmonisasies en koorverwerkings hiervoor gedoen.

As orrelkenner, -adviseur en -geskiedskrywer lewer sy twee boeke oor die orrels in Suid-Afrika ’n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis en tot die bewaring van historiese pyporrels. Buiten die vele orrels waarvoor hy as adviseur opgetree het, lewer die twee orrels in Port Elizabeth waarby hy oor jare betrokke was, die NG Kerk Somerstrand en die Veremarksentrum-orrel, noemenswaardige bydraes tot die musieklewe van die stad. As sekretaris van die Veremark-orrelvereniging het daar die afgelope 17 jaar reeds meer as 140 konserte onder sy inisiatief plaasgevind. As voordraer gee hy nog gereeld orreluitvoerings en ses CDs (sommige saam met sy kerkkoor) is onder sy leiding opgeneem. Verskeie toekennings wat hy ontvang het lewer bewys dat sy bydraes tot kerkmusiek in Suid-Afrika wye erkenning geniet. Die hoofdoel van hierdie navorsing is om die verskillende bydraes wat Albert Troskie tot kerkmusiek in Suid-Afrika gelewer het, te belig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Abstract

The name Albert Troskie is for many organists synonymous with the Southern African Church Organists' Association (known by the Afrikaans acronym SAKOV). Since founding SAKOV in 1980, Troskie has made many contributions to church music in South Africa. As chairman of SAKOV for 20 years he had regular contact with organists nationwide. He became aware *inter alia* of their needs with regards to in-service training, appropriate music for church services, salary scales and contact with other organists. As editor of SAKOV's annual journal *Vir die Musiekleier* and of *Nuusbrief* he wrote numerous articles on a wide variety of subjects. As composer he still contributes by writing chorale preludes and choir arrangements for use in either church services or concerts. As one of three editors of the *Liedboek van die Kerk* his experience and knowledge in the field of church music has always been an asset. Since 2009 Troskie has been a member of the *VONKK* commission (ongoing development of new classical church music) which is responsible for the publication of additional songs for the *Liedboek van die Kerk*. For this purpose he has produced many organ harmonisations and choir arrangements.

As organ specialist, advisor and historian, his two books on the organs of South Africa make an important contribution to South African cultural history and to the conservation of historical pipe organs. Apart from the many organs where he has acted as advisor, the two organs with which he has been involved over years in Port Elizabeth, the Dutch Reformed Church Summerstrand and the Feathermarket Centre, contribute significantly to the musical life of the city. Through his intiative as secretary of the Feathermarket Organ Society more than 140 concerts have taken place over the last 17 years. As performer he still presents regular organ recitals and six CDs (some with his church choir) have been recorded under his direction. The many awards he has received testify to the extent of the recognition of his contributions to church music in South Africa. The main objective of this research is to highlight Albert Troskie's different contributions to church music in South Africa.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sleutelwoorde

Albert Troskie

Koraalvoorspel

Nederduitse Gereformeerde Kerk

Orreladviseur

Suider-Afrikaanse Kerkorreliste Vereniging (SAKOV)

Suid-Afrikaanse orrelgeskiedenis

Postmodern

Keywords

Albert Troskie

Chorale prelude

Dutch Reformed Church

Organ advisor

Southern African Church Organists Society (SAKOV)

South African organ history

Postmodern

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bedankings

- Ek dank die Here vir die gawe van musiek wat lewenslank vir my en ander mense soveel vreugde gee.
- Baie dankie aan dr Mario Nell, goeie vriend, beste orreldosent en studieleier vir sy ondersteuning en geloof in my.
- Dankie ook aan prof Caroline van Niekerk vir vriendskap, moed inpraat, professionele raad en flink "diens" met die nasienwerk.
- Graag bedank ek prof Albert Troskie vir sy ondersteuning en hulp met inligting en vir sy koraalvoorspele wat aan my en ons gemeente baie vreugde gee.
- Baie dankie aan my dierbare kinders, Pieter-Adriaan en Jenna, Simon en Lize-Marié, Isobel en Carli, Cobus en Judy, asook my sussie, Sorita, vir hul ondersteuning deur die twee jaar van studie.
- Aan my mede-orrelis in Hermanus, dr Frikkie Strydom en sy vrou Jeannette, vir die gebruik van hul volledige stel *Vir die Musiekleier*-bundels en belangstelling in my vordering.
- SAKOV word ook bedank vir die twee kerkorrelistebeurse van 2014 en 2015 wat as aanmoediging gedien het om MMus te doen, asook die MMus-beurs wat ek in 2016 ontvang het.
- Baie dankie aan dierbare vriende vir hul ondersteuning en gebede.

Aan God al die eer!

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INHOUD

1 Inleiding **1**

1.1 Agtergrond van, en motivering vir die studie 1
1.2 Navorsingsvrae 3
1.3 Navorsingsdoelstellings 3
1.4 Navorsingsmetodologie 4
1.5 Probleme van die studie 4
1.6 Literatuurstudie 6
1.7 Indeling van hoofstukke 6

2 Die rol van kerkmusiek in die NG Kerk **8**

2.1 ’n Breë historiese konteks van die NG Kerk 8
2.2 Veranderinge in die NG Kerk sedert 1990 11
2.3 Die ontstaan van Suid-Afrikaanse orrelspel as kerktradisie 15
2.4 Veranderinge in die kerkmusiek van die NG Kerk sedert 1980 20

3 Albert Troskie **25**

3.1 Biografiese agtergrond 25
3.2 Troskie as orrelkenner en -adviseur 30
3.3 Komposisiestyl 35

4 SAKOV **51**

4.1 Die stigting van SAKOV 51
4.2 Die waarde van SAKOV vir die kerkorrelis 53
4.3 Troskie se bydraes tot SAKOV 60

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5 Gevolgtrekkings en Aanbevelings **62**

5.1 Die NG Kerk die afgelope 50 jaar 62
5.2 Die rol van kerkmusiek 64
5.3 Die bydraes van Albert Troskie 66
5.4 Aanbevelings 69

Addendum A: Lys van komposisies **70**

A.1 Gepubliseerde koraalvoorspele
A.2 Gepubliseerde Inleidings en Harmonisies
A.3 Koorverwerkings
A.4 Ongepubliseerde werke

Addendum B: Gepubliseerde artikels van Troskie **78**

B.1 Artikels in geakkrediteerde tydskrifte
B.2 Artikels in professionele tydskrifte
B.3 Ander publikasies

Addendum C : Notevoorbeelde van Troskie se komposisies **83**

Verwysings **84**

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

Inleiding

1.1 Agtergrond van, en motivering vir die studie

Die naam Albert Troskie (geb. 1942), stigter van die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV)[1], was nog altyd vir my sinoniem met die gebeure rondom orrel- en kerkmusiekaktiwiteite in Suid-Afrika. Ek is, sedert my aanstelling as voltydse orrelis van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Paarlberg in 1987, 'n aktiewe lid van SAKOV en het sedertdien ál die publikasies en nuusbriewe van hierdie vereniging ontvang.

In Augustus 2007 is ek genooi om as orrelis op te tree tydens die inwyding van die orrel in die St. Stephens Anglikaanse Kerk in die Paarl. Vir hierdie uitvoering was koraalgebaseerde werke van Suid-Afrikaanse komponiste gepas, en die talle bundels wat deur SAKOV uitgegee is was 'n logiese plek om geskikte musiek te vind. Die koraalvoorspele van Troskie uit sy *Liedboekverwerkings vir orrel en koor* (2003) was uiters bruikbare materiaal vir hierdie geleentheid. Sedertdien het ek verskeie van sy werke instudeer vir gebruik tydens eredienste asook vir konsertoptredes by verskeie geleenthede. As orrelpedagoog maak ek ook dikwels gebruik van sy koraalvoorspele as onderrigmateriaal vir die opleiding van kerkorreliste.

Albert Troskie geniet op nasionale vlak erkenning as akademikus, orrelis en komponis van koraalvoorspele vir erediens- en konsertgebruik. Die motivering vir hierdie studie is dus die navorser se belangstelling in die bydrae van Troskie vir die Suid-Afrikaanse kerkorrelis deur onder andere die stigting van SAKOV in 1980, sy koraalharmonisasies en -voorspele, asook sy werk as orreladviseur en -kenner van Suid-Afrikaanse orrels. Die studie poog om vas te stel wat die omvang van Troskie se bydrae tot kerkmusiek in Suid-Afrika is met onder andere die stigting van SAKOV asook sy bydrae tot orrelmusiek in die Nederduitse Gereformeerde-tradisie vanaf 1980 tot op hede.

[1] Die akroniem SAKOV sal voortaan in die studie gebruik word as verwysing na die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit is belangrik om die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk[2], waarby Troskie die afgelope 50 jaar aktief is as orrelis en musikus, in oënskou te neem as agtergrond tot die studie. Die omvattende veranderinge in die NG Kerk wat vanaf 1990 plaasgevind het as gevolg van postmodernisme, asook die begin van die einde van apartheid, sal voorts ondersoek word om te bepaal watter invloed dit op die kerkmusiek en die gebruik van die orrel in die NG Kerk gehad het.

Kerkmusiek in die Afrikaanse Gereformeerde tradisie, en die rol wat die orrel daarin speel, is ook onlosmaaklik deel van hierdie onderwerp. Die orrel het homself deur die eeue, regoor die wêreld, bewys as ’n bruikbare kerkinstrument, veral vanweë die feit dat dit as uiters geskik beskou word om massasang te begelei. Vanaf die 19de eeu beleef die orrelkultuur ’n bloeitydperk in Suid-Afrika en in veral die Afrikaanse Gereformeerde kerke word die orrel vanaf 1950 gesien as “die eksklusiewe kerkinstrument” (Vermeulen 2015:6). Daar is slegs uit amptelike liedbundels gesing en die orrelis was normaalweg alleen verantwoordelik vir alle ander musiek in die erediens. Slegs ’n dekade nadat Troskie SAKOV in 1980 gestig het, het die prentjie in die Afrikaanse Gereformeerde kerke, veral die NG Kerk, reeds baie verander. Teenkanting tot die orrel as “eksklusiewe” kerkinstrument het van verskeie oorde gekom. Die kerk-orkes of sogenaamde *worship-band* het in verskeie kerke die orrel as begeleidingsinstrument vervang in ’n poging om “aan almal se behoeftes te voldoen” (*ibid*). Hierdie “behoeftes” van die lidmate is ’n kenmerk van die verbruikersamelewing wat een van die gevolge van die postmodernisme is. Groot debatte en ongelukkigheid, die sogenaamde *worship wars*, het ontstaan aangesien uiteenlopende belangegroepe meningsverskille gehad het oor watter musiekstyl die beste by die erediens pas (*ibid*).

Volgens Troskie, tydens die stigtingsvergadering van SAKOV op 10 Mei 1980, is die doelstelling van die vereniging “die bevordering van kerkorrelspel en ander fasette van die kerkmusiek” (Troskie 1980:7), asook om op te tree in belang van sy lede in die algemeen en die amp van die kerkorrelis in die besonder. Op daardie stadium was daar nog geen amptelike liggaam wat die belange van die kerkorrelis en sy amp in Suid-Afrika verteenwoordig het nie, terwyl daar in oorsese lande reeds gevestigde instellings bestaan het. Simposiums, vorming van orrelistekringe asook die verskyning van artikels in tydskrifte en koerante is verdienstelike aktiwiteite wat op die gebied van kerkmusiek plaasvind in hierdie instellings.

[2] Die afkorting NG Kerk sal voortaan in die studie gebruik word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SAKOV het uit die staanspoor dit ten doel gestel om soortgelyke bedrywighede uit te brei sodat ook die verafgeleë orrelis hierby kan baat. Een van die belangrikste aktiwiteite van die vereniging is die uitgee van ’n nuusbrief en ’n tydskrif, *Vir die Musiekleier*[3] (Troskie 1980:7).

1.2 Navorsingsvrae

Wat is die bydraes van Albert Troskie tot kerkmusiek in Suid-Afrika?
Om hierdie vraag te kan beantwoord is dit belangrik om eers die volgende sekondêre vrae te ondersoek:

- Hoe lyk die NG Kerk van die afgelope 50 jaar waarin Troskie aktief was en nog steeds is as orrelis en komponis?
- Wat is die rol van kerkmusiek in die Afrikaanse Gereformeerde tradisie?
- Wat is die voordele van ’n vereniging soos SAKOV vir kerkmusiek in die Afrikaanse Gereformeerde tradisie?

1.3 Navorsingsdoelstellings

Die hoofdoel van hierdie tesis is om die bydrae van Albert Troskie tot kerkmusiek in Suid-Afrika vas te stel.

Subdoelstellings is om:

- aan te toon hoe lyk die NG Kerk van die afgelope 50 jaar waarin Troskie aktief was en nog steeds is as orrelis en komponis;
- vas te stel wat die rol van kerkmusiek is in die Afrikaanse Gereformeerde tradisie;
- te bepaal wat die voordele is van ’n vereniging soos SAKOV vir kerkmusiek in die Afrikaanse Gereformeerde tradisie.

[3] *Vir die Musiekleier* is sedert Januarie 2011’n geakkrediteerde tydskrif. Wetenskaplike navorsingsartikels word in geakkrediteerde tydskrifte geplaas wat aan spesifieke kriteria voldoen. Sodoende kwalifiseer hierdie tydskrifte vir ’n subsidie deur die Departement van Hoër Onderwys en Opvoeding.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.4 Navorsingsmetodologie

Hierdie studie berus op teoretiese sowel as empiriese navorsing. Volgens Mouton (2012:172) is hierdie lewensgeskiedenis-metodologie ’n empiriese studie wat gebaseer is op tekstuele data. Die oorspronklike voorstaanders van hierdie metodologie het hulle idees gekry van die pragmatisme van John Dewey en die simboliese interaksionisme teorieë van onder andere George Herbert Mead, W.I. Thomas, Robert E. Park en Herbert Blumer. Blumer (1969:1,2) beskryf simboliese interaksie as die proses van interaksie in die samestelling van verskillende betekenisse vir mense. Hy het geglo dat mense die beste verstaan word in ’n praktiese, interaktiewe verhouding tot hul omgewing – ’n siening wat die navorser ondersteun, en spesifiek ook in verhouding tot die lewensgeskiedenis van Troskie. ’n Persoonlike onderhoud met Troskie is ook gevoer om die leemtes aan te vul nadat die literatuur bestudeer is.

1.5 Probleme van die studie

Die probleme van hierdie studie is dat daar nog baie min gedokumenteer is oor Troskie se bydraes tot kerkmusiek in Suid-Afrika. Naas enkele artikels oor Troskie, is die grootste bron van inligting afkomstig uit artikels wat hy self geskryf het. Vir hierdie rede sal die navorser ná die bestudering hiervan ’n mening gee oor Troskie se siening(e) van kerkmusiek en ander relevante onderwerpe ten opsigte van kerkmusiek in Suid-Afrika.

Die hoofbeperkings van hierdie tipe navorsing is volgens Plummer (1983:101) betroubaarheid en geldigheid, wat in verhouding tot mekaar staan, asook objektiwiteit. Tegniek en konsekwentheid is die twee komponente van betroubaarheid wat moet verseker dat dieselfde gevolgtrekkings gemaak sou word indien die studie deur iemand anders gedoen word. Hoe nader die navorser kom aan die onderwerp wat bestudeer word, hoe nader beweeg hy/sy aan die geldigheid daarvan (*ibid*). Blumer som hierdie aspekte as volg op:

> Many critics charge that the authors of personal accounts can easily give free play to their imagination, choose what they want to say, hold back what they do not want to say, slant what they wish, say only what they happen to recall at the moment, in short to engage in both deliberate and unwilling deception. They argue, accordingly, that accounts yielded by human documents are not trustworthy (Blumer in Plummer 1983:101).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verder is objektiwiteit ’n uitdaging in enige wetenskaplike studie, des te meer nog wanneer iemand wat nog steeds aktief ’n bydrae lewer se lewe en bydraes gedokumenteer word. Drie tipes partydigheid kan moontlik voorkom in sosiale wetenskaplike navorsing: eerstens by die onderwerp waarmee die onderhoud gevoer word, tweedens by die navorser, en derdens by die onderwerp-navorser interaksie. Die respondent kan byvoorbeeld nie die waarheid praat nie, oneerlik wees, ’n vals front voorhou, of die onderhoudvoerder probeer beïndruk (Douglas in Plummer 1983:102). Dit is selfs moontlik dat die respondent kan poog om ’n konsekwente ‘storie’ vir die navorser voor te berei. Sommige sielkundiges verwys na hierdie verskynsel as *demand characteristics.* Dit verwys na die respondent wat in die onderhoud sal probeer vasstel wat die navorser wil hê en dan daarvolgens optree of antwoord (Orne in Plummer 1983:102). Verder kan die respondent ook moontlik probeer om die navorser “tevrede te stel” om ’n positiewe evaluering te kry (Phillips 1973:41).

Volgens Plummer (1983:102) kan onderhoudvoerders moontlik die ondervraging met vooroordele en veralgemenings belemmer. Hulle kan byvoorbeeld daarvan beskuldig word dat hulle die respondent aanmoedig om die problematiese en verregaande dinge in sy/haar lewe te vertel en so die meer sensasionele onderwerpe verdraai. Die navorser kan ook bevooroordeeld wees as gevolg van persoonlike verwysingsraamwerk(e), geslag, algemene agtergrond asook sy/haar bestaande teoretiese agtergrond. Selfs hul eie gemoedstemming kan navorsers beïnvloed. Hulle kan met elke onderhoud verskillend reageer, moontlik aangesien hul vermoë om die onderhoud te voer met genoegsame ondervinding verbeter. Voorts kan die navorser daarin slaag om ’n beter verhouding met die respondent op te bou, of hy/sy kan verveeld raak of bloot die verkeerde indruk hê van wat die respondent bedoel. Daar is dus ’n risiko dat die navorser ’n veranderlike element is in die navorsingsproses. Selfs die omgewing waarin die onderhoud plaasvind kan té formeel wees om intimiteit toe te laat of té informeel om genoegsame reaksie aan te moedig.

Die enigste manier volgens Plummer om enige vooroordeel uit te skakel sou wees “as die navorser en respondent robotte is” (Plummer 1983:103). Slegs deur navorsing te ontneem van menslike interaksie kan navorsing sonder vooroordeel plaasvind. Dit is slegs deur hierdie vorme van vooroordeel dat die waarheid gevind kan word. Silverman beskryf dit as volg:

> The task of the researcher, therefore, is not to nullify these variables, but to be aware of, describe publicly and suggest how these have assembled a specific ‘truth’. It is just such accounting which lies at the heart of much ethno-methodology (Silverman in Plummer 1983:104).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.6 Literatuurstudie

Literatuur oor Troskie is baie beperk. Die moontlike rede hiervoor is dat hy nog lewend is en daar dikwels eers ná die dood van ’n bekende oor hom/haar gedokumenteer word. As gevolg van sy betrokkenheid as stigter van SAKOV het daar ’n aantal artikels oor hom verskyn, veral ná sy uittrede as voorsitter. So byvoorbeeld het Cassie Carstens in 2011 met Troskie ’n onderhoud gevoer wat in *Vir die Musiekleier*, Vol. 38, gepubliseer is. Leon Greyling se MMus (Opvoedkunde) verhandeling wat ’n uitgebreide CV van Troskie behels, asook Neels Matthyser se onderhoud met Troskie oor sy harmonisasies in die *Liedboek van die Kerk*, is deur Troskie aan die navorser beskikbaar gestel. Verder is al die Redakteursbriewe van Troskie in *Vir die Musiekleier*, die Voorwoorde in die twee bundels koraalvoorspele wat hy geskryf het, asook al sy gepubliseerde artikels bestudeer. Troskie se twee boeke, *Pyporrels in Suid-Afrika* (1992) en *The Historical Pipe Organ Heritage of South Africa* (2005), is gebruik om sy bydrae tot die dokumentering van kerkorrels in Suid-Afrika beter te belig. ’n Seleksie van sy koraalvoorspele is bestudeer om sy komposisiestyl te ondersoek. Hierdie komposisies van hom is ook almal gedokumenteer.

Janandi Van Schoor se mini-verhandeling, *Die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika en die ontwikkeling van die koraalvoorspel as ’n genre met ’n omvattende katalogu*s, Isabeau Swanepoel se mini-skripsie, *Die effektiewe benutting van die orrel in die liturgie van die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk* en Ockie Vermeulen se proefskrif, *Vernuwende gebruik van die orrel in ’n estetiese musiekbediening van verskillende spiritualiteitstipes in die Afrikaanse Gereformeerde kerke*, behels onlangse navorsing op die gebied van kerkmusiek in Suid-Afrika.*’n Era van verandering vir die NG Kerk en Suid-Afrika sedert 1990 (Deel 1 & II)* deur dr Pieter Kruger en prof Hoffie Hofmeyr beskryf die veranderinge in die kerk wat moontlik ’n invloed op Troskie kon hê.

1.7 Indeling van hoofstukke

In **Hoofstuk 1 (Inleiding)** sal die agtergrond en motivering, metodologie, asook spesifieke probleme wat ervaar is tydens die skryf van hierdie tesis gedokumenteer word. In **Hoofstuk 2** sal die veranderinge wat in die afgelope 50 jaar in die NG Kerk plaasgevind het, asook die rol van kerkmusiek in die Afrikaanse Gerformeerde tradisie, bespreek word. **Hoofstuk 3** sal ’n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

biografiese oorsig van Albert Troskie se lewe wees, met spesifieke verwysing na die invloede op hom as orrelis, sy bydraes as orrelkenner en –adviseur, asook sy komposisiestyl. **Hoofstuk 4** sal ’n breedvoerige beskrywing wees van SAKOV se aktiwiteite en betekenis vir die orrelis vanaf 1980 tot op hede. Deur te kyk na artikels van Troskie in *Vir die Musiekleier* en die *Nuusbrief* sal bepaal word hoedat die stigting van SAKOV vir Troskie ruimte gegee het om verskeie bydraes te lewer wat ’n invloed op die kerkmusiek in Suid-Afrika gehad het. **Hoofstuk 5** sal handel oor moontlike gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die navorsing van die tesis gemaak kan word. Die **Verwysings** sal die tesis afsluit. ’n Lys van Troskie se komposisies, gepubliseerde artikels wat deur hom geskryf is, asook notevoorbeelde van sy komposisies wat in die tesis gebruik is, word in drie **Addenda** ingesluit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

Die rol van kerkmusiek in die NG Kerk

2.1 ’n Breë historiese konteks van die NG Kerk

Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902 was die Afrikanervolk verarm en het die NG Kerk ’n “kerk-vir-die volk” geword as gevolg van sy besorgdheid oor hul geestelike welsyn (Olivier in Kruger en Hofmeyr 2009a:138). Hierdie tydperk in die Afrikaner se geskiedenis is veral ook gekenmerk deur ’n opbloei in Afrikaner nasionalisme (Moodie 1975:69). Die depressie in die laat 1920s en die vroeë 1930s sou ook ’n aandeel hê in die rol wat die kerk gespeel het in die welstand van die Afrikaner.

Volgens Moodie (1975:24) was die meerderheid Afrikaners sterk onder die invloed van die Calvinistiese gedagte van kollektiewe individualisme. Dit beteken onder andere dat ’n individu nie slegs vrywillig behoort en ook onderdanig is aan ’n Christelike gemeenskap nie, maar ook aan ’n aardse outoriteit wat aan God onderdanig is. Gevolglik is die staat en ook die kerk dikwels middele waardeur Christus ‘regeer’ (Kinghorn 1986:48,49). Hiermee word die Afrikaner se nasionalisme godsdienstig geregverdig en word daar ook na ’n ‘Christelike staat’ verwys. Volgens Gaum (1981:27) is hierdie benaming afkomstig van Abraham Kuyper, ’n bekende Nederlandse teoloog en staatsman, wat ’n belangrike rol gespeel het in die strukturering van die Afrikaner se denke oor hierdie aspekte.

Dit was nie ’n probleem vir die gemiddelde Afrikaner om hierdie situasie as die norm te aanvaar nie, wat op sy beurt die ontwikkeling van ’n apartheidsdiskoers en -teologie verder aangewakker het. Volgens Nasionale Party-beleid[4] het die behoud van die Afrikaner gelê in afsonderlike ontwikkeling van ander bewoners van Suid-Afrika (Kruger en Hofmeyr 2009a:139). Hierdie “selfafsondering” van die blanke Afrikaanse Christen is gesien as gehoorsaamheid aan die Bybel wat dus ’n godsdienstige basis neergelê het wat ononderhandelbaar was (Durand 2002:29). Indoktrinasie is baie effektief deur die regering van die dag (wat totaal oorheers is deur die Nasionale Party) geïmplementeer en persone wat

[4] Die Nasionale Party was die regerende party in Suid-Afrika vanaf 1948-1994.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

teenstand teen apartheid gebied het, is vervolg of in sommige gevalle deur die veiligheidspolisie geteiken. Die NG Kerk het in die 1970s só deel van die regering geword dat dit die "beskermheer" van die land se beleid geword het (Lubbe 2001:29).

Prof Johan Heyns was in die 1980s en vroeë 1990s 'n leidende figuur in die stryd om die NG Kerk se siening van apartheid te verander, en ook om dit uiteindelik te verwerp. Tydens die Algemene Sinode in 1982 het hy openlik gemengde huwelike erken en die oortuiging dat apartheid God se wil is verwerp. Hierdie getuienis is nie oorwegend positief beleef deur die kerkhiëragie nie, maar hy is nogtans in 1986 as moderator van die Algemene Sinode verkies.[5] Hy was instrumenteel om die kerk te oortuig dat apartheid nie Bybels gefundeerd is nie (Williams 2006:185).

In 1986 word 'n belangrike maar omstrede dokument *Kerk en Samelewing* (Heyns was betrokke by die opstelling hiervan) deur die Algemene Sinode aanvaar, waarin 'n amptelike verandering in die houding van die NG Kerk teenoor apartheid aangekondig is. *Kerk en Samelewing* het nie net enige Bybelse regverdiging vir apartheid veroordeel nie, maar ook kritiek uitgespreek oor die manier waarop dit in Suid-Afrika gefunksioneer het. In die kerk self het hierdie erkenning spanning veroorsaak en gelei tot die wegbreek van 7751 lidmate uit die NG Kerk en die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) in Junie 1987.[6] Hierdie dokument is in 1990 hersien sonder om die oorspronklike doel en betekenis te wysig (Strauss 2011:511).

> Die NG Kerk is naas sy eie worsteling intussen vanuit verskillende oorde gekritiseer en onder druk geplaas as gevolg van sy ondersteuning en teologiese regverdiging van die apartheidsbeleid (Kruger en Hofmeyr 2009a:139).

Die NG Kerk is as gevolg van hierdie kritiek en eie selfstandige denke geforseer om selfondersoek te doen, wat sy lidmate laat besef het dat die kerk in die proses was om sy rug op apartheid te draai (Van der Merwe 2002:95-99). Die NG Kerk is gedwing om homself te

---

[5] In *Leadership* (1986:46) skryf Martin Schneider dat die NG Kerk met die verkiesing van Heyns van sy tradisie van onbuigsame moderators weggebreek het. "*It has elected as its moderator for the next four years a man of exceptional goodwill. His first days in office were marked by the most conciliatory statements in the long history of a church which has been viewed as nothing less than the National Party in prayer*" (Williams 2006:211).

[6] Dr Frits Gaum beweer in *Die verhaal van die NG Kerk se reis met apartheid. 1960-1994.* (Wellington: Hugenote-Uitgewers 1997) dat die Afrikaanse Protestantse Kerk uit ongeveer 40 000 lidmate bestaan het en ongeveer 100 predikante uit die NG Kerk getrek het (Strauss 2011:511, 512).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

herposisioneer ten opsigte van sy sosiale en kerklike verhoudinge en sy wese as kerk (Kruger en Hofmeyr 2009a:139).

> Tydens die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 1990 in Bloemfontein het die kerk hom finaal gedistansieer van die *Volkskerk*-gedagte sowel as *apartheid* as samelewingsvisie (Handelinge van die Algemene Sinode, 1990:595,597 in Kruger en Hofmeyr 2009a:138).

Op 3 November 1990 vind ’n ekumeniese kerkeberaad in Rustenburg plaas waartydens prof Willie Jonker sy persoonlike skuld, asook dié van die NG Kerk, bely vir politieke, ekonomiese, sosiale en strukturele onregte in Suid-Afrika. Daar was verskillende reaksies in die NG Kerk ná hierdie belydenis, maar die gebeurtenis word onthou as ’n merkwaardige oomblik van belydenis, vergifnis en versoening (Gaum 2002:218-219). Vanaf 1990 het kerkeenheid van die NG Kerk-familie, bestaande uit die NG Kerk in Afrika, NG Sendingkerk en die *Reformed Church in Africa* (RCA), ook ’n belangrike gesprekspunt geword.[7]

By die Algemene Sinode van 1994 het ’n nuwe tydperk van versoening begin. President Nelson Mandela het die sinode bygewoon en aan die afgevaardigdes genoem dat die NG Kerk ’n belangrike rol te speel het in die opbou van ’n regverdige en vreedsame Suid-Afrika (Handelinge van die Algemene Sinode 1994:534,536 in Kruger en Hofmeyr 2009a:140).

Op 14 April 1994 kom die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika (VGKSA) tot stand as die eerste stap tot eenheid van die hele NG Kerkfamilie (Du Toit 2002:166). Tydens die Algemene Sinode in 2002 is daar egter erken dat daar min vordering gemaak is ten opsigte van eenheid. Daar was spanning en hofsake tussen die VGKSA en die NG Kerk vanweë verskille oor die aanvaarding van die Belydenis van Belhar[8] asook onsekerheid of die NG Kerk enigsins deel wil wees van die herenigingsproses (Kruger en Hofmeyr 2009a:140). In 2015 het die Streeksinodes van die NG Kerk gestem om Belhar as deel van die kerk se belydenisskrifte te aanvaar, maar die nodige twee derdes meerderheidstem is egter nie behaal nie.

[7] Webadres: http://ngkerk.org.za/wp/index.php/geskiedenis/ (24/10/2016).
[8] Die Belydenis van Belhar is opgestel deur die NG Sendingkerk in 1982, maar is eers in 1986 as ’n belydenis aanvaar deur die Verenigende Gereformeerde Kerk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2 Veranderinge in die NG Kerk sedert 1990

Vanaf 1990 het die politieke en kulturele situasie in Suid-Afrika radikaal verander. Mense het verskillend hierop gereageer: vir sommige was dit ’n langverwagte uitkoms ná jare van politieke stryd, maar vir ander het dit egter onsekerheid en vrees ingehou. Om alles te kroon het hierdie veranderinge in Suid-Afrika gepaard gegaan met ’n nuwe sosiale denke en gedrag wat verteenwoordigend is van die postmoderne paradigma. Daar is boonop ’n toename in die sekularisering van die daaglikse lewe en instellings en die NG Kerk staan midde in die invloede van hierdie verskynsel (Kruger en Hofmeyr 1990a:135). Die bedieningstyl van die meeste gemeentes binne die NG Kerk het byvoorbeeld heelwat verander sedert 1990. Daar is dikwels ’n beweging in die rigting van ’n toenemend informele bedieningstyl wat veral ook ’n groot invloed op die kerkmusiek gehad het.

Ná die land se eerste demokratiese verkiesing in 1994, is die *African National Congress* (ANC) as regerende party verkies en daarmee saam het Afrika-kommunalisme met ’n sterk Afrika-groepsidentiteit as samelewingsvisie na vore getree (Kruger en Hofmeyr 2009a:136). Afrika-kommunalisme beteken:

> Daar is ’n gemeenskaplikheid onder die meerderheid Afrikane wat gedryf word deur die dominante swart beskouing dat daar met die verlede (onder die apartheidsbewind) afgereken moet word (Du Toit in Kruger en Hofmeyr 2009a:136).

Vir heelwat swart Suid-Afrikaners is Afrika-kommunalisme ’n baken van hoop om die emosies van lyding, skuld en viktimisasie op ’n vreedsame manier te ontknoop. Die voorheen benadeeldes se situasie vanweë die apartheidsregime kon ook nou die nodige aandag kry. Afrika-kommunalisme is egter vir heelwat blanke Suid-Afrikaners, veral vir dié wat die ‘voordele’ van apartheid geniet het, ’n simbool van wanhoop (*ibid*). Transformasie op sigself, en indien reg toegepas, sal uit die aard van die saak tot voordeel van die land se ontwikkeling wees. Newe-effekte van transformasie wat met die veranderende situasie gepaardgaan, soos misdaad, belewenis van oneffektiwiteit en onbevoegdheid in dienssektore, korrupsie en werkloosheid, is egter ’n bron van kritiek (Du Toit in Kruger en Hofmeyr 2009a:136). Volgens Grundlingh (2001:258) is die meerderheid blanke Suid-Afrikaners wel bereid om aan te pas by die feit dat waardes, leefstyle en die manier van dink en doen kan verander.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Politieke veranderinge was nie die enigste oorsaak van algemene sosiale, insluitend godsdienstige, verandering in Suid-Afrika nie. Die invloede van die postmoderne paradigma en Westerse individualisme wat wêreldwyd voorkom, word ook duidelik sigbaar in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die belangrikste kenmerk van die postmoderne[9] tydsgees is die vryheid van die individu, wat moontlik ’n negatiewe invloed en afname in belangstelling in die invloed van die kerk, godsdiens, teologie en die Christelike geloof op verskeie terreine gehad het (Kruger en Hofmeyr 2009a:136). In hierdie era van sekularisasie is daar dikwels die aanname dat die wêreld deur die mens beheer kan word, wat op sy beurt die gevoel van individualisme versterk. Tegnologiese prestasies van die mens word beklemtoon en die klem val op die Westerse ontwikkelingsdenke – ’n ideologie wat onbewustelik die gedagtes en dade van vandag se mens beïnvloed (Van der Walt 1999:100).

‘Verligting van armoede’, ‘ekonomiese groei’, ‘bevrediging van basiese behoeftes’ en ‘volhoubare ontwikkeling’ is byvoorbeeld terme wat deel geword het van die alledaagse taal. Ongelukkig lei dit ook dikwels tot verwronge waardes soos dat alle ontwikkeling en vooruitgang noodwendig ‘goed’ is, wat tot gevolg het dat die samelewing dikwels verkwistend en spandabelrig is. Die bevrediging van die mens se eie begeertes en hebsug word die maatstaf vir die goeie lewe en die doel van die mens se bestaan. Sosiale instellings soos die kerk kan in hierdie milieu sy eiesoortige karakter en beginsels verloor (Kruger en Hofmeyr 2009a:138). Jaap Durand (2002:58,59) is van mening dat daar ’n nuwe geslag lidmate in die NG Kerk is wat anders as hul voorgeslagte die effek van versnellende globalisering en die sekulariserende gevolg van ’n pluralistiese samelewing beleef. Persoonlike geluk, sukses, voorspoed, privaatheid en hul reg as individue is hul belangrikste prioriteite. Die gevolg hiervan is ’n sogenaamde ‘privatisering’ van die godsdiens waar die kerk ook nie meer as die beskermer van absolute etiese waardes beskou word nie. Durand (2002:60) beskryf hierdie tydsgees met die volgende woorde:

---

[9] Vir die doel van hierdie studie word die term “postmodernisme” gebruik soos beskryf deur teoloë van die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die NG Kerk in die Vrystaat in Oktober 2000. Hiervolgens spruit postmodernisme uit die oortuiging dat modernisme misluk het met sy klem op die superioriteit van akkurate kennis, die menslike rede en ’n beter wêreld vanweë wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang. Rassisme, sosiale ongeregtigheid en seksisme hou ook direk verband met die modernistiese verabsolutering van die mens en sy vermoëns. Vir die postmoderne mens is onsekerheid ’n wesenlike deel van die mens se bestaan, en lei hierdie skeptiese werklikheidsbeskouing dat’n geloof van één God en één waarheid uitgedien is. Aldus die Kommissie kan postmodernisme breedweg omskryf word as “’n lewenshouding en ’n wêreldsbeskouing wat ontnugter is met die modernisme en radikaal nuut dink oor die mens, sy omgewing, waarheid en die rol van moraliteit in die samelewing” (Webadres: www.ngkerkvrystaat.co.za/documents/.../Postmodernisme (17/01/2017).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Eerstens is daar oorgenoeg aanduidings dat, in die algemeen gesproke, Afrikaners weinig moeite ondervind om by ’n meer sekulêre openbare lewe aan te pas. Enige passie om te streef na enige vorm van Christelikheid, selfs moraliteit, in die openbare lewe ontbreek opsigtelik. Tweedens is daar ’n sterk nuwe bewussyn van individuele vryheid. Die algemene gevoel is dat die ou, outoritêre manier om morele en ander gedrag voor te skryf, sy geldigheid verloor het en dat die individu – die individuele gelowige en kerklidmaat ingesluit – sy/haar eie arbiter is in sake van geloof, godsdienstige praktyke en morele gedrag.

Volgens Heyns (1969:7-9) in sy boek *Sterwende Christendom?* is daar ’n intieme band tussen die teologie en die tydsgees aangesien die teologie nie losgemaak kan word van die tyd waarin dit bestaan nie.

Die opstel van ’n nuwe Grondwet vir Suid-Afrika asook ’n oop en veranderende internasionale orde, het gesorg dat die sogenaamde ‘Nuwe’ Suid-Afrika ook deel word van ’n nuwe tipe orde. Hiermee saam was daar ’n groeiende internasionalisering van kennis, tegnologie, waardes en kultuur. Hierdie plurale en pragmatiese samelewing plaas ook die NG Kerk voor nuwe uitdagings soos duidelik blyk uit die agendas van sinodevergaderings sedert 1990. Homoseksualiteit, skrifgesag en die kerk se gereformeerde karakter word meer as een keer ’n besprekingspunt, so ook die Nuwe Hervorming, kerkloosheid, die NG Kerk se identiteitskrisis en tendense in kerkbywoning (Kruger en Hofmeyr 2009a:142). Van Niekerk (2005:7) verwoord dit soos volg:

> Ons beleef ’n oorgangstyd van ongekende onsekerheid. Terwyl ons sukkel om die apartheidsalbatros af te skud (en dit erken) tref sekularisasie ons samelewing, en worstel ons met die openlike kritiese bevraagtekening van tradisionele geloofswaarhede. Die leierskap moet te midde van hierdie onsekerhede oriëntasie bied en selfs identiteit bemiddel. Intussen ding ons op die godsdiensmark mee sonder dat hierdie kerke en bewegings se verlede aan die groot klok gehang word. Gerieflikheidshalwe neem talle van hulle ook nie graag standpunt in oor etiese verknorsinge van ons tyd nie.

Vanweë die hedendaagse mens se pragmatisme verdwyn sy toewyding aan outoritêre strukture en sy verbintenisse word deur keuses bepaal. Gevolglik het die kerk se mening oor byvoorbeeld homoseksualiteit en die huwelikskultuur nie meer so ’n sterk invloed op die mens nie (Kruger en Hofmeyr 2009a:142). As gevolg van die impak van die postmoderne era en die effek van sekularisasie ontstaan die vraag of godsdiens as sulks nog lewensvatbaar is (Brauer 1989:209). In die ‘Nuwe’ Suid-Afrika is daar beslis minder godsdiens en godsdienstige aansprake in die openbare terrein en die NG Kerk moet dus aanvaar dat die Christelike etiek al hoe minder deel vorm van die burgerlike samelewing. Sekularisasie het

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die mens losgemaak van vroeëre norme en waardes waarvan baie Bybels gefundeerd was (Kruger en Hofmeyr 2009a:143).

Volgens Robert Heilbroner word die hedendaagse samelewing gekenmerk deur twee belangrike realiteite naamlik die akkumulasie van rykdom en mag, en die uitruiling van kommoditeite (Meeks in Kruger en Hofmeyr 2009a:143). Die vinnig-veranderende voorkeure en behoeftes van mense is dikwels bepalend vir besigheidsbelange (Stackhouse 1995:31). Selfs die kerk se rol verander en kerke raak "effektiewe bemarkers van geestelike verbruikerskommoditeite en dienste" (Van der Walt 1999:114). Die kerk se 'sukses' word bepaal deur of die individu se behoeftes bevredig word in die erediens en as lidmaat. Die Algemene Sinode het selfs in 2004 opdrag gegee dat die Diensgroep vir Gemeente-en-Bedieninge navorsing moet doen oor die kwessie dat lidmate van NG gemeentes ander kerke se bedieningstyle aantreklik vind. Die vraag kan dus gevra word wat die NG Kerk kan doen om sélf die behoeftes van sy lidmate aan te spreek − wat dus die tipiese taal van die verbruikersamelewing is (Kruger en Hofmeyr 2009a:144).

> Daar is 'n relasie tussen die geskiedenis van die NG Kerk en dié van die breër Suid-Afrikaanse samelewing. Die kerk staan nie los van die ruimte en die tyd waarin dit bestaan nie. Wat die polities-kulturele situasie betref, is aangedui dat die NG Kerk en die apartheidsregering intiem betrokke was by mekaar en dat die wedersydse beïnvloeding daartoe bygedra het dat die apartheidsteologie ontwikkel het. Resente veranderinge veral sedert 1990 op polities-kulturele gebied het ook 'n era van verdere transformasie vir die NG Kerk ingelui ten opsigte van sy polities-kulturele rol in Suid-Afrika. Transformasie in die NG Kerk is egter nie alleen op polities-kulturele gebied nie, maar hou ook verband met die interne kerklike situasie soos die kerk se identiteit, sy teologisering, sy rol in die samelewing, eietydse kerkwees en so meer. Baie van die veranderinge is vervleg met die tydsgees wat deur 'n verandering van wêreldbeskouings (paradigmas) as denksisteme gekenmerk word. Suid-Afrika beleef ook die effek van wêreldwye prosesse van transformasie as gevolg van die invloed van die postmoderne denksisteem. Sekularisasie en die marksamelewing bied geweldige uitdagings aan die kerk (*ibid*).

Hofmeyr (2002:13) meen dat die lewensbeskouing van die moderne tyd, met reëls en regulasies en vaste antwoorde op vrae, verby is. Die NG Kerk, sy lidmate, asook ander Suid-Afrikaanse burgers, leef steeds in 'n tyd van groot onsekerheid en onstabiliteit as gevolg van die postmodernistiese houding dat elke mens 'n selfstandige individu is met sy of haar eie opinies. Nogtans bied die postmoderne tyd aan die mens 'n kans om weer die NG Kerk as instelling te waardeer en hom-/haarself as spirituele wese te erken. Verder kom die mens tot

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die besef dat hy/sy nie God kan beskryf of omskryf nie. "Hy wat weet dat hy min van God weet, ken God dalk die beste" (Hofmeyr 2002:14).

2.3 Die ontstaan van Suid-Afrikaanse orrelspel as kerktradisie

In baie Suid-Afrikaanse dorpe en stede was die orrel 'n belangrike hoeksteen vir kulturele aktiwiteite in die 19de eeu. Van so vroeg as 1806 is pyporrels ingevoer na Suid-Afrika uit Amerika en Europa, wat Engeland ingesluit het (Troskie 2013:83). Voor die ontstaan van konsertsale in die 18de en 19de eeu het orrel-, koor- en oratoriumuitvoerings dikwels in kerke plaasgevind met die orrel as middelpunt. As gevolg van besoekende musici en die ingevoerde orrels, het die Europese musiekkultuur deel geword van die Suid-Afrikaanse samelewing. 'n Groot hoeveelheid musici, waarvan die meeste orreliste was, het hulself in Suid-Afrika gevestig as onderwysers, komponiste, dirigente, uitvoerende kunstenaars, kerkmusici en orrelbouers en sodoende 'n belangrike rol gespeel om die Europese musiekkultuur hier te vestig. Dit het aanleiding gegee tot die vestiging van Suid-Afrikaanse orrelbou-firmas wat orrels gebou het in die Europese orrelbou-tradisie vanaf ongeveer 1948. Gevolglik beskik Suid-Afrika oor uitstekende historiese orrels (ingevoer uit Europa) sowel as meer moderne orrels (met sterk Europese invloede) wat plaaslik gebou is. Ongelukkig word daar die afgelope jare minder nuwe orrels gebou, veral aangesien die installering van 'n pyporrel en ook die instandhouding daarvan vir baie gemeentes dikwels onbeskostigbaar geraak het (Troskie 2013:83,84). Nuwe tendense in die kerk het ook 'n invloed op die bou van nuwe orrels en hierdie saak sal later meer volledig bespreek sal word. Troskie beskryf die bydrae van die pyporrel tot die musiekkultuur van Suid-Afrika as volg:

> Die pyporrel – self 'n produk van ons Europese erfenis – het gedurende die afgelope 200 jaar 'n kardinale rol gespeel as die draer van ons Westerse musiekkultuur. As sodanig sou ek dit bestempel as die spilpunt waaromheen musiekbeoefening in baie vroeë Suid-Afrikaanse gemeenskappe gedraai het. Tallose beroemde Europese orreliste, pianiste, violiste en sangers het sedert ongeveer 1850 na Suid-Afrika gereis en uitvoerings gegee. Daar was 'n noue kulturele verband met Europa. Die orrel as solo- maar ook as begeleidingsinstrument by koorkonserte en in kerkdienste het luisteraars met die standaard-orrelrepertoire vertroud gemaak en hulle so deur middel van transkripsies met ander Westerse kunsmusiek in aanraking gebring (Troskie 2013:89).

Met die voortdurende stigting van nuwe gemeentes, veral gedurende die eerste dekades van die 20ste eeu, het die behoefte aan pyporrels toegeneem. Die Gereformeerde Kerk het bewus

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geword van die feit dat ’n goeie kerkorrel van kardinale belang is en heelwat gemeentes wou graag hul harmoniums of ouer orrels vervang. Volgens Troskie (1992b:49) het daar ook ’n “algemene kulturele bewuswording” onder die Afrikaners plaasgevind ten opsigte van orrel- en kerkmusiek. Orrelboufirmas soos Cooper, Gill & Tomkins, Jan Elsenaar (bekend as Protea orrelbouers sedert 1992), R. Müller, Jan Pekelharing, Heinrich Schaffrath, Suid-Afrikaanse Orrelbouers (SAOB), Wattel & Seuns (Suidelike Orrelbouers), Jan Zielman en ander het in die 20ste eeu vir ’n volwaardige orrelboukultuur in Suid-Afrika gesorg (Troskie 1992b:49,58-91).

Orrelonderrig vir kerkorreliste is in die eerste drie dekades van die 20ste eeu óf deur privaat persone óf aan ’n musiekinstansie soos die Konservatorium op Stellenbosch aangebied. Aangesien hierdie onderrig dikwels slegs ’n jaar of twee geduur het, was die sukses daarvan beperk. Volgens prof Gawie Cillié (1980:15) het orrelopleiding eers ná die stigting van Musiekdepartemente by die Afrikaanse universiteite op ’n “redelike” standaard gekom.

Prof F.W. Jannasch (1853-1930), musiekpedagoog, koor- en orkesleier, orrelis, kerkmusiekkenner en medestigter van die *SA Conservatorium of Music* in 1905, was die eerste Direkteur van die Konservatorium op Stellenbosch. Kerkmusiek en spesifiek die kerkkoor het hom na aan die hart gelê. Hy het geglo die koor moet ’n integrale deel uitmaak van die erediens en bydra om die gemeentesang te verbeter. Voorts het hy hom beywer om die Afrikaners te oortuig dat hulle ’n besondere kerk-musikale skat besit in die vorm van hul *Psalm- en Gesangboek* wat gesing en ook bewaar moet word. Die Stellenbosch Moedergemeente het bekend geword vir sy lewendige en inspirerende sang, veral nadat Jannasch die kerkliedere weer met “kort en lang note” laat sing het volgens die oorspronklike ritmes van die ou psalmmelodieë, wat vir hom ’n saak van erns was (Van der Westhuizen 1981:15-17).

Prof Maria Fismer (1889-1953) is in 1935 aan die Konservatorium aangestel en word dikwels beskryf as die vrou wat die grootste invloed op musiek in Suid-Afrika uitgeoefen het. Die Konservatorium het tydens haar direkteurskap die grootste opleidingsentrum vir orreliste geword. In 1935 was daar een kerkorrel en twee oefenorrels, maar ná haar aftrede in 1952, was daar drie kerkorrels en ses oefenorrels in gebruik deur die ongeveer tagtig orrelstudente. Sy het die kursus *Diploma vir Kerkorreliste* ingestel wat die volgende ingesluit het: koorleiding, liturgie, kerkmusiekgeskiedenis, orrelbou, instudering van geskikte

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

erediensmusiek, improvisasie en gesangboekkunde. Van haar bekendste studente was proff Maarten Roode, David Roode, George van der Spuy, Pieter de Villiers, Richard Behrens, Hennie Joubert en Stephanus Zondagh (Van der Westhuizen 1981:18).

Gawie Cillié (1910-2000), wat professor in Wiskunde by die Universiteit van Stellenbosch was, het as orrelis van die Moederkerk van 1939 tot 1964 voortgebou op die werk van sy leermeester Jannasch wat in 1930 oorlede is. Dit het ’n paar jaar geduur voordat daar werklik bekwame mense in Jannasch se plek as orrelis en orreldosent aangestel is. Twee van sy mees begaafde studente, proff Maria Fismer en Cillié, het met groot onderskeiding hierdie rol vervul.

> Die kerkkoor het weer herleef en gereeld by beide oggend- en aanddienste opgetree en leiding aan die gemeentesang gegee. ’n Luisterryke fees is gereël vir die ingebruikneming van die eerste Afrikaanse Kerksangbundel in 1945. Die kerkkoor het gereeld uitvoerings gelewer van Bachkantates en -passiemusiek, kersliedere, eie kantates (waaronder ’n opdragwerk by die inhuldiging van Suid-Afrika se eerste Staatspresident in 1961) en ander groot werke. Hy was die stigter en koorleier van die Kweekskoolkoor in 1946 en het tot in 1951, en weer in die sewentigerjare, met dié koor landswye toere onderneem en by groot feesgeleenthede opgetree om sodoende die Gereformeerde Kerklied uit te dra. Die skrale Afrikaanse kerkkoorrepertorium het hy uitgebrei met vertalings en eie komposisies. Talle kerke in Suid-Afrika het orrels wat deur hom ontwerp en ingewy is (*ibid*).

As gevolg van sy passie vir kerkmusiek het Cillié met radio-uitsendings, openbare lesings, artikels in tydskrifte en dagblaaie mense probeer oortuig dat die kerkliederfenis bewaar moet word, asook van die behoefte dat die *Afrikaanse Kerksangbundel* (1944) musikaal hersien moet word. Cillié was ’n medewerker van die *Koraalboek vir Psalms en Gesange* (1956), lid van die hersieningskommissie van die Psalm- en Gesangbundel en mederedakteur van die gesange in die *Koraalboek vir Psalms en Gesange* (1978) (Van der Westhuizen 1981:19).

Vir Prof George van der Spuy, hoof van die Konservatorium vanaf 1952 tot 1960, asook orrel- en sangdosent, was die tradisie van opleiding in kerkmusiek belangrik. Proff Richard Behrens en Chris Swanepoel het na hul studie in Frankfurt onder die beroemde orrelis en pedagoog Helmut Walcha (1907-1991) nuwe dimensie verleen aan orrelonderrig by die Konservatorium. Ná die Tweede Wêreldoorlog was daar ’n “herontdekking” van die Barokorrel, -literatuur en -speelwyses in Europa. Behrens, wat vanaf 1961 direkteur van die Konservatorium was, het deur sy toedoen daarin geslaag dat die Duitse koorleier, prof Kurt

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Thomas, reeds in 1956 en 1959 koorleidingskursusse in Stellenbosch aangebied het wat koorsang asook kerkkoorsang in ’n nuwe rigting gelei het ten opsigte van stembou en ook literatuur. Die nuwe Konservatoriumgebou, wat in 1978 ingewy is, is grootliks te danke aan Behrens se insette en toewyding. Uitstekende voorsiening is gemaak vir orrelonderrig met ’n kerkmusiek-ateljee met ’n tweemanuaal Paul Ott-orrel, ’n driemanuaal Marcussen-orrel in die Endlersaal, asook ses meganiese oefenorrels (Van der Westhuizen 1981:19).

Elders in die land is ook instansies in die lewe geroep vir die opleiding van orreliste en hul agtergrondkennis van musiek. In 1954 is ’n Kerkmusiekskool in Krugersdorp gestig, met Willem Mathlener as hoof tot 1960, nadat die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1951 die *Raad vir Kerkmusiek* in die lewe geroep het. Dit het gelei tot die stigting van die Konservatorium vir Musiek in Pretoria waar Mathlener vanaf 1960 tot 1983 direkteur was. Buiten onderrig in orrel as praktiese instrument, sang, klavier en skoolmusiek, was dit teen 1970 moontlik om onderrig te ontvang in feitlik elke soort orkesinstrument by die Konservatorium (Van der Walt 2014:20,21). Onder die leiding van Mathlener is daar in Pretoria gereeld kantates en ander geestelike werke uitgevoer soos die Johannes- en Mattheuspassies van J.S. Bach. Mathlener was onder andere verantwoordelik vir die instel van orreleksamens deur die *Raad vir Kerkmusiek* – ’n kwalifikasie vir orreliste wat voldoen het aan die vereistes van die Nederduitsch Hervormde Kerk – en die aanbied van verskeie kursusse om die standaard van orrelspel en gemeentesangbegeleiding te verbeter. Hy het riglyne daargestel vir die diensvoorwaardes van orreliste en ongeveer 200 orrels ontwerp en ook toesig gehou tydens die installering daarvan. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het in 1989 aan Mathlener ’n erepenning oorhandig vir sy bydraes tot die musieklewe van Suid-Afrika op die terreine van musiekopleiding, kerkmusiek en orrelontwerp (Troskie 1989:41,42).

By die orrelafdeling van die Departement Musiek aan die destydse Universiteit van die Oranje-Vrystaat was prof David Roode en Oliver Karstel verantwoordelik vir die eerste onderrig in orrel vanaf 1946. Die eerste orrel waarop les gegee is, was ’n Walcker-orrel met pneumatiese aksie en twee Würlitzer-orrels het as oefen-instrumente gedien. Die orrelpersoneel moes verder uitgebrei word met die aanstelling van Gerhard Koornhof in 1953, Miranda van Tonder in 1958, Berna Cloete in 1959 en Dolly Heiberg in 1961. In 1977 is die beplande musiekgebou voltooi waarin voorsiening gemaak is vir ses orrelateljees. Vier meganiese orrels is in 1978 en 1979 aangekoop. Kerkorrelstudie, kerkmusiekgeskiedenis,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

orrelboukunde, kerkkoorleiding, liturgiek en himnologie was vakke wat vereis is vir die Kerkorrelistediploma. Vanaf 1977 tot 1981 was daar gemiddeld 60 orrelleerlinge per jaar vir hoofvak, byvak en ekstra vak, wat bevestig dat hierdie jare ’n bloeitydperk vir orrelstudie was. Teen 1981 het die Departement Musiek oor nege orrels beskik (Lamprecht 1982:41,43-45).

Prof Gerrit Olivier (2008:5) skryf dat daar bestendige beroepsmoontlikhede was vir afstuderendes met orrel as praktiese instrument, aangesien vakatures vir musiekonderwysers in die destydse Vrystaat- en Kaapprovinsies meestal as volg geadverteer is: “Die suksesvolle kandidaat kan ook aansoek doen vir die orrelpos van die plaaslike gemeente.”

> Hierdie ongehinderde wisselwerking tussen kerk en skool het verder ook ’n heilsame uitwerking gehad op die verhouding tussen kerk- en skooljeug. Gewyde musiek was deel van die normale *repertoire* van die meeste skoolkore en Psalms en Gesange is met net soveel geesdrif in die kerk as die skool gesing, al was die liedrepertorium soms beperk. Die meerderheid liedere is gewoonlik uit die hoof gesing, selfs deur laerskoolkinders in die junior grade (Olivier 2008:5).

Die situasie lyk egter vandag aansienlik anders, aangesien gegradueerdes nie meer noodwendig die vooruitsig het van ’n voltydse musiekpos nie en nog minder ’n orrelpos wat nie-amptelik daaraan gekoppel is nie. Hedendaagse koste verbonde aan opleiding, asook die behoefte in baie gemeentes aan alternatiewe begeleiding, het gelei tot die steeds dalende getal musiekstudente wat orrel as praktiese vak neem. Heelwat kerkorreliste het die afgelope jare hul opleiding deur middel van privaatonderrig ontvang. Die bywoning van SAKOV-streekkursusse wys dat hulle egter steeds probeer om hul kennis en vaardighede uit te brei. In ’n veranderende kerkmusiekmilieu moet die kerkorrelis nou ook dikwels in kontemporêre style op die klavier kan begelei en verwerkings vir die beskikbare instrumente in die gemeente kan maak (Olivier 2008:6).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.4 Veranderinge in die kerkmusiek van die NG Kerk sedert 1980

> Teen die 1950s was die pyporrel reeds as die eksklusiewe kerkinstrument in die meeste gereformeerde kerke in Suid-Afrika gevestig, veral in die sogenaamde drie susterskerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Inteendeel, die Afrikaanse erediens was sinoniem met orrelbegeleiding. Die orrelis was alleen verantwoordelik vir die musikale inkleding van die erediens en daar is slegs uit amptelike liedbundels gesing (Vermeulen 2015:11).

In die eerste uitgawe van *Vir die Musiekleier* in 1980 gee Cillié sy siening van die rol van die orrel en die koor in die erediens van daardie tyd. Cillié (1980:15) skryf dat die "orrelmusiek geen betekenis of selfs 'n steurnis kan wees as dit nie ten nouste aansluit by die res van die handelinge in die diens nie," en dat koraalvoorspele en koraalvariasies wat gebaseer is op die liedere in die erediens van die dag die ideale musiek is vir die voor-, tussen- en naspele. Die gemiddelde kerkganger moet die lied herken, want dit is nie die melodie wat hom/haar moet aangryp nie, maar die woorde van die lied. Die erediens sentreer om die Woord en nie die musiek nie. Dit is dus noodsaaklik om die erediens saam met die predikant te beplan. Cillié (*ibid*) skryf verder:

> Ons orreliste het 'n geweldige opvoedingstaak in hierdie verband. Ons moet eerstens die grote gros van kerkgangers oortuig dat strelende "unterhaltungs"-musiek nie tuishoort in die kerk nie. En hoe moeilik die taak gaan wees, het ons geleer met ons pogings om weg te doen met die troumarse. Baie lidmate – en helaas predikante ook – wil maar nie die waterdigte argumente – liturgies en musikaal – aanvaar dat die mars nie tuishoort by 'n huweliksdiens nie. Maar die lewe het my geleer dat as jou argument suiwer is, en jy stel dit beskaafd en met oortuiging, dan wen dit uiteindelik. Ons argumente vir ware kerkmusiek is so goed gefundeer, dat as ons as orreliste saamstaan, en sonder om kwetsend te wees ons saak stel, die verhewe doel bereik sal word, al is dit nie in ons leeftyd nie.

Die kerkorrel was in daardie stadium die enigste instrument vir die begeleiding van die gemeentesang in die NG Kerk en daarom moes dit volgens Cillié 'n "redelike vol klank hê wat die kerkgebou vul," met verkieslik 'n goeie bas – soos 16' pype vir die pedaal – en helderheid wat verkry word deur die byvoeging van 'n mikstuur-register. Die pneumatiese aksie van sommige orrels in die kerke is vanaf ongeveer 1930 dikwels vervang deur elektro-magnetiese aksie wat 'n vinniger aksie en geriefliker wisseling van registers tot gevolg gehad het (Cillié 1980:16).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar was in die tagtigerjare ’n neiging onder orrelbouers en adviseurs na die meganiese aksie van die Barokorrel, maar Cillié het sy besorgheid oor hierdie tendens uitgespreek. In die eerste instansie was die feit dat die speeltafel vas aan die orrel is problematies wanneer die kerkkoor moet optree en die orrelis van die orrel af moet dirigeer én begelei. Tweedens het hy dit betwyfel dat plaaslike orrelbouers oor die nodige kennis en ervaring beskik, óf die nodige materiale in Suid-Afrika het om meganiese orrels te kan bou, in die lig van die feit dat die ingevoerde Marcussen-orrel in die Endlersaal, Stellenbosch, byvoorbeeld meer gekos het as die hele kerkkompleks van die Universiteitsoord-gemeente in Pretoria (Cillié 1980:16).

In teenstelling hiermee skryf prof Henk Temmingh in die tweede uitgawe van *Vir die Musiekleier* in 1981:

> As ’n laaste ellende moet stellig genoem word van die uitvinding van die pneumatiese en elektriese aksies (en kombinasies daarvan), wat die orrelis darem baie drasties van sy instrument skei. Dié ontwikkeling het dit nou moontlik gemaak om die pypwerk hier en die speeltafel daar ánderkant op te stel. Baie van ons vind dit vandag al normaal; maar het u al gedink hoe Yehudi Menuhin byvoorbeeld sou voel as hy hier op ’n paar snare staan en stryk, terwyl die klank heeltemal op ’n ander plek uitkom? Net soos alle instrumentaliste het die orrelis ook die reg om intieme beheer oor sy speeltuig uit te oefen – en daardie beheer is slegs met die eeuelank-beproefde, meganies-beheerde sleeplaai (toonkanséllaai) moontlik (Temmingh 1981:45).

Na Temmingh se mening is die orrel in die kerk eerstens ’n begeleidingsinstrument en is die Neo-Barok orrel met sy “vol, helder en duidelik omlynde klank” die geskikste vir hierdie doel. Hy reken dat feitlik alle musiek wat gepas is in die erediens die beste tot volle reg kom op hierdie tipe orrel, aangesien die kerk nie ’n konsertsaal is waar byvoorbeeld werke van Franck of Messiaen gespeel moet word nie (Temmingh 1981:48). Indien iemand ’n uitvoering wil gee waar die orrel in die plaaslike kerk die enigste beskikbare instrument is, sal daar wel standaardrepertorium op ’n Neo-Barok orrel gespeel moet word, by wyse van spreke.

In die vroeë tagtigerjare was die kerkkoor ’n gegewe in baie gemeentes en het gereeld deelgeneem aan die erediens asook by spesiale geleenthede soos nagmaal, Paasdienste, Kerssangdienste en so meer. So byvoorbeeld het die Universiteit van Stellenbosch se Studentekerkkoor, onder leiding van Pieter van der Westhuizen, groot aansien geniet onder studente en kerkgangers met hul weeklikse optrede Sondagaande in ’n volgepakte Studentekerk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wat die kerklied betref was die praktyk in die Afrikaans-gereformeerde omgewing dat kerkmusiekhistorici, praktiserende musici met kerkmusikale agtergrond en himnoloë besin het oor watter liedere gepas was om ingesluit te word in die sangbundels van die kerk soos byvoorbeeld uitgegee is in 1945 (*Koraalboek*), 1978 (*Koraalboek vir Psalms en Gesange*) en 2001 (*Liedboek van die Kerk*). Sulke kerkmusiekkommissies is aangewys deur die Sinode van die NG kerk wat die laaste sê gehad het oor die saak (Grové 2006:21). Prof Izak Grové (2006:22) meen dat dit egter nie in die praktyk so uitgewerk het nie:

> Nog voor die NG Kerk se identiteitsomswerwinge sedert die negentigerjare, moes kerkmusici bontstaan om te verduidelik waarom die 1978-Gesangeboek nie genoeg *Hallelluja*-liedere bevat het nie, en waarom Mendelssohn se huweliksmars gesien moes word as ’n monument vir ’n fundamentele afvalligheid en dwaling. Nader aan ons eie tyd het kritiek op die tradisionele kerkmusikale erfgoed feller geword, met die gevolg dat die “amptelike” *Liedboek* vir baie gemeentes nie bestaan nie en is daar ywerig gesoek na “alternatiewe” ... Die NG Kerk het musikaal ’n wildernis van ’n onsamehangende verskeidenheid van voorkeure, praktyke, smake en kulture geword.

Ouer lidmate van die NG Kerk kom uit ’n era waarin die kerk en sy amptenare gesag gehad het met verskeie sinodale voorskrifte oor verskillende onderwerpe, soos die liturgie en liturgiese musiek, om slegs twee te noem. Sommige lidmate het in opstand gekom teen die kerk se voorskriftelikheid wat ’n stille rewolusie en vernuwing tot gevolg gehad het (Swanepoel 2014a:15). Politieke veranderinge in die land het daartoe gelei dat die kerk in ’n mate sy geloofwaardigheid verloor het en van sy tradisionele kerkgangers geïsoleer is (Grové 2006:24). Grové (2006:23) stel dit as volg:

> Aan die een kant is mens geneig om die huidige musikale verwording as ’n onafwendbare teken van ons tyd te sien waaraan niks te doen is nie. Die destydse musiek-arme Calvinistiese tradisie kon nie rekening gehou het met latere globaliseringstendense, en die aansienlike invloed van kommoditeitsmusiek in die 20ste eeu nie, sodat die resulterende musikale leemtes tans met bykans enigiets aangevul word. Die Switserse Protestantse teoloog Karl Barth het reeds in 1938 die geskiedenis van die kerklied getipeer as ’n proses van geleidelike sekularisering.

Slegs ’n dekade nadat Troskie SAKOV in 1980 gestig het om na die kerkorrelis se belange om te sien, het die situasie in die Afrikaanse gereformeerde kerke reeds aansienlik verander. Al hoe meer teenkanting teen die orrel as eksklusiewe begeleidingsinstrument het opgeklink, hoofsaaklik vanweë nuwe strominge in kerkmusiekgeledere wat die kerk-orkes of sogenaamde *worship band* verkies het. Hierdie alternatiewe begeleidingsgroepe was

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aanvanklik meestal tot die aanddienste beperk. Gedurende die tagtigerjare het groot meningsverskil en tweespalt ontstaan tussen belangegroepe in die soeke na die "geskikste" kerkmusiekstyl, waarna dikwels verwys is as die sogenaamde *worship wars*. Orreliste het hulself dikwels onthul as onbuigsaam wat betref hulle musiekbehoeftes en -styl en die erkende kerkmusiek, wat tot dusver die norm was, as die enigste aanvaarbare kerkmusiekstyl beskou (Vermeulen 2015:6,10).

In heelwat gemeentes was/is die voorgestelde oplossing om twee oggenddienste met verskillende aanbiddingstyle te hou – een waarin die orrel eksklusief gebruik word met *Liedboek*-liedere en wat as "tradisioneel" of "konserwatief" beskryf word, en 'n ander erediens met die kerk-orkes of *worship band* wat byvoorbeeld Engelse en Afrikaanse *gospel* liedjies sing en CDs speel tydens kollekte, voor en/of na die diens. Volgens Grové (2006:24) berus die gewildheid van die populêre musiek in die kerk eintlik op die stilistiese "andersheid" van hierdie liedjies as die tradisionele kerkmusiek, en is die "resepmatigheid" daarvan nie eietyds nie, maar afkomstig van populêre strominge van die sewentigs. Indien hierdie musiek aan kriteria vir kunsmusiek gemeet word, sal dit moontlik die volgende beskrywings ontlok: "strelend, onoorspronklik, eendimensioneel, ongekompliseerd, musikaal oppervlakkig" en so meer. Hy is van mening dat dit onmiddellike effek nastreef en aansluit by 'n algemeen bekende raamwerk van idees. Volgens die hoofstroom-gemeentelid is dit dus geen rede om 'n lied te moet sing net omdat iemand dit as "goed" beskou nie (Grové 2006:25,26).

In baie gemeentes is die orrel nie meer vandag die enigste begeleidingsinstrument nie, maar Isabeau Swanepoel (2014a:101) het bevind dat die aanpasbaarheid van die orrel as die belangrikste eienskap van hierdie instrument beskou kan word. Die funksionele orrelis ervaar geen beperking op die atmosfeer, stemming, klankvolume of spiritualiteitstipe wat met die orrel geskep kan word nie. Swanepoel se mening is dat die orrel "die enigste instrument [is] wat al hierdie moontlikhede bied en is daarom uitermate geskik vir die posisie van instrument van voorkeur vir eredienste". Enige behoeftes van die gemeente ten opsigte van liturgiese musiek kan deur die orrel met simfoniese instrumente of instrumente van die *band* gekombineer word. Volgens vraelyste wat sy uitgestuur het as deel van haar ondersoek, blyk dit dat die orrel minder gebruik word vir informele liedere, aangesien die klavier of klawerbord verkies word saam met die *band.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

’n Moontlike oplossing is die gebruik van die orrel en die kerk-orkes in dieselfde diens wat bekend geword het as *blended worship* (konvergensie-dienste). Die groot voordeel van hierdie samevoeging van verskillende musiekstyle is dat die gemeente weer as ’n eenheid funksioneer, aangesien die aparte dienste neig na ’n “julle en ons” gevoel. Verder word lidmate wat nooit die orrel in die “informele diens” sou hoor nie, daaraan blootgestel en ontwikkel hopelik ’n meer positiewe ingesteldheid daaroor. Dit is belangrik dat daar goeie samewerking tussen leraar, orrelis en musiekleier moet wees om sodoende die verskillende musiekstyle suksesvol af te wissel (Swanepoel 2014a:93). Dit is egter van kardinale belang dat die orrelis die regte ingesteldheid moet hê om hiervan ’n sukses te maak sodat daar nie ’n verdere afname in die vraag na die orrel is nie. Grové (2006:28) wys op die probleem van die onoorbrugbare afstand tussen die orrelis se agtergrond en skoling, en dié van die amateur-orkeslede in die kerk.

Vermeulen (2015:7,10) is van mening dat gelowiges meer inklusief moet dink, aangesien dit nie die pyporrel óf die musiekbedieningsgroep moet wees nie. Hy skryf die volgende:

> Daar bestaan ’n opvatting dat die orrel nie vir die uitvoer van kontemporêre musiek geskik is nie. In die orrelis se opleiding is daar min tot geen blootstelling aan ander musiekstyle as juis Westerse kunsmusiek nie. Tog ... het orrelmusiek aangepas by die musiekstyl en -behoeftes van die dag: van die monofoniese dreunsang in die Middeleeue tot die romantiese sonates tot die atonale klanke van Messiaen se musiek (Vermeulen 2015:9).

Kerkgangers het klaarblyklik verskillende behoeftes wat betref musiek in die kerk (soos navorsing oor spiritualiteit[10] toon dat die klassieke orrelstyl nie almal aanspreek nie) en indien gewyde of sekulêre musiek hom/haar nader aan God bring is die doel bereik. Die hedendaagse orrelis het dus ’n grootse plig om die orrel vernuwend te gebruik tydens die erediens. Swanepoel (2014a:103) het bevind dat die orrelis grootliks verantwoordelik is vir die sukses van die gemeentesang en het ook ’n positiewe ingesteldheid en entoesiasme by orreliste ervaar ten opsigte van orrelmusiek en gemeentesang in die hedendaagse NG Kerk.

[10] Sien I.L. Swanepoel se tesis getiteld *Die effektiewe benutting van die orrel in die liturgie van die hedendaagse Nederduitse Gereformeerde Kerk* (2014).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

Albert Troskie

3.1 Biografiese oorsig

Albertus Jacobus Johannes Troskie[11] is gebore in Adelaide in die Oos-Kaap op 7 Oktober 1942. Hy het op sewentienjarige ouderdom met orrellesse begin by 'n blinde musiekonderwyseres, Nellie Vosloo, wat ook vir sy klavieronderrig verantwoordelik was. Volgens Troskie het die kerkkoor van die NG Gemeente Somerset-Oos, waarvan hy as kind al lid was, 'n belangrike rol in sy vorming as musikus gespeel, asook die orrelis van die gemeente wat hom bekendgestel het aan die musiek van P.K. de Villiers. Nadat hy in 1961 matriek slaag aan Gill-Kollege in Somerset-Oos, begin hy sy BMus-studie aan die Universiteit van Kaapstad met klavier onder Cameron Taylor en orrel onder Roelof Temmingh (senior). As finalejaar-student ontvang hy die Gunther Pulvermacher-prys as beste student in musiekgeskiedenis. Hy behaal die graad BMus asook 'n *Licentiate of the Royal Schools of Music* in orrel in 1965 (Greyling 2004:1).

Na 'n kort periode in 1966 as musiekonderwyser aan die Laerskool Vredelust in Bellville, aanvaar hy sy eerste tersiêre pos op die ouderdom van 24 as junior lektor aan die Universiteit van Port Elizabeth in 1967. Hy voltooi ook in hierdie jaar die graad BMus-Honneurs en in 1969 die graad MMus in orrel uitvoerend en musiekwetenskap by dieselfde universiteit met sy verhandeling *The Musical Life of Port Elizabeth, 1875-1900*. Hy slaag Unisa se Voordraerslisensiaat in orrel *cum laude* in 1968, waarna hy as wenner van die Unisa Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie aangewys word. Hy sit hiermee sy studies in 1969 en 1970 voort in orrelspel en improvisasie onder Cor Kee (Amsterdam, Nederland) en studeer musiekwetenskap en orrelbou aan die Universiteit van Amsterdam. By Kurt Thomas, beroemde Duitse koorleier, doen hy 'n kursus in koordireksie en doen ook navorsing oor die komponis Max Reger in Bonn en Wenen. In 1975 voltooi Troskie sy doktorale proefskrif getiteld *Die koorwerke van Max Reger (1873-1916)*. Na afloop van sy buitelandse studies

[11] Biografiese inligting is hoofsaaklik verkry in die verhandeling van Leon Greyling (2004) en 'n CV wat Troskie aan die navorser beskikbaar gestel het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vestig hy hom in Pretoria waar hy vanaf 1971 tot 1972 lektor, 1972 tot 1976 senior lektor, en 1977 tot 1982 mede-professor en waarnemende departementshoof by Unisa was.

Vanaf 1983 tot 1987 doseer hy by die Universiteit van Port Elizabeth as professor en waarnemende departementshoof, en vanaf 1988 tot 1999 as Hoof van die musiekdepartement, waar hy in die senaatskomitees vir navorsing, biblioteek en eredoktorsgrade dien. Vanaf 1999 tot 2003, na sy aftrede, was hy weer deeltyds verbonde aan Unisa as dosent in musiekwetenskap.

Troskie se onderrigervaring sluit die volgende in: 32 jaar in die dosering van historiese en sistematiese musiekwetenskaplike vakke op voorgraadse en nagraadse vlak naamlik Harmonie en Kontrapunt, Musiekgeskiedenis, Musiekvormleer, Gehooropleiding, Klavier en Orrel prakties, en meer as 25 jaar ervaring as studieleier en promotor vir verskeie Honneurs-, Magister- en Doktorale studente. Verder was hy orreleksaminator vir Unisa en beoordelaar vir Unisa se Oorsese Musiekstudiebeurs-kompetisies, ATKV Koorkompetisies, ATKV se *Prelude* en *Forte* kompetisies en verskeie eisteddfods. Troskie was vir tien jaar (1997-2007) kontinuïteitsbeoordelaar vir die nasionale ATKV *Muziq* klassieke musiekkompetisie en tree nog steeds op as eksterne eksaminator vir Magister- en Doktorale studente. Hy was ook koerantresensent van talle musiekuitvoerings (Troskie 2015:3).

Troskie beklee verskeie bestuursposisies wat die volgende insluit: Ondervoorsitter van die Komitee van Universiteitsmusiekhoofde (1991-1993), Sekretaris van die Oos-Kaapse Werkgemeenskap van die Akademie vir Wetenskap en Kuns (1998-2000), Voorsitter van SAKOV (1980-2000), Redakteur van *Vir die Musiekleier* (1980-1998)[12], Redaksionele keurderspaneellid vir die *Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Akademie* (1996-2001) asook die *SA Musiekwetenskap Joernaal* (1994-1999), Voorsitter van die Suid-Afrikaanse musiekonderwysersvereniging, Oos-Kaap (1996-1999), Voorsitter van die Musici-paneel op die Kommissie van die Psalmhersiening (1991-2001) en een van die drie eindredakteurs by die finale versorging van die *Liedboek van die Kerk* (1997-2001). Verskeie liedere is op sy aanbeveling in die *Liedboek van die Kerk* ingesluit. Vanaf 2009 is Troskie lid van die *VONKK*-kommissie (Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek) wat

[12] Dr Louwrens Strydom was redakteur vir drie uitgawes, Junie en Desember 1986 en Junie 1987, terwyl Troskie met studieverlof was.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aanvullende liedere tot die *Liedboek van die Kerk* uitgee. Hy het orrelharmonisasies vir minstens 30 *VONKK*-liedere gekomponeer en 11 hiervan vir koor verwerk (Greyling 2004:4).

Troskie was as orrelis en koorleier vanaf 1965 betrokke by verskeie NG Gemeentes, onder andere die NG Gemeente Tygerberg, Witbank, Johannesburg-Oos (Irenekerk), Noord-Oos Pretoria en Monumentpark. Vanaf 1983 tot op hede is hy by die NG Kerk Somerstrand in Port Elizabeth werksaam (Greyling 2004:4). Deur die jare het hy tallose orreluitvoerings regoor Suid-Afrika gelewer en ook baie orreluitvoerings gereël as kurator van die Pretoriase Stadsaalorrel vanaf 1975 tot 1982, en ook later van die Veremarksentrumorrel in Port Elizabeth vanaf 1999 tot op hede.

Troskie lewer ’n baie belangrike bydrae tot die ryk orrel- en konsertkultuur in die Nelson Mandela-metropool. Hy skakel elke jaar met die plaaslike munisipaliteit vir finansiële ondersteuning vir die onderhoud van die Veremarksentrumorrel (die grootste orrelstruktuur in Suid-Afrika) en konsertuitgawes. Gevolglik is dit die enigste stad in Suid-Afrika waar orrelkonserte op so ’n gereelde basis plaasvind met die deurlopende finansiële steun van die munisipaliteit. Troskie reël jaarliks ’n Opedag vir skole in die Veremarksentrum waar meer as 1000 leerders ingelig word oor die orrel en musiek in die algemeen. ’n Kerskonsert vind elke jaar onder sy leiding plaas, waartydens die Veremarksentrum gevul word met meer as 1000 luisteraars, en waartydens reeds meer as R150 000 tot op hede ingesamel is vir liefdadigheid. Vir hierdie orrel het Troskie as Sekretaris van die Veremark-orrelvereniging vanaf 1999 tot 2016, nie minder nie as 154 orreluitvoerings gereël (Troskie 2016:onderhoud).

Ook as koorleier het Troskie belangrike bydraes gelewer. Behalwe vir verskeie kerkkore, was hy ook die stigter en dirigent van die Kleinkantatesangers in 1977. Hierdie kamerkoor se fokus was op die uitvoering van Barokwerke waarmee hulle ’n belangrike rol in Pretoria se musieklewe tot 1981 gespeel het en ook verskeie televisie-uitsendings gedoen het. Troskie was ook dirigent van die *Deo Gloria*-mannekoor van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria vanaf 1977 tot 1979 en het ook met hulle tydens verskeie televisie-uitsendings opgetree. Hy was die amptelike orrelis-begeleier van die Oos-Kaapse Kinderkoor vanaf 2004 tot 2014 en het vyf buitelandse toere met hierdie koor meegemaak.

Troskie het landswyd al verskeie referate gelewer by onder andere die SA Musiekwetenskapvereniging, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (hy was jarelank

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sekretaris van die Oos-Kaapse Werkgemeenskap van die Akademie), SA Akoestiek-instituut, Unisa-Middeleeusevereniging, Internasionale Akoestiekkongres in Pretoria, SA Koorvereniging, *British Organ Society*, SAKOV en vele ander kleiner byeenkomste. Hy lewer vyf referate vir die SAUK in 1979 en doen die uitsendings van die SAUK-program *Kom, loof die Heer* in 1983. Troskie het referate oor Suid-Afrika se ryk orrelgeskiedenis gelewer by twee internasionale konferensies, onder andere by die *Diocesan Organ Advisor's Conference* in Reading, Engeland in 1997 en by die *Organ Historical Society* in die VSA in 1994.

Troskie is die skrywer van twee boeke: *Pyporrels in Suid-Afrika* (1992) en *The Pipe Organ Heritage of South Africa* (2010), waarin hy altesaam 237 orrels gedokumenteer het. Drie bundels met koraalvoorspele verskyn uit sy pen: *Liedboekverwerkings vir orrel en koor* (2003), *Liedboekverwerkings vir orrel en koor Vol. 2* (2006) en *Hoor die blye tyding! Verwerkings vir Koor en Orrel Vol. 3* (2016) met altesaam 32 koorverwerkings, 23 koraalvoorspele en vyf orrelinleidings vir gemeentesang.

Troskie was mede-outeur vir die *Musiekwoordeboek/Dictionary of Music* (1973), *Die Tonsymbolik in Regers Chorwerken* (gepubliseer in Wiesbaden, Duitsland, 1978), *Waarom 'n pyporrel?* (1987), *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie* (1980-1986), *'n Geskiedenis van die kerklied in die Afrikaanse kerke* (1982) en *Repertorium Orgelmusik 1150-1998*, *South Africa: Composers, Works, Editions* (1999). Daar het al meer as 50 artikels[13] in akademiese tydskrifte, onder andere *Ars nova* (Unisa Departement Musiekwetenskap), *SAMUS* (Musiekwetenskapvereniging van Suid-Afrika), *BIOS* (*Journal of the British Institute of Organ Studies*), *Musicus* (Unisa Departement Musiek) en *Vir die Musiekleier* (SAKOV) uit die pen van Troskie verskyn (Greyling 2004:5-6).

As uitvoerende orrelis het hy drie CDs uitgegee, naamlik *Grand Organ* (2000), *Liedboekverwerkings vir orrel en koor* (dubbel CD, 2006) en *12 Nuwe Liedboekverwerkings* (2012). *Grand Organ* is opgeneem in die NG Kerk Somerstrand en op die viermanuaal-orrel van die Veremarksentrum. Twee van Troskie se werke, *Op berge en in dale* en *Jesus, bron van al my vreugde*, is volgens Jan Elsenaar (2000:62) in sy resensie hiervan "van die mooiste op die CD". Hy voer aan dat Troskie met sy besondere aanvoeling vir registrasie homself

[13] 'n Volledige lys van die artikels word in Addendum B gelys.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bewys as uitstekende orrelis wat oor die gawe beskik om "die melodie musikaal in verskillende variasies te vertolk". Die werke wat in die Veremarksentrum opgeneem is, is moontlik gekies om die luisteraar insig te gee in die orrel se verskeidenheid van klankvariasie, aldus Elsenaar (*ibid*). Drie CDs van sy eie werke is met sy kerkkoor en gemeente opgeneem naamlik *Hosanna* (2000), *Halleluja! U is heilig* (2004) en *Hoor die blye tyding!* (2016).

Troskie het verskeie bestuurs- en administratiewe hoogtepunte in sy loopbaan by die Universiteit van Port Elizabeth beleef. Onder sy leiding is nuwe akademiese programme vir BMus en nagraadse programme met belangrike nuwe fokuspunte soos musiektegnologie en jazz ontwikkel. Met die instelling van 'n Diploma in Musiekopvoeding en die aanpassing van die BMusEd graad vir volwasse beginners uit die voormalige Departement Onderwys- en Opleidingskole, het hy die leiding geneem in akademiese transformasie by die musiekdepartement, sonder om die normale hoë standaard van BMus op enige wyse te kompromitteer. Met behulp van uitreikaksies in informele nedersettings, oorbruggings-kursusse, uitgebreide kurrikulums en aanvullende onderrig, is daar onder sy leiding uitstekende resultate behaal met die inskakeling van studente uit die agtergeblewe gemeenskappe wat nie enige vorm van musiekonderrig op skool gehad het nie. Daar is veral gefokus op kundigheid soos koorafrigting en koorbeoordeling (Greyling 2004:17).

Tydens die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte se algehele herstrukturering van die tradisionele strukture tot uitkoms-gebaseerde, gemoduliseerde programme met soepel intree- en uittreevlakke in ooreenstemming met die NQF (*National Qualifications Framework*) en soos voorgeskryf deur SAQA (*South African Qualifications Authority*), het Troskie die leiding geneem as hoof by die musiekdepartement. Deur die bemiddeling van Troskie is daar in 1988 'n samewerkingsooreenkoms tussen die Universiteit van Port Elizabeth en die NG Gemeente Somerstrand gesluit. Hiervolgens sou die universiteit die helfte van die nuwe groot opleidingsorrel ter waarde van R350 000 betaal, met dien verstande dat studente vruggebruik het vir lesse en konserte, en die gemeente soos benodig vir eredienste en gemeentesang. Hierdie is 'n sprekende voorbeeld van die optimale benutting van duur fasiliteite. Troskie het in 1995 daarin geslaag om 'n weldoener in Port Elizabeth, mnr Charles Bryers, te oortuig om 'n erflating van R500 000 te skenk, waarmee daar jaarliks beurse aan musiekstudente van die universiteit bewillig word (Greyling 2004:18).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Veremarksentrum se konsertpyporrel, ’n kultuuraanwins wat teen R2,6 miljoen opgerig is en ontwerp is deur Troskie, is gebou in 1999 ná 16 jaar se onderhandelings van Troskie met die Stadsraad van Port Elizabeth. In Mei 2000 is Troskie aangestel as lid van ’n eksterne evalueringspaneel deur die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch en die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van hierdie universiteit. Die doel hiervan was om ondersoek in te stel en aanbevelings te maak oor die akademiese programme en administratiewe bestuurstyl van die Universiteit van Stellenbosch se musiekdepartement (Greyling 2004:18,19).

Troskie het reeds verskeie toekennings ontvang as erkenning vir sy lewenslange bydraes as komponis, kerkmusikus en pyporrel-geskiedskrywing. “Vir ’n uitstaande publikasie in Afrikaans … ’n boek van onskatbare waarde,” ontvang hy in 1997 die Nasionale Rapportryersprys van die Federasie van Rapportryerskorpse vir sy boek *Pyporrels in Suid-Afrika*. “Vir onbaatsugtige diens en ’n besondere bydrae tot die positiewe handhawing en uitbouing van die eiendomlike van die Afrikaner op die gebied van Kerk- en orrelmusiek,” ontvang hy ’n Oorkonde van die Afrikaanse Kultuurraad van Port Elizabeth in 1999. “Ter erkenning van sy groot bydrae tot die bevordering van die Kerkmusiek in Suid-Afrika,” ontvang hy erelidmaatskap en ’n langdienstoekenning van SAKOV in 2002.

“Vir die daarstelling van die gemeente se orrel, vir sy begeleiding en verwerking van kerkliedere en vir sy rol as eindredaksielid van die *Liedboek van die Kerk,*” oorhandig die Kerkraad van die NG Gemeente Somerstrand ’n oorkonde aan hom in 2003. “For leadership in Organ Music, Design, Promotion and Preservation” ontvang hy ’n Spesiale Toekenning van die Nelson Mandela Metropolitan University se Alumnivereniging op 31 Oktober 2013.

3.2 Troskie as orrelkenner en -adviseur

As jong man het Troskie ’n diepgaande studie van orrelbou in Nederland en Duitsland gemaak en het sedert 1972 pyporrels vir verskeie kerke in Suid-Afrika ontwerp en toesig gehou oor die bouproses en installasie as orreladviseur. Twee van sy ontwerpe, onder andere, is die grootste meganiese kerkorrel in Suid-Afrika, dié van die NG Gemeente Somerstrand (1988) met drie manuale, 52 registers en 3591 pype, en die grootste orrelstruktuur in Suid-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Afrika naamlik die orrel in die Veremarksentrum[14] in Port Elizabeth (1999) met vier manuale, 78 basiese registers wat met behulp van uitbreidings tot 93 sprekende registers uitgebrei is en 5508 pype (Troskie 1996:73). Volgens Troskie (2016:onderhoud) lê die Somerstrand-orrel hom na aan die hart en is totaal verskillend van die Veremark-orrel wat ’n groot romantiese orrel is. Hy beskryf die Somerstrand-orrel as meer klassiek met mooi romantiese registers, maar noem dat dit nie as Neo-Barok geklassifiseer kan word nie.

Troskie het die volgende 25 pyporrels ontwerp en was adviseur by die installasie daarvan:

- NG Kemptonpark-Oos 1973
- NG Noord-Oos Pretoria 1974
- NG Rustenburg-Bergsig 1974
- NG Witbank 1974
- NG Vredefort 1975
- NG Vaalrivier, Vanderbijlpark 1976
- Gereformeerde Kerk Krokodilrivier, Brits 1977
- NG Constantiakruin, Roodepoort 1977
- NG Ottosdal 1979
- NG Bethal-Noord 1981
- NG Edleen, Kemptonpark 1981
- NG Faerie Glen, Pretoria 1981
- NG Eldoraigne, Centurion 1981 (laasgenoemde twee orrels is saam geadviseer en beskik oor dieselfde disposisie)
- NG Frankfort 1982
- NG Alberton-Wes 1982
- NG Magalieskruin, Pretoria 1983
- NHK Wapadrant, Pretoria 1984
- NG Port Elizabeth-Wes 1985
- St. Luke’s Metodistekerk, Welkom 1987
- NG Somerstrand, Port Elizabeth 1988
- NG Sherwood, Port Elizabeth 1989

[14] Troskie was die hoof-orreladviseur van die Veremarksentrum se orrel en Chris Dowdeswell was hulpadviseur, terwyl Roy Brown, Japie Roodt en J.H. Pekelharing (snr) en ander plaaslike orrelbouers ook betrek is. Jan Pekelharing van Port Elizabeth was die orrelbouer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- NG Pearston, Port Elizabeth 1997
- Veremarksaal konsertpyporrel, Port Elizabeth 1999.

Troskie (2016:onderhoud) was ook as adviseur by die verbouing en opgradering van minstens 12 pyporrels betrokke. Hy onderstreep die belangrikheid dat die orreladviseur so vroeg as moontlik reeds betrokke moet wees om saam met die argitek te besin oor die plasing van die orrel en die afwerkings in die kerkgebou, met die beste akoestiek ten doel. ’n Erkende formule word gebruik om die grootte van die orrel te bepaal naamlik een register per sekere aantal sitplekke. Hierdie was die situasie in die sewentiger en tagtiger jare, maar ongelukkig het die orrels so duur geword dat daar feitlik geen nuwe orrels meer gebou word nie, aldus Troskie. ’n Nuwe tendens waarby hy tans betrokke is, is kerke wat sluit as gevolg van maatskaplike redes soos byvoorbeeld ontvolking, dit word ’n charismatiese gemeente of ’n ander kultuurgroep vestig hul bediening in die kerkgebou. Die pyporrel word dan verkoop en in ’n ander kerkgebou geïnstalleer. Volgens Troskie bou die Ou en Nuwe Apostoliese Gemeentes nog kerke waar daar ook dan orrels benodig word. In Port Elizabeth word daar tans ’n nuwe kerk vir die Ou Apostoliese gemeente met ongeveer 6000 sitplekke gebou. Die NG Kerk Florida se driemanuaal-orrel wat deur SAOB[15] gebou is en in hierdie nuwe kerk ingebou gaan word, word gestoor terwyl die bouprojek afgehandel word. Troskie is ten nouste by hierdie projekte betrokke.

Troskie se twee boeke, *Pyporrels in Suid-Afrika* (1992) en *The Historical Pipe Organ Heritage of South Africa (*2010), lewer ’n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis en tot die bewaring van Suid-Afrika se historiese pyporrels. Die waarde van hierdie boeke lê daarin dat dit ’n omvattende oorsig gee van die ontwikkeling en die geskiedenis van historiese, sowel as moderne pyporrels in Suid-Afrika. Historiese orrels vorm ’n duidelike verband met die eeue-oue orreltradisie van Europa vanweë hul konstruksie, voorkoms en artistieke kwaliteite. Verskeie ontwikkelingsfases van Europese orrels gedurende die 19de en vroeg 20ste eeue is herkenbaar in soortgelyke voorbeelde van orrels in Suid-Afrika. Die Afrikaner-musiekkultuur is grootliks verryk deur die invoer van pyporrels uit Europa. Hierdie orrels het ’n belangrike rol in die gemeenskap vervul uit ’n musikale, argitektoniese, liturgiese en opvoedkundige oogpunt. Die pyporrel was in vele dorpe en stede

[15] Suid-Afrikaanse Orrelbouers.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die hoeksteen van musiekbelewenis en het sodoende die algemene vlak van musikale ontwikkeling en waardering verhoog (Troskie 2010:xii).

In die Inleiding tot sy boek *Pyporrels in Suid-Afrika* (1992) skryf Troskie die volgende:

> Daar is lank reeds ’n behoefte aan ’n boek oor die pyporrels van Suid-Afrika. ’n Pyporrel spreek baie mense aan omdat dit reeds eeue lank ’n vormende invloed op die gees van luisteraars gehad het, en nog elke Sondag tienduisende kerkgangers stig, bekoor en beïndruk. Vir sommige is daar selfs ’n mate van mistiek aan ’n orrel verbonde.

Volgens Troskie (*ibid.*) vorm ou pyporrels ’n tasbare skakel met die verlede en hierin lê die kultuur-historiese waarde daarvan.

> Die ou orrels weerspieël nie net die musiekopvattings van vervloë dae nie, maar in baie gevalle ook die ekonomiese, maatskaplike en selfs politieke omstandighede wat ten tyde van hul oprigting aan die orde van die dag was. Hulle verdien om in hul oorspronklike toestand gerestoureer en bewaar te word.

In hierdie boek word van al die belangrikste orrels in kerke, skole, huise, teaters en konsertsale vanaf die vroegste tye tot hedendaagse instrumente bestudeer. Hierdie is die eerste oorsigtelike en samevattende studie oor die pyporrel in Suid-Afrika.[16] Dit is egter vanselfsprekend dat al die pyporrels in ons land nie individueel in ’n boek bespreek kan word nie − buitendien regverdig die gehalte van vele van hierdie orrels nie noodwendig om gedokumenteer te word nie. Troskie het die beste instrumente van elke orrelbouer gekies en dit met foto’s en disposisies toegelig wat tot gevolg het dat slegs uitsonderlike voorbeelde van elke tipe orrel bespreek word. Dit sluit eenvoudige 17de-eeuse orrels in wat oorspronklik tydens die Nederlandse bewind aan die Kaap gebruik is, sommige wat later van tyd onder Britse invloed uit Engeland ingevoer is en ook dié wat sedert 1948 (met die stigting van die Suid-Afrikaanse Orrelbouers) tot en met 1992 deur ons plaaslike orrelbouers opgerig is (Troskie 1992b:Inleiding).

[16] Daar is wél verhandelings oor die geskiedenis van pyporrels in Suid-Afrika gedoen, maar hierdie navorsing is beperk tot bepaalde streke soos byvoorbeeld die Wes- en Suid-Kaap of die Vrystaat (Troskie 1992b:Inleiding).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Resensente het onder andere soos volg op die boek gereageer:

> *Pyporrels in Suid-Afrika* bied ’n insiggewende oorsig van die geskiedenis van pyporrels in ons land. Foto’s van ons mooiste pyporrels laat ’n mens wonder hoekom die meerderheid nuwe gemeentes deesdae die onooglike rekenaarorrels verkies – gewis nie omdat hulle beter klink nie! (*Vir die Musiekleier*, 1993:85).

Paul Boekkooi, vir *Insig,* skryf soos volg:

> Elke dan en wan verskyn ’n boek in Afrikaans oor ’n aspek van musiek wat as ware baanbrekerswerk beskou kan word. Só ’n publikasie is *Pyporrels in Suid-Afrika* … Prof Troskie, self ’n vooraanstaande orrelis en een van ons land se bekendste orreladviseurs, se besonder omvattende navorsing het klaarblyklik oor baie jare heelwat van die skrywer se vrye tyd in beslag geneem – om nie eens te praat van die afstande wat hy moes aflê om by spesifieke instrumente uit te kom nie! Die resultaat is ’n buitengewoon leesbare en ryklik geïllustreerde publikasie (*Vir die Musiekleier*, 1993:85).

Prof Izak Grové skryf in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns:

> Troskie se navorsing laat niks te wense oor nie. Alleen die N.G. Kerk as grootste enkele orrelbesitter in die land, word verteenwoordig deur informasie oor meer as 160 instrumente. ’n Kenmerk is die deurlopende kundige evaluering van instrumente, hoflike kritiek, en goed gefundeerde argumentering waar historiese gegewens ontbreek. Die begrip “historiese waarde” verkry spesiale betekenis as ’n mens kennis neem van die feit dat die orrel dikwels ook ’n weerspieëling is van politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede. Alhoewel in lewensduur kwalik vergelykbaar met hulle Europese susters, word ’n mens beïndruk met staaltjies wat die wel en wee van orrels illustreer (*Vir die Musiekleier*, 1993:86).

Buiten die groot hoeveelheid moderne orrels wat vanaf 1970 in Suid-Afrika gebou is, het hierdie publikasie die groot versameling ouer pyporrels aan die lig gebring waarvan heelwat nog in hul oorspronklike toestand, en wat Troskie genoop het om verder navorsing oor hierdie onderwerp te doen. Vanweë sy ander verpligtinge het die navorsing vir sy tweede boek, *Historical Pipe Organ Heritage of South Africa* (2010), 15 jaar geduur. Suid-Afrika is ’n groot en uitgebreide land om veldwerk in te doen, en hy moes duisende kilometers reis om al die orrels te besoek, te fotografeer en te dokumenteer. Verskeie vraelyste is uitgestuur na kerke en moes geprosesseer word. Waardevolle inligting is ook verkry van plaaslike orrelbouers wat inligting aan hom beskikbaar gestel het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Buiten die veldwerk in Suid-Afrika het Troskie ook persoonlik navorsing gedoen in Amerika, Duitsland, Kanada, Engeland en Nederland om meer te leer van die internasionaal aanvaarde benadering tot historiese orrels in daardie lande. Hy is in 1997 genooi deur dr Christopher Kent om ’n referaat te lewer oor die historiese orrels van Suid-Afrika by die *Conference of Diocesan Organ Advisors* in Reading, Engeland. Hier kon hy interaksie hê met verskeie kenners op die gebied van die bewaring van historiese orrels. Tydens verskeie besoeke aan die argiewe van die *British Institute of Organ Studies* (BIOS), kon hy ou rekords en bestelboeke van orrelbouers wat instrumente vir Suid-Afrika gebou het, bestudeer (Troskie 2010:ix).

In die *Historical Pipe Organ Heritage of South Africa* (2010) word 135 historiese orrels bespreek wat gebou is tussen 1814 en 1914. Hierdie orrels moes aan sekere vereistes voldoen om ingesluit te word en is in verskillende kategorieë ingedeel. Kategorie A orrels moes oorspronklike orrels wees, alhoewel toevoegings soos ’n elektriese blaser sowel as herstelwerk, onderhoud of die vervanging van parte, aanvaarbaar was. Kategorie B orrels moes hoofsaaklik oorspronklik wees, alhoewel enkele registers vervang of bygevoeg kon wees. Orrels wat wel sommige of al die oorspronklike voor-1914 pypwerk gehad het, maar klawerbord- of registeraksie-vervangings gehad het, die fasade verander is, losstaande speeltafels met elektriese aksie geïnstalleer is of ’n groot aantal registers bygevoeg of vervang is, het nie gekwalifiseer nie. Elke orrel se geskiedenis, spesifikasies, ’n kaart wat die ligging van die orrel aandui, agtergrondinligting van die onderskeie orrelbouers, ’n addendum met orreltegnologie asook 260 kleurfoto’s is ingesluit. Orrels wat ingesluit is wissel van een manuaal juweeltjies tot die majestueuse orrel van die St. George’s Katedraal (1909) asook die stadsaalorrels van Pietermaritzburg (1902) en Kaapstad (1905). Baie van die instrumente spog met handgeverfde frontpype en artistieke houtsneewerk (Troskie 2010:xii).

3.3 Komposisiestyl

Vanweë die feit dat Troskie so nou by die kerk en kerkmusiek betrokke is die afgelope 40 jaar, is hy deeglik bewus van die vereistes wat aan kerkorreliste gestel word en die druk wat dikwels op hulle geplaas word in die post-modernistiese tyd. Troskie (2007b:5) skryf in *Vir die Musiekleier* as volg:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Die hedendaagse denke oor die veranderende kerk en erediens in ’n sogenaamde post-modernistiese wêreld verg nuwe uitdagings van die kerkorrelis. Ons werk met ’n groter diversiteit as vroeër in ons gemeentes waar dinge nou dikwels anders gesien word as wat tradisionele opvattings leer. As kerkmusici moet ons daarom die uitdaging aanvaar om die orrel altyd so aantreklik moontlik te bespeel sodat dit steeds as die ideale begeleidingsinstrument in die erediens gesien sal word.

Volgens Troskie, in ’n onderhoud met Cassie Carstens in *Vir die Musiekleier* (Carstens 2011:45), het hy tydens streekkursusse wat deur SAKOV aangebied is besef dat daar ’n groot behoefte by orreliste bestaan vir gepaste liturgiese orrelmusiek wat hulle in die erediens kan gebruik. Vanaf 1970 het die *Liturgiese Orrelmusiek*-bundels wat deur die UOVS-Kerkmusiekdepartement uitgegee is reeds in ’n mate in hierdie behoefte voorsien. Met die toevoeging van kerkliedere wat tydens die erediens gebruik is in byvoorbeeld die *Jeugsangbundel 1* (1984), *Sing onder mekaar* (1989), *Jeugsangbundel* 2 (1993) en die *Liedboek van die Kerk* (2001), was die *Liturgiese Orrelmusiek*-bundels egter nie meer voldoende om hierdie funksie te vervul nie. Heelwat van die musiek wat hierin vervat is, was ook nie meer noodwendig relevant nie deurdat sekere melodieë in onbruik verval het.

Troskie (2016:onderhoud) noem dat hy begin het om koraalvoorspele te komponeer aangesien dit vir hom “spontaan gekom het, dit prakties in die erediens bruikbaar is en hy bevrediging daaruit put”. Die verskyning van *Liedboek van die Kerk* was vir hom ’n groot motivering aangesien daar skielik soveel “pragtige nuwe kerkliedere was wat nuwe materiaal was vir koraalvoorspele” (*ibid*). In 2003 verskyn Troskie se boek *Liedboekverwerkings vir orrel en koor*[17] met 13 orrel- en 16 koorverwerkings, sy eerste boek wat op die “nuwe liedere” uit die *Liedboek* gebaseer was. Daleen Kruger (2003:61) skryf in haar resensie van hierdie boek dat Troskie, vanweë sy lang betrokkenheid by kerkmusiek in Suid-Afrika, deeglik bewus is van die kerkmusiekstyl wat by die deursnee Afrikaanse lidmaat aanklank vind.

Troskie (2016:onderhoud) streef daarna dat sy koraalvoorspele gebruikers- en luisteraarsvriendelik moet wees want “dit help nie om koraalvoorspele te skryf wat niemand wil speel nie”. In ’n era waarin kerkmusiek voortdurend in die spervuur is, tel hierdie

[17] In ’n epos van 6 November 2015 het Troskie aan die navorser erken dat “*Liedboekverwerkings*” nie die korrekte benaming vir sy bundel was nie, en dat dit moontlik eerder *Koraalvoorspele en Koorwerke* moes heet. Die rede wat hy hiervoor aanvoer is die feit dat dit oorspronklike komposisies is wat gebaseer is op korale. Die navorser verwys daarom na hom as komponis en nie as verwerker nie, en na sy koraalverwerkings as koraalvoorspele. Janándi van Schoor gebruik ook deurgaans die term “koraalvoorspel” in haar mini-verhandeling (Van Schoor 2014:85).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

eienskap as bewys dat hy tred hou met die "behoeftes" van die kerkganger van vandag. Verder moet dit volgens hom ook "lekker onder die hande lê vir die orrelis". Kruger verwys na sy idiomatiese styl met die volgende woorde:

> Die algemene styl is baie luisteraars-vriendelik. Dit is die tipiese Nederlandse improvisasie- en begeleidingsstyl wat Troskie ook verfyn het onder leiding van sy leermeesters, Roelof Temmingh (senior) en Cor Kee. Hierdie styl verskil tog grootliks van die algemene streng benadering waarmee die meeste Suid-Afrikaanse orreliste opgegroei het. Veral die plasing van die melodie in oktawe in die boonste stemme en-/of pedaal (soos byvoorbeeld in die slotkoraal van Lied 343) word algemeen in Nederland gehoor en hierdie tegniek kan baie effektief wees wanneer meer intensiteit in die begeleiding verlang word, veral op 'n kleiner orrel (Kruger 2003:61).

Na aanleiding van Carstens se vraag aan Troskie oor sy benadering tot verwerkings, antwoord hy as volg:

> Vanselfsprekend moet die verwerking idiomaties vir orrel en koor, en tegnies deeglik afgerond wees. Dit moet nie deur allerlei foutiewe, lomp wendings en onoortuigende progressies ontsier word nie. Bo en behalwe al hierdie tegniese vereistes, kom dan die ekstra dimensie van musikaliteit en inspirasie wat bepaal in hoeverre die verwerking slaag en met die luisteraar kommunikeer. Elke verwerking word deeglik op die orrel uitgetoets en baie tyd word bestee aan veranderings en regstellings voordat ek tegnies en musikaal met die eindproduk tevrede is (Carstens 2011:46).

Troskie (2016:onderhoud) noem dat dit vir hom moeilik is om te verduidelik waarom sekere melodieë hom aanspreek om te verwerk, terwyl ander liedere hom "glad nie inspireer nie". Dit is egter vir hom baie belangrik dat beide die teks én die melodie hom moet "aanspreek en besiel" voor hy dit verwerk, en die aard van die verwerking word direk geïnspireer deur die karakter van die lied en dus ook die teks wat daaraan gekoppel word (Carstens 2011:46). Hy vra homself af of die lied dalk feestelik of groots is, en of dit eienskappe van byvoorbeeld 'n loflied, gebed of skuldbelydenis toon. Troskie (*ibid*) meld dat hy daarna streef om die tempo en voortstuwing van 'n lied te beklemtoon deur 'n lopende baslyn in te voer. 'n Voorbeeld hiervan kan gesien word in sy harmonisasie van Lied 197, *Wonderbare Koning*.[18]

[18] Harmonisasie in *Liedboek van die Kerk.*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeeld 1: *Wonderbare Koning*, mm. 13-16.



Hy boots soms ’n ritmiese motief van die melodie in die harmonisasie na om die teks te omlyn, soos in Lied 154, *Kom nou tesaam, laat ons vergader*, maat 1 en Lied 177, *Jesus, gróót bo almal*, maat 8 (Matthyser 2002:1).[19]

Voorbeeld 2: *Kom nou tesaam, laat ons vergader*, mm. 1-4.



Voorbeeld 3: *Jesus, gróót bo almal*, mm. 7, 8.



Die een prominente kenmerk van sy komposisiestyl is ’n karakteristieke oorwegend tonale klankkwaliteit wat duidelik gemik is op gebruikersvriendelike musiek vir die erediens met inagneming van die liturgiese praktyke. Die geslaagdheid van sy verwerkings berus, ook volgens Kruger (2003:61), grootliks op die interessante maar toeganklike harmoniese taal en die feit dat die melodie byna altyd baie duidelik gehoor kan word. In die stel variasies gebaseer op *Op berge en in dale*[20], begin die koraal in C-majeur met die *cantus firmus* in die regterhand en ’n geharmoniseerde teenmelodie in die linkerhand. Laasgenoemde bestaan uit

[19] Harmonisasies in *Liedboek van die Kerk*.
[20] *Op berge en in dale*, Lied 509, kom voor in *Liedboekverwerkings vir orrel en koor*, pp. 55-72.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

triole, kwart- en agstenote. Hierdie is ’n voorbeeld van die Wilcocks-tegniek[21], waar die diskant in die begeleiding gespeel word, waarvan Troskie dikwels gebruik maak.[22]

Voorbeeld 4: *Op berge en in dale,* mm. 1-4.



Troskie besin altyd oor gepaste harmoniese styl om te verseker dat dit by die karakter en atmosfeer van die gekose koraal se teks aansluit (Carstens 2011:46). Hy komponeer meestal tonaal, maar soms is die styl effens dissonant met sekondêre vier- en vyfklanke en toegevoegde note “waar dit gemotiveer kan word en die nodige pittigheid aan die klank kan bring” (*ibid*). Volgens Troskie “voel hy homself egter glad nie tuis in ’n sterk dissonante of atonale styl nie, veral wanneer hy musiek vir die erediens komponeer” (Matthyser 2002:1). Chromatiese akkoorde, byvoorbeeld tussendominante, Napelse sekundes, Italiaanse-, Franse- en Duitse vergrote sekstakkoorde, is volop in sy koraalvoorspele om die musiek kleurvol en interessant te maak, terwyl dit tóg die tonale sentrum bevestig. ’n Chromatiese skakelpassasie, *fff* gemerk, kondig byvoorbeeld met triool-“trompetgeskal” die dramatiese slotkoraal aan in die laaste variasie (6) van *Op berge en in dale.*

[21] David Wilcocks (1919-2015), Britse komponis, orrelis en koordirigent is veral bekend vir sy diskante en koorverwerkings wat in die reeks boeke *Carols for Choirs* verskyn het. Lied 345 *Kom alle getroues*, Lied 365 *Hoor die blye engellied* en Lied 366 *Die vreugdelied wat engele sing* is harmonisasies van Wilcocks wat in *Die Liedboek van die Kerk* opgeneem is.

[22] Nog voorbeelde hiervan is *Vreugdevolle tyding*, Lied 258 in *SAKOV Erediensmusiek*, p. 210 en *U goedheid Heer, kan ons nie peil nie*, Lied 200 in *SAKOV 30 Feesbundel*, p. 199.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeeld 5: *Op berge en in dale,* mm. 234-239.



In al sy koraalverwerkings is die *cantus firmus* deurgaans duidelik herkenbaar, selfs waar die melodie in ’n versierde vorm verskyn. Die tegniese vaardigheid van die kerkorrelis word ook deurgaans in ag geneem in sy idiomatiese skryfwyse en word duidelik weerspieël in die uiteenlopende omvang van tegniese eise wat aan die uitvoerder gestel word in sy onderskeie komposisies. Die gebruik van variasievorm, waar sekere variasies weggelaat kan word indien die uitvoerder dit so sou verkies, leen homself ook verder tot gebruik deur orreliste met verskeie vlakke van tegniese vaardigheid.

Kruger (2003:61) belig ook die feit dat ’n groot aantal van sy orrelverwerkings in een of ander vorm van variasies of duidelike seksies is, wat dit uiters geskik maak vir kerkgebruik, veral omdat die lengte van die uitvoering daarvan beheer kan word. Die variasies of seksies is van so ’n aard dat dit afsonderlik gespeel kan word óf in geselekteerde kombinasies gebruik kan word, soos byvoorbeeld die verskillende dele van die *Kersfeessuite* en die onderskeie variasies van *Op berge en in dale*, aldus Kruger. Ten spyte van die individualiteit ten opsigte van die variasies of seksies, is daar steeds deurgaans eenheid in die werke. In die variasies op *Op berge en in dale* word eenheid byvoorbeeld bewerkstellig deurdat hy motiwiese materiaal gebruik wat direk afgelei is van die oorspronklike tema van die koraal. Die variasies is seksioneel wat beteken dat al die variasies gevolg word deur ’n kadensiële breuk of modulerende skakel van verskillende lengtes.[23] ’n Kadensiële uitbreiding in die laaste vyf mate van Variasie 5 is gebaseer op die dominant negende akkoord. Die kadensiële uitbreiding aan die einde van Variasie 5 lyk soos volg:

[23] Webadres: http://www.austinpattytheory.com/music-theory-review/unit-6-more-on-form/ (17/10/2016).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeeld 6: *Op berge en in dale*, mm. 147-151.



Dit is egter ongewoon en ook interessant dat hierdie stel variasies nie die tonaliteit van die koraal sentraal stel nie, aangesien die werk in C-majeur begin met modulasies na D-majeur, D-mineur en F-majeur onderskeidelik en uiteindelik in D-majeur eindig. Die harmonie is egter meestal tonaal en weerspieël deurgaans sy voorliefde vir tussendominante, Napelse-, Duitse- en Franse sekstakkoorde en chromatiek om'n kleurvolle klankidioom daar te stel.

Kruger (2003:61) is verder van mening dat sy koraalvoorspele nie net as voor-, tussen- of naspele gebruik kan word nie, maar selfs vir gemeentesangbegeleiding, aangesien Troskie dikwels 'n grootse slotkoraal in sy werke gebruik soos in *Op berge en in dale*. Enkele van die werke se openingsmate is ook geskik as inleiding as die orrelis dit met 'n gepaste kadenspunt sou afsluit.

'n Verdere element wat in Troskie se styl weerspieël word, is sy integrasie van tradisionele kontrapuntale teksture en tegnieke wat uiteindelik 'n belangrike eienskap van heelwat van sy komposisies vorm. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan die feit wees dat die orrel, met twee of meer manuale en pedale, spesifiek geskik is vir meerstemmige intredes of nabootsing. Verder was Troskie ook vir 32 jaar 'n dosent in onder andere harmonie en kontrapunt en 'n kenner op hierdie gebied. Hierdie kontrapuntale tekstuur en hoofsaaklik diatoniese tonaliteit van sy koraalvoorspele is aansluitend by die styl van musiek wat gewoonlik vir die liturgie gebruik word. So byvoorbeeld begin Variasie 1 van *Op berge en in dale* met die versierde tema van die koraal met die pedaal en linkerhand wat *quasi*-nabootsend op eenmaatafstand volg.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeeld 7: *Op berge en in dale*, mm. 23-26.



Die keurigheid waarmee hy kontrapuntale tegnieke soos nabootsing, vergroting, verkleining, kanon en fugale intredes toepas, getuig van sy kontrapuntale vaardigheid. In Variasie 2 van *Op berge en in dale* pas hy vergroting toe in die tema wanneer hy die *cantus firmus* in die pedaal plaas. Die hande speel ligte *staccato* agstenoot-beweging, wat ’n sterker ritmiese *crescendo* tot gevolg het, bokant die *legato*-pedaaltema in halfnote.

Voorbeeld 8: *Op berge en in dale*, mm. 42-46.



Variasie 6, die langste variasie van dieselfde werk, is ’n polifoniese *fugato* wat geleidelik opbou tot ’n grootse klimaks van die koraal met die tema in dubbel-pedaalnote. Troskie gebruik die eerste motief van die *cantus firmus* in die linkerhand in F-majeur, waarna die regterhand en pedaal volg in D-mineur met vyf intredes van die tema.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeeld 9: *Op berge en in dale*, mm. 152-156.



Nabootsing kom onder andere voor in die *piú mosso* gedeelte van Variasie 6. Die linkerhand begin met die eerste motief van die tema, wat daarna twee keer nageboots word in die regterhand op die *positief.*

Voorbeeld 10: *Op berge en in dale*, mm. 208-213.



Kruger (2003:62) meen dat sy sensitiwiteit vir die aard van ’n bepaalde lied deurgaans opvallend is. Troskie se komposisie *Jesus neem ons kleine kinders*[24] (gekomponeer vir die doopdiens van sy kleindogter Ankia, in die NG Gemeente Somerstrand op 24 Januarie 2010) het byvoorbeeld ’n speelse karakter om moontlik die liefde van Jesus vir kinders uit te beeld, met ’n delikate en sagte einde. Die klankbeeld wat geskep word herinner sterk aan dié van ’n musiek-speeldoos met sy gebruik van ’n repeterende agstenoot-ostinaat wat herinner aan die meganiese “pluk” van ’n mandolien se snare soos in ’n musiek-speeldoos.

[24] Lied 293 in *SAKOV Erediensmusiek Vol. 2*, p. 102.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeeld 11: *Jesus neem ons kleine kinders*, mm. 5-7.



In hierdie konteks strek Troskie se musikale "taal" of komposisiestyl tussen die pole van 'n meer beheersde argaïese styl aan die een kant, en aan die ander kant 'n meer kontemporêre styl wat deur chromatiek asook subtiele dog karaktervolle klankeffekte en orkestrale kleur onderstreep word.

In 'n onderhoud met Carstens (2011:46) noem Troskie dat hy soms spesiale tegnieke aanwend, soos byvoorbeeld pedaalpunt vir die skep van 'n pastorale karakter of dissonante rolakkooorde vir die nabootsing van donderweer soos in sy koraalvoorspel op *Prys die Here, hemelinge*.[25]

Voorbeeld 12: *Prys die Here, hemelinge*, mm. 24-26.



Welkom, o stille nag van vrede[26] se karakteraanduiding is *misterioso* en die registrasie-aanduidings is 'n fluit 8'. Hierdie koraalvoorspel is, aldus Troskie, geïnspireer deur die woorde van die tweede strofe "Hoor jy hoe sag die klokke beier in eeue-oue taal?" Hy

[25] Psalm 29 in *SAKOV 30 Feesbundel*, p. 27.
[26] Lied 358 in *Liedboekverwerkings vir orrel en koor Vol. 2*, p. 2.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gebruik die tema van die bekende *Westminster Chimes* in die linkerhand, teenoor 'n sestiendenoot-ostinaat in die regterhand, en herhaal die klokke-tema weer in die pedaal in die slotmate. Geslagte Suid-Afrikaners herken dit moontlik as die klank van kaggelhorlosies wat in menige huishoudings bekend was (Troskie 2006a:5).

Voorbeeld 13: *Welkom, o stille nag van vrede*, mm. 1-5.



Juig, juig in Hom[27] bevat vloeiende agstenootbeweging om ons "vloeiende" vreugde in Christus uit te beeld volgens Troskie op die omslag van sy CD genaamd *12 Nuwe Liedboekverwerkings* (2012).

[27] Lied 400 in *SAKOV Erediensmusiek Vol. 2*, p. 115.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeeld 14: *Juig, juig in Hom*, mm. 1-4.



Die Heer, die Heer het opgestaan[28] het ’n opmerkende feestelike karakter om blydskap uit te beeld vir Christus se opstanding. Fragmente van die koraalmelodie, bestaande uit agstenote en *staccati* wat bydra tot ’n vrolike karakter, beweeg deur verskillende toonaarde en lei na die grootse slotkoraal.

Voorbeeld 15: *Die Heer, die Heer het opgestaan*, mm. 1-4.



Vir die dankfanfare, *Erkentlik deur die dae*[29], ’n opdragwerk van SAKOV vir hul 30-jarige bestaan in 2010, gebruik Troskie hierdie koraal waarin God gedank word vir Sy genade en seën op die werksaamhede van SAKOV deur die jare. Die koraalmelodie, *Du meine Seele* van Johann Ebeling, word op die swelmanuaal gespeel met fluit- en strykerregistrasie. ’n Vreugdevolle fanfare, gebaseer op die *cantus firmus*, word afwisselend gehoor met die koraalgedeeltes en sluit die werk af op ’n triomfantlike noot.

[28] Lied 422 in *SAKOV Erediensmusiek Vol. 3*, p. 72.
[29] Lied 521 in *SAKOV Feesbundel Vol. 1*, p. 103.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeeld 16: *Erkentlik deur die dae*, mm. 1-3.



Vir die koraalvoorspel *Die Here is my herder*[30], leen Troskie tematiese materiaal van J.S. Bach se *Schafe können sicher weiden* uit sy Jagterskantate BWV 208 (*Was mir behagt ist nur die muntre Jagd)* en kombineer dit met Psalm 23 om die pastorale karakter van die psalmteks te komplimenteer.

Voorbeeld 17: *Die Here is my herder*, mm. 1-4.



In *O Lam van God onskuldig*[31] bestaan die pedaal-ostinaat uit ’n chromatiese kwartval, wat ’n *lamento*-bas genoem word. Hierdie toonsimbool word eeue reeds gebruik om smart, verdriet en dood voor te stel. J.S. Bach gebruik byvoorbeeld die *lamento*-bas in die *Crucifixus* van sy *Mis in B mineur* en Henry Purcell gebruik onder andere ook hierdie tegniek in *Dido se Lament* (die karakter se sterwens-aria) uit die opera *Dido en Aeneas*.[32]

[30] Psalm 23 in *Liedboekverwerkings vir orrel en koor*, p. 2.
[31] Lied 377 in *Liedboekverwerkings vir orrel en koor*, p. 49.
[32] Webadres: Alex Ross www.therestisnoise.com/chacona (11/10/2016).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeeld 18: *O Lam van God onskuldig*, mm. 1-4.



Hoewel Troskie in *Die werk behoort aan U, ons Heer*[33] die karakter aandui as *quasi mazurka*, kom die kenmerkende eienskappe van ’n *mazurka* egter nie voor nie. So byvoorbeeld begin ’n *mazurka* nie normaalweg met ’n opslag nie en bevat dit dikwels ’n ritmies-onderverdeelde eerste pols, met aksente op die swak maatslae. Troskie se gebruik van hierdie karakteraanduiding is moontlik bloot om die sterk ritmiese danskarakter van die *mazurka* in drieslagmaat te onderstreep.

Voorbeeld 19: *Die werk behoort aan U, ons Heer*, mm. 1-4.



Verder gebruik hy ’n ook byvoorbeeld ’n “wals” begeleiding vir *In die nag by hulle weiding* uit die *Kersfeessuite*[34]. Of ’n werk met ’n wals-karakter liturgies gepas is, kan wel bevraagteken word. Hierdie “ligter” aanslag in sy styl kan egter ook dui op die veranderinge in kerkmusiek wat vandag as aanvaarbaar beskou word, in teenstelling met die strenger formele styl van byvoorbeeld die sewentiger- en tagtigerjare.

[33] Lied 527 in *Liedboekverwerkings vir orrel en koor Vol.* 2, p. 21.
[34] Lied 363 in *Liedboekverwerkings vir orrel en koor* p. 43.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeeld 20: *In die nag by hulle weiding*, mm. 1-4.



Troskie gebruik soms *toccata*-elemente in sy komposisies. ’n Voorbeeld hiervan kan gesien word in Variasie 3 van *Op berge en in dale*. In hierdie *toccata*-agtige variasie, met ’n *organo pleno* registrasie, is die melodie veskuil in die akkoorde. Dit toon sterk invloed van die Franse romantiese *toccata*-styl wat meestal begin met briljante vingerwerk op die manuale, waarna die melodiese materiaal in die pedaal gehoor word.[35] Die pedaal beweeg in kwartnote om die harmoniese basis te bevestig. Hier vind ’n groot versnelling van ritmiese aktiwiteit plaas, aangesien die tempo-aanduiding nou *Allegro* is met sestiendenoot beweging in die hande wat *staccato* gemerk is. Die *legato* pedaalparty is in kwart- en halfnote wat herinner aan ’n lopende bas as gevolg van die kwartnootbeweging in 4/4 tyd wat in klein intervalle op- en afgaande beweeg.

Voorbeeld 21: *Op berge en in dale*, mm. 87-89.



Troskie gee deurgaans voorstelle vir manuaal-aanduidings en registrasie voorstelle as hulpmiddel vir die orrelis of voordraer, maar hy beperk “gedetailleerde registrasievoorskrifte en spesifieke manuaal-aanwysings tot die minimum, aangesien orrels soveel van mekaar

[35] ’n Goeie voorbeeld van hierdie styl is die bekende *Toccata* van Charles-Marie Widor uit sy *Symphonie nr. 5*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verskil" (Troskie 2001:Inleiding). Hy vestig wel die aandag op plekke waar die *cantus firmus* voorkom en hy noem dat dit met sterk uitkomende registrasie gespeel moet word. In *Liedboekverwerkings vir orrel en koor* verskyn daar ná verskeie van die komposisies voorstelle vir registrasie as riglyne vir die klankkleur wat hy ingedagte het by die onderskeie dele. Troskie slaag verder daarin om die instrumentale klankkleur van die orrel maksimaal te benut, aangesien instrumentaliste soos violiste of tjelliste nie altyd geredelik beskikbaar is om deel te neem aan die erediens nie. Hy glo egter dat die pyporrel steeds die hoeksteen van musiekmaak in die erediens is te midde van die alternatiewe instrumente wat dikwels vandag deel uitmaak van die begeleiding in die erediens.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

SAKOV

4.1 Die stigting van SAKOV

Albert Troskie word allerweë beskou as die "vader" van SAKOV, aangesien hy die leemte van 'n instansie wat na die belange van kerkorreliste in Suid-Afrika kan omsien, besef het. Deur sy insiatief het meer as 200 orreliste, predikante en ander belangstellendes in orrel- en kerkmusiek op Saterdag 10 Mei 1980 vanoor die hele Suid-Afrika in Pretoria vergader vir die stigting van die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV). Volgens Troskie (1980:7), tydens sy openingstoespraak, was die oorspronklike doelstelling met die stigting van die vereniging "die bevordering van kerkorrelspel en ander fasette van die kerkmusiek en optrede in belang van sy lede in die algemeen en die amp van die kerkorrelis in die besonder".

> Ons orreliste verrig ons taak in betreklike isolasie ... en daar is min geleentheid om vakkundig met mekaar kontak te maak. 'n Vaste organisasie is nodig omdat orreliste die behoefte het aan inligting en voorligting. Dit blyk duidelik op kerkmusiekkongresse dat daar orreliste is (veral dié wat nie 'n formele opleiding gehad het nie) wat onseker en oningelig voel oor dikwels selfs die basiese beginsels van orrelspel en kerkmusiek. In oorsese lande soos byvoorbeeld Engeland, Duitsland en Nederland is orrelisteverenigings ou vertroude instellings, wat reeds jare in diens van hul lede staan (Troskie 1980:7).

Voor die stigting van SAKOV was daar geen amptelike liggaam in Suid-Afrika wat die belange van die kerkorrelis en sy/haar amp verteenwoordig het nie, terwyl daar in die buiteland[36] gevestigde instellings bestaan het. Simposiums, vorming van orrelistekringe en die publikasie van artikels in tydskrifte en koerante is verdienstelike aktiwiteite wat op die gebied van kerkmusiek reeds plaasgevind het in hierdie instellings. SAKOV het ten doel gestel om soortgelyke bedrywighede uit te brei sodat ook die verafgeleë orrelis hierby kan baat (Troskie 1980:7).

[36] Buitelandse instellings vir orreliste wat in daardie stadium reeds gevestig was sluit onder andere in die *Nederlandse Organisten vereniging* (1890), *British Institute of Organ studies* (1896) en *Gesellschaft der Orgelfreunde* (1951).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Troskie (1980:7,8) het tydens die stigtingsvergadering ook die volgende gesê oor SAKOV se doelstellings:

> Die SAKOV verbind hom tot die bevordering van dit waarom dit vir ons hoofsaaklik gaan naamlik dat ons orrelspel, ons begeleiding van die gemeentesang, ons koorleiding, ons keuse van musiek en ons inskakeling by die liturgie, altyd suiwer sal wees volgens die beginsels van die Gerformeerde erediens.

Onder Troskie se leiding het SAKOV gegroei tot die aktiewe vereniging wat dit vandag steeds is. Die missie van SAKOV is om kerkorreliste te ondersteun en te ontwikkel sodat hulle ’n funksionele, relevante en geïnspireerde diens kan lewer in die gemeentes van Suider-Afrika waar die Afrikaanse kerklied gebruik word. Die visie van SAKOV is om te verseker dat lede ontwikkeling en opleiding kry, sodat die gehalte van kerkorrelspel verbeter en dat ongewenste praktyke onder Suider-Afrikaanse kerkorreliste uitgeskakel word.[37] Die missie en visie van SAKOV word gereeld hersien om sodoende relevant te bly in veranderende tye.

Bouwer van Rooyen, wat sedert die stigting van SAKOV – eers as streeksverteenwoordiger en vanaf 2010-2013 as voorsitter – by die instansie betrokke was, sê daar was groot opgewondenheid oor Troskie se inisiatief om so ’n vereniging tot stand te bring, aangesien daar vir die eerste keer ’n forum vir orreliste uit die Afrikaanse kerke was waar gemeenskaplike belange aangespreek kon word. Van Rooyen maak in ’n artikel die volgende stelling aangaande streeksbyeenkomste:

> Orreliste het van mekaar se doen en late begin kennis neem. Die streeksbyeenkomste het die geleentheid geskep om ten minste een keer per jaar van aangesig tot aangesig met mekaar te kommunikeer. Die totstandkoming van die vereniging het baie daartoe bygedra dat daar ’n samehorigheidsgevoel onder orreliste ontwikkel het (Basson 2010:71).

Die bestuur van die vereniging bestaan tans uit ’n Uitvoerende Komitee van vier lede: die voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en die tesourier, asook dertien streeksverteen-woordigers[38], wat elkeen aktief in sy/haar streek werksaam is en die belange van SAKOV bevorder. Die bestuur vergader ’n paar keer per jaar en al die notules van alle

[37] ’n Volledige uiteensetting van die missie en visie van SAKOV is beskikbaar op die webadres: www.sakov.co.za.

[38] Die dertien streke verteenwoordig die volgende: Vaaldriehoek, Johannesburg, Oos- en Wesrand (een streek), Pretoria, Oos-, Wes- en Suid-Kaap-streek, Vrystaat, Mpumalanga, KwaZulu-Natal, Noordwes, Gordonia, Limpopo en ook Namibië. Dit word só verdeel sodat die streeksbyeenkomste, wat ’n belangrike aktiwiteit van SAKOV is, makliker deur alle orreliste bygewoon kan word. Vanaf 1980-2004 was daar 12 streke met die afstigting van die Suid-Kaap streek in 2005.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bestuursvergaderings en Algemene Jaarvergaderings is beskikbaar in die SAKOV-argief in Stellenbosch. Voorsitters van SAKOV sluit in prof Albert Troskie (1980-2000), prof Wim Viljoen (2000-2005), prof Daleen Kruger (2005-2010), Bouwer van Rooyen (2010-2013), dr Gerrit Jordaan (2013-2016) en dr Mario Nell (2016 tot op hede).

4.2 Die waarde van SAKOV vir die kerkorrelis

Een van die belangrikste aktiwiteite van die vereniging is die uitgee van ’n tydskrif. Die gepaste naam *Vir die Musiekleier* is in 1980 deur Pieter van der Westhuizen, destyds die orrelis en koorleier van die NG Gemeente Stellenbosch-Sentraal (Studentekerk), voorgestel en onmiddellik deur die Uitvoerende Komitee aanvaar. Vanaf 1980 tot 1988 het hierdie tydskrif halfjaarliks verskyn, maar is daarna in ’n jaarblad omskep. Troskie was vanaf 1980 tot 1998 redakteur (dr Louwrens Strydom vanaf Junie 1986 tot Junie 1987), en daarna het prof Elsabé Kloppers (1999-2004), mnr Diederick Basson (2005-2010), prof Hetta Potgieter (2011-2015) en prof Gideon Els (2016 tot op hede) hom opgevolg as redakteur van *Vir die Musiekleier*. Artikels wissel van meer formele musiekwetenskaplike artikels oor liturgie en kerkmusiek, na prakties-toepasbare artikels oor kerk- en konsertorrelspel. Bydraes hiervoor word gelewer deur orreliste, teoloë en kerkmusici uit onder andere Suider-Afrika, Amerika, Kanada en Nederland (Troskie 2005a:91).

Orrelboukunde is ook ’n aspek wat aandag geniet in *Vir die Musiekleier* en verskeie kerk- en konsertorrels is reeds in van die uitgawes bespreek. In 2007 is daar byvoorbeeld by die streeksbyeenkomste “orreldae” gehou waartydens orrelliefhebbers aan die orrels van verskillende kerke bekendgestel is (Kruger 2007:83). Vir die orrelis is daar artikels oor die praktyk van orrelspel in die erediens asook die bekendstelling van nuwe sangbundels, liedboeke en ander bruikbare materiaal. In vorige uitgawes is die werk van verskeie komponiste wat kerkgerig gekomponeer het, soos Heinrich Schütz, Johann Crüger, Johann Sebastian Bach, Georg Friedrich Händel, Wolfgang Amadeus Mozart, Josef Rheinberger, Hendrik Andriessen, Flor Peeters, Olivier Messiaen en andere, toegelig. Orrelbouers (onder andere Jan Pekelharing senior, Heinrich Schaffrath en Francois Uys) en Suid-Afrikaanse musiekpersoonlikhede (byvoorbeeld Jacobus Kloppers, Stephanus Zondagh, Willem Mathlener, Gawie Cillié, Philip McLachlan, Rosa Nepgen om net ’n paar te noem) was dikwels die onderwerp van fokusartikels (Troskie 2005a:91).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verslae van SAKOV se jaarlikse streeksbyeenkomste en die Algemene Jaarvergadering, besprekings van CDs, boeke, orrel- en koormusiek, verslae van sinodes, werksaamhede van universiteite en musiekdepartemente, oorsese reise van lede, navorsingsbevindings en orrelkompetisies is alles voorbeelde van onderwerpe waaroor verslag gedoen word. *Vir die Musiekleier* het die afgelope 36 jaar ’n belangrike bron van inligting geword, waarin daar informasie oor ’n wye verskeidenheid van onderwerpe van die Afrikaanse en internasionale kerkmusiek gepubliseer is. In die SAKOV-argief en verskeie universiteitsbiblioteke is die volledige reeks publikasies van die tydskrif beskikbaar. Buiten *Vir die Musiekleier* verskyn die *Nuusbrief* twee keer per jaar met inligting omtrent projekte, jaarvergaderings, CD- en boekvrystellings, besonderhede van SAKOV-bestuur, jong orreliste wat presteer, ’n briewe-kolom, nuusrubrieke en nog meer. Vanaf 1980 tot 2007 was Troskie die redakteur van *Nuusbrief* (Troskie 2005a:91,92).

’n Baie belangrike aspek van SAKOV is die streeksbyeenkomste wat deur die streeksverteenwoordiger gereël word en jaarliks in die huidige dertien streke vir lede aangebied word. Hiertydens word referate, lesing-demonstrasies en orreluitvoerings aangebied en lede word op ’n praktiese wyse ingelig ten opsigte van orrel- en koorrepertorium (soms met meesterklasse), orrelspel en basiese improvisasie in die erediens, koorleiding, begeleiding van die kerklied, orrelbou, die rol van musiek in die erediens, die gebruik van die verskillende liedboeke in die liturgie en in die liturgiese jaar, om ’n paar onderwerpe te noem (Troskie 2005a:92,93). Elke streek doen jaarliks verslag in *Vir die Musiekleier* en verskaf inligting oor wáár die byeenkoms plaasgevind het en watter vorm dit aangeneem het, terwyl ’n foto van die bywoners ingesluit word by die verslag om dit meer persoonlik te maak vir lede. (Sedert akkreditasie van die tydskrif in 2011, word laasgenoemde in die *Nuusbrief* gepubliseer).

SAKOV poog om elke jaar ’n spesiale projek van stapel te stuur as ’n verdere diens aan sy lede. Hierdie projek behels gewoonlik ’n aanbieding in die vorm van ’n boek, bladmusiek, CDs of ander toepaslike materiaal teen ’n gesubsidieerde prys en dit kan óf ’n projek wees wat deur SAKOV ondersteun word, óf een wat deur die Vereniging self geïnisieer is. Die volledige lys van projekte is soos volg:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SAKOV PROJEKTE 1981-2016			
DATUM	**TITEL**	**INSTANSIE/PERSOON**	**VORM**
1981	*Roelof Temmingh improviseer op tien Afrikaanse Psalms en Gesange*	Roelof Temmingh	Langspeelplaat
1981/82	SAKOV se landswye ondersoek na salarisse en diensvoorwaardes van orreliste		
1983	*Veertig inleidings tot die Psalms en Gesange*	Henk Temmingh	Orrelbundel
1984	*Waar kom ons Afrikaanse Gesange vandaan?*	G.G. Cillié	Boek
1985	SAKOV borg die kongres van die Suid-Afrikaanse Akoestiese Instituut in Pretoria		
1986	*Kom Loof die Heer, Deel 3*	UOVS	Koorbundel
1987/88	*Inleidings en Harmonisasies vir Psalms en Gesange*	SAKOV	Orrelbundel
1990	*Sing met vreugde!*	SAKOV	Kassetopname van gemeente- en koorsang asook koraalvoorspele voorgedra deur verskeie orreliste
1991	*Halleluja! Laat ons sange jubel!*	Pieter van der Westhuizen	Koorbundel
1992	*Pyporrels in Suid-Afrika*	Albert Troskie	Boek
1993/94	*Inleidings en Harmonisasies vir die kerklied*	SAKOV	Orrelbundel
1995	*"Sing nuwe sange, nuutgebore" – Liturgie en Lied*	Louwrens Strydom	Boek
1996	*Waar kom ons Afrikaanse Gesange vandaan?* *Koraalboek vir Psalms en Gesange*	G.G. Cillié	Boek Orrelbundel

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

	Konkordansie van die Evangeliese Gesange	W.J.B. Serfontein en G.M. Kettley	Boek
1997	*Recital*	Wim Viljoen	CD
1998	*Vier-en-twintig koraalverwerkings vir orrel*	Niel Pauw	Orrelbundel
1999	*Met hart en mond en hande* *Wat kan ek speel?*	Saamgestel deur Jacques Louw, Kobie Colditz en Erns Conradie Saamgestel deur Jacques Louw en Kobie Colditz	Orrel- en koorbundel Boek
2000/01	*Kom laat ons sing*	Bennie Bierman (regie) en Gerrit Olivier (orrelis)	CD met samesang uit *Liedboek van die Kerk*
2002	*Nuwe Inleidings, Harmonisasies, Naspele en Verwerkings vir die Liedboek van die Kerk*	SAKOV	Orrelbundel
2003	*Liedboekverwerkings vir orrel en koor*	Albert Troskie	Orrel- en koorbundel
2004	*God is my lied* *Inleidings en harmonisasies vir die Liedboek Vol. 2*	Samesang uit *Liedboek van die Kerk* SAKOV	CD Orrelbundel
2005	*Partitaboekie* *Universiteitsoord* *God is my lied*	Henk Temmingh Wim Viljoen (orrel) SAKOV	Orrelbundel CD CD
2006	*Op Vaste Fondamente*	Roelof Temmingh (orrel), en Chrisjan Cruywagen (trompet)	CD
2007	*Ek is bly ek ken vir Jesus*	Verskeie kinderkore	CD
2008	*Inleidings en harmonisasies vir die Liedboek Vol. 3*	SAKOV	Orrelbundel

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2009/10	*SAKOV 30 Feesbundel*	Saamgestel deur Gerrit Jordaan en Daleen Kruger	Orrelbundel
2011	*SAKOV Erediensmusiek Vol. 2*	Saamgestel deur Gerrit Jordaan en Daleen Kruger	Orrelbundel
2012	*SAKOV Orrelkoraal-verwerkings uit Fees- en Erediensmusiek-bundels Vol. 1 en* 2	Verskeie orreliste	CD
2013	*SAKOV Erediensmusiek Vol. 3*	Saamgestel deur Gerrit Jordaan en Daleen Kruger	Orrelbundel
2014	*SAKOV Erediensmusiek Vol. 3* met CD (sonder koorboek)	Verskeie orreliste	CD
2015	SAKOV webwerf is opgradeer Koorboek addendum tot *Erediensmusiek Vol. 3*		Internettoegang Pdf-formaat

Koor- en orrelverwerkings word ook van tyd tot tyd in los pamfletvorm in *Nuusbrief* ingesluit. Die gewildste projekte die afgelope jare was *Liedboekverwerkings vir orrel en koor* (2003) van Albert Troskie (waarvan meer as 800 verkoop is), *SAKOV 30 Feesbundel, Vol. 1* (2010) (650 bundels laat druk, meer as 550 verkoop), *SAKOV Erediensmusiek, Vol. 2* (2011) (500 laat druk en meer as 400 verkoop) en *SAKOV Erediensmusiek, Vol. 3* (2013) (600 laat druk, meer as 400 verkoop). Soos die gewildheid van SAKOV toegeneem het, het hierdie aanvraag ook vergroot. Dit bevestig dat SAKOV voldoen aan ’n groot behoefte wat onder orreliste bestaan, naamlik ‘n behoefte vir koraalvoorspele van Suid-Afrikaanse kerkmusiek vir gebruik tydens die erediens.

Ingevolge die grondwet van SAKOV word daar jaarliks ’n Algemene Jaarvergadering gehou. Om dit vir alle orreliste toeganklik te maak, verskuif dit jaarliks tussen verskeie stede of sentra in die land. ’n Belangrike bydrae van SAKOV is die aanbevelings en riglyne vir kerkrade (wat sedert 1982 gepubliseer word) in verband met die salarisse en algemene dienskontrakte van orreliste. Barbara Louw het in 1982 ’n ondersoek gedoen na die vergoeding en diensvoorwaardes van kerkorreliste, en met behulp van hierdie uitkomste is salarisskale voorgestel volgens kwalifikasies en ervaring as kerkorrelis (ervaring is vanaf 2004 van toepassing) en word jaarliks aanpassings met inagneming van inflasie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorts verskaf SAKOV ’n konsep dienskontrak vir kerkorreliste vir gebruik deur kerkrade. SAKOV lewer dus ook ’n belangrike diens aan orreliste deur hul belange by kerkrade en sinodes te bevorder. Aldus Troskie blyk dit uit mosies wat oor die jare op kerklike vergaderings aangeneem is, dat daar sedertdien by leraars en kerkrade ’n groter waardering en erkenning vir die werk van kerkorreliste ontwikkel het (Troskie 2005a:94,95).

Erelidmaatskap is sedert die ontstaan van SAKOV aan 18 lede toegeken om erkenning te gee aan hul persoonlik bydraes tot die bevordering van kerkmusiek in Suid-Afrika. Die erelede is: di Johannes Bingle, Cassie Carstens, prof Gawie Cillié, me Susan Engelbrecht, dr Driekie Jankowitz, proff Daleen Kruger, Chris Lamprecht, me Barbara Louw, prof Gerrit Olivier, dr Louwrens Strydom, proff Henk Temmingh, Roelof Temmingh, Albert Troskie, me Margaret van der Vegt, mnre Pieter van der Westhuizen, Arie van Namen, Bouwer van Rooyen en prof Wim Viljoen. Langdienstoekennings is ook reeds oorhandig aan meer as 120 orreliste wat 25 jaar of meer diensjare agter die rug het, terwyl ’n oorkonde toegeken word aan ’n SAKOV-lid na afloop van 40 jaar diens as kerkmusikus. Die prestasies van jong orreliste is ook vir SAKOV ’n belangrike prioriteit en daarom word dit gereeld in die *Nuusbrief* gepubliseer.

Sedert Augustus 2006 was waardevolle dokumentasie van SAKOV, soos die volledige reekse van *Vir die Musiekleier* en die *Nuusbrief*, alle notules van SAKOV-bestuurs- en jaarvergaderings en ander relevante materiaal veilig bewaar in die *Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum* (NALN) in Bloemfontein, maar is in 2008 verskuif na die Universiteit van Stellenbosch se Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS). Dit is ’n belangrike inligtingsbron oor SAKOV en ander relevante onderwerpe oor kerkmusiek in Suid-Afrika vir enige navorser of student. Die Uitvoerende Komitee het in 2006 kontak gemaak met ’n soortgelyke vereniging, *Royal School of Church Music SA* (RSCM SA). Hoewel die benadering van die twee verenigings effens verskil (SAKOV fokus op die ontwikkeling van vaardighede en kennis van orreliste terwyl die RSCM SA meer op kerkkoorsang fokus), is daar heelwat gemeenskaplike grond en kan die verenigings heelwat van mekaar leer (Troskie 2006b:3,4).

SAKOV se webtuiste, wat in Afrikaans en Engels beskikbaar is, is in September 2004 geopen. Op die webtuiste verskyn inligting oor die vereniging soos onder andere die missie en visie, lidmaatskap, publikasies, beurse, projekte, skakels vir orreliste en orrelbouers, nuus oor

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

streeksbyeenkomste, salarisskale en ander relevante onderwerpe vir SAKOV-lede (www.sakov.co.za).

In 2010 het ’n anonieme donateur ’n ruim skenking in ’n trust geplaas, die rente opbrengs waarvan SAKOV vruggebruik het, om orrelspel in Suider-Afrika te bevorder. Beurse vir plaaslike orrelstudie, buitelandse-studie en studies wat fokus op kerkmusiek en orrelboukunde is sedertdien jaarliks beskikbaar nadat die aansoekers oudisies en voorleggings in verskeie sentra afgelê is. Hierdie beurstoekennings word tydens ’n galakonsert by die Algemene Jaarvergadering van SAKOV bekendgemaak. Die totale beurswaarde oor die eerste drie jaar het R1,5 miljoen beloop wat die SAKOV-beurse die grootste beursskema van sy soort in Suid-Afrika maak (Van Rooyen 2011:86). Gerrit Jordaan (2013:11) bevestig in *Nuusbrief* dat daar jaarliks toenemend inskrywings is met ’n hoër wordende standaard. Die SAKOV-beurse dien as aansporing vir voornemende en gevestigde orreliste om navorsing te doen en hul praktiese vermoëns te verbeter. ’n Vereiste vir deelname is dat elke beursaansoeker ’n beskrywing moet gee van hoe hy/sy hierdie geleentheid tot persoonlike groei gaan gebruik in die Suider-Afrikaanse kerkorrelgemeenskap (*ibid*). As gevolg van hierdie skenking is SAKOV nou ’n Artikel 21-maatskappy.[39] Slegs lede mag aan die beurskompetisie deelneem, wat daartoe gelei het dat daar sedert 2015 ook heelwat meer Engelse lede by SAKOV aangesluit het. Hierdie skenking het SAKOV se aansien as instansie geweldig verhoog.

Prof Hetta Potgieter (2009:8) het gemeld in die voorwoord tot *Vir die Musiekleier* dat SAKOV ook graag jong orreliste en kerkmusici wou motiveer om by debatte rondom kerksang en kerkmusiek betrokke te raak met behulp van ’n opstelkompetisie waarvan die wenopstel gepubliseer is in *Vir die Musiekleier* van 2010. Hierdie was egter ’n eenmalige kompetisie.

Dr Ockie Vermeulen skryf oor die akkreditasie van die tydskrif wat in 2011 verkry is:

> *Vir die Musiekleier* het sedert sy ontstaan in die 1980’s ontwikkel in ’n gesaghebbende akademiese bron wat ook akkreditasie van die Suid-Afrikaanse Departement van Onderwys in 2011 verkry het. Om relevant te bly in die snelveranderende tyd van inligting en tegnologie is dit noodsaaklik om voortdurend en verantwoordbaar aan te pas. Ons is dus besig om die tydskrif te transformeer na ’n oop-tydskrif (open-access) waardeur SAKOV se breinkind in die geselskap van duisende ander plaaslike en internasionale akademiese tydskrifte sal vertoef.

[39] Dit impliseer dat SAKOV ’n organisasie sonder winsbejag is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> Sodoende kan *Vir die Musiekleier* maklik deur enige navorser wêreldwyd geraadpleeg word en kan ons kennis en ervarings hier aan die Suide van Afrika help om die denke en kollektiewe bewussyn van die wêreld gestalte te gee (Vermeulen 2015:5).

Artikels word vanaf 2011 in Afrikaans en Engels gepubliseer om die oop-tydskrif ideale te laat realiseer en om die tydskrif mededingend te maak in internasionale kringe.

4.3 Troskie se bydraes tot SAKOV

SAKOV het natuurlik ook ’n ruimte gelaat vir Troskie om ’n bydrae te lewer op verskeie gebiede tot die bevordering van kerkmusiek in Suid-Afrika. Troskie (2016:onderhoud) vertel dat hy tallose kursusse op Saterdae gehou het vir SAKOV-kongresgangers in ’n poging om die situasie te verbeter , aangesien die algemene standaard van orrelspel in die 1970s in baie kerke dikwels swak was. Dit was en is nog altyd die geval dat weinig kerkorreliste beskik oor formele orrelopleiding en hulle gevolglik ontvanklik is vir hulp en leiding vir hul taak en roeping as orreliste.

Tydens Troskie se gereelde kontak met orreliste regoor Suid-Afrika het hy bewus geword van hul groot behoefte aan gepaste repertorium vir kerkgebruik. Wim Viljoen skryf die volgende:

> Benewens die begeleiding van die gemeentesang, is die orrelis se ander groot taak immers om gepaste musiek tydens die diens te speel. Orreliste sukkel daarom dikwels om geskikte koraalverwerkings te vind wat by die liedere pas (Troskie 2003:Voorwoord).

Hierdie situasie het hom en ander gestimuleer om werke vir die erediens te skep wat gelei het tot die uitgee van sy bundel *Liedboekverwerkings vir orrel en koor* wat met behulp van SAKOV versprei en bemark is, asook *Liedboekverwerkings vir orrel en koor Vol. 2*. Reeds in die voorwoord tot een van vele boeke wat SAKOV uitgegee het met inleidings en harmonisasies vir die kerkliedere van die tyd, skryf Troskie (1988b:1) dat die kerkorrelis moet “poog om sinvolle afwisseling en vernuwing in die koraalspel aan te bring”. Hy spreek verder die wens uit dat die bundel orreliste sal inspireer om hul eie inleidings en alternatiewe harmonisasies te skep en moet waak teen die versoeking om vier of vyf verse van ’n lied sonder enige verandering in die orrelregistrasie of harmonie te begelei. Verder beveel hy aan dat die inleiding van die koraal in dieselfde tempo moet bly en dat ’n té vinnige tempo die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

grootsheid van baie van die psalms en gesange aantas. Sy rol as pedagoog strek dus veel verder as bloot ’n kursusleier vir SAKOV.

Die drie CDs wat Troskie uitgegee het as solis, naamlik *Grand Organ*, *Liedboekverwerkings vir orrel en koor* en *12 Nuwe Liedboekverwerkings*, asook die CDs wat met sy kerkkoor en gemeente opgeneem is, by name *Hosanna*, *Halleluja! U is heilig* en *Hoor die blye tyding*, is almal met behulp van SAKOV versprei en bemark.

As voorsitter van SAKOV, en vanweë sy talle artikels in *Vir die Musiekleier* en twee boeke oor die orrels van Suid-Afrika, het meer orreliste van Troskie se kennis en ondervinding bewus geraak, en kon hom dus ook nader as orreladviseur wanneer nuwe orrels gebou en/of geïnstalleer moes word. Sy opleiding in orrelbou, en studiereise vir navorsing by bekende orrelbouers in Europa, het hom deeglik voorberei vir hierdie taak. Orrels soos in die NG Gemeente Somerstrand en die Veremarksentrum in Port Elizabeth, is ’n permanente nalatenskap van groot kulturele waarde waar hierdie instrumente tydens eredienste en konserte gebruik word. Die bekendheid wat hy deur middel van SAKOV geniet, gee orreliste op die platteland ook die vrymoedigheid om hom te nooi om orreluitvoerings te gee in ’n dikwels kultuurhonger gemeenskap.

Troskie (2016:onderhoud) meld dat vanweë die feit dat SAKOV status as ’n vereniging het, dit hom bemagtig het om mense te nader met versoeke vir artikels en komposisies. As musikoloog en orrelis het hy self artikels oor ’n wye verskeidenheid van onderwerpe geskryf wat in *Vir die Musiekleier* gepubliseer is. Onderwerpe waaroor hy al gepubliseer het sluit in: die liturgie en kerkmusiek, harmonie en kontrapunt, besoeke aan oorsese orrels en orrelbouers, besprekings van verskeie orrels in Suider-Afrika, oorsese reis- en navorsingsverslae, konsertreise, raad aan kerkorreliste, resensies en besprekings van Suid-Afrikaanse bundels en boeke vir die kerkorrelis, voorstelle vir die kerkkoor asook inligting oor bekende musici en orrelkompetisies[40].

[40] Sien Addendum B vir ’n volledige opgawe van Troskie se geakkrediteerde artikels.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

Gevolgtrekkings en Aanbevelings

5.1 Die NG Kerk sedert die 1970's

Dit is duidelik dat die NG Kerk die afgelope 50 jaar drasties verander het van 'n "Christelike staatskerk" wat in die 1970s die "beskermheer" van die land se apartheidbeleid was, tot 'n kerk in die postmoderne era met verskillende denkrigtings, naamlik 'n tradisionalistiese-, charismatiese-, rasionalistiese-, mistiese- en sinkretistiese beweging (Steyn 2006:661-667).

Prof Gert Steyn (*ibid*) beskryf die "groot vyf" bewegings in die NG kerk soos volg:

- Tradisionalistiese beweging: "Ek beskerm my identiteit, daarom glo ek" (Steyn 2006:663). Hierdie gemeentes of bedienings bestaan hoofsaaklik uit die *silent generation*, dus lidmate van 50 jaar en ouer wat vashou aan die liturgie, denke en manier van doen in hul gereformeerde tradisie.
- Charismatiese beweging: "Ek ervaar, daarom glo ek" (Steyn 2006:665). Die sogenaamde *X-generasie*, die 15-35 jariges, is dikwels aanhangers van hierdie bedieningstyl waarin musiek begelei deur 'n *band*, in plaas van 'n vaste liturgiese vorm, die kern van die erediens vorm.
- Rasionalistiese beweging: "Ek verstaan (nie), daarom glo ek (nie)" (Steyn 2006:668). Die *Boomers*, wat meestal bestaan uit mense van 35-55 jaar, *yuppies* en *intelligentsia*, voel hulself hier tuis. Hierdie nuwer ontwikkeling is 'n reaksie teen die tradisionalisme (soms beskou as huigelary) en die charismatiese (soms beskou as emosionele manipulasie).
- Mistiese beweging: "Ek beleef, daarom glo ek" (Neo-ortodoksie) (Steyn 2006:669). Hierdie beweging, wat gewild is onder die *silent generation* (50 jaar en ouer), se gevoelsaspek is introvert en individualisties van aard met die klem op meditasie, simboliek, gebed en die sing van byvoorbeeld Gregoriaanse *chants* en Taizé-liedere.
- Sinkretistiese beweging: "Ek ontwerp self, daarom glo ek" (Steyn 2006:671). Persone wat aanhangers van hierdie beweging is, is deel van die millennium-generasie en die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> *yuppie*-kultuur. Hulle sien die wêreld as ’n *global village* waarin die nuutste tegnologie, sensitiwiteit teenoor ander kulture en sosiale vraagstukke van vandag die belangrikste prioriteite is. ’n Algemene godheid, ontwerp uit verskillende godsdienste, ideologieë en filosofieë, en gebore uit die postmodernisme en die *New Age*-beweging, word aangehang.

In ’n dokument deur die Moderamen[41] van die NG Kerk in 2013, getiteld *Die NG kerk en apartheid*, erken die sinode dat die kerk hom laat lei en beïnvloed het deur van die volgende faktore: ’n intieme verhouding met die Afrikaner, Afrikaners se stryd om ná Britse kolonialisme die politieke en ekonomiese mag te kry, die interpretasie van die Bybel sodat die Afrikaner se belange die swaarste weeg, nie-blanke mense wat gesien is as minderwaardig, en die miskenning van die eise van die Bybel vir eenheid, geregtigheid en versoening in die samelewing. Verder word erken en bely dat daar foute gemaak is, want die “belangrikste kenmerk van ’n gereformeerde kerk is egter dat ons verstaan dat ons net ten dele ken”. Met hierdie skrywe aanvaar “die kerk in sy geheel verantwoordelikheid vir sy aandeel aan apartheid” (http://kerkargief.co.za/doks/bely/GD_apartheid.pdf) (09/10/2016).

Die NG Kerk word sedert die negentigerjare beïnvloed deur die nuwe politieke en kulturele situasie in Suid-Afrika, maar veral deur die postmodernisme waarin alles wat seker was, onseker geword het. Groot uitdagings staar vandag steeds die NG Kerk in die gesig vanweë hierdie faktore, veral hoe die kerk homself sien en sy roeping in die Suid-Afrikaanse konteks (Kruger en Hofmeyr 2011:118). Volgens Durand (2002:20) is daar ’n algemene vermindering van die invloed van die godsdiens, die kerk, die teologie en ook die Christelike geloof waarneembaar in die politiek, opvoeding, wetenskap, kuns en handel in die samelewing.

Die postmoderne lidmaat staan krities teenoor die kerk en die gereformeerde erediens en voel moontlik dat die NG Kerk ongeloofwaardig geword het en nie meer ’n plek in die nuwe Suid-Afrika het nie (Kruger 2008:171). Steyn (2005:558) het dit as volg opgesom in sy artikel *Die NG Kerk se identiteitskrisis*; sy siening is na meer as tien jaar steeds van toepassing:

> Daar word rondgetas op soek na vastigheid en vingers word gewys na teoloë en teologiese opleiding as oorsaak van die NG Kerk se identiteitskrisis. Daar is ’n gevoel van angstigheid oor die huidige situasie en ’n gevoel dat die bestaande teologiese opleiding predikante oplei wat nie opgewasse is om die huidige situasie

[41] Die Moderamen is die hoofuitvoerende bestuur van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> sinvol te kan hanteer nie. Die onsekerheid van die NG kerk se plek in die Suid-Afrikaanse samelewing, op die kontinent van Afrika en in die res van die wêreld in ’n veranderende wêreldomgewing en in ’n post-apartheid bestel, word ’n verplaaste angs wat veroorsaak dat daar in sy eie binnekringe na ’n sondebok gesoek moet word.

5.2 Die rol van kerkmusiek in die NG Kerk

Die rol van kerkmusiek en die orrel spesifiek het die afgelope 50 jaar merkbare veranderinge ondergaan, veral vanweë bogenoemde verwikkelinge in die kerk en ook die ingesteldheid van die postmoderne lidmate. Verskeie artikels en briewe deur besorgde orreliste, predikante en musici in *Vir die Musiekleier* bevestig dié feit. Troskie (1992a:46) verwoord vele orreliste en kerkmusici se ervaring reeds in 1992 as volg:

> Hierdie ... is simptomaties van die ernstige toestand waarin kerkmusiek in talle NG gemeentes verkeer. Onder die gevleuelde begrippe, Lofprysing en Musiekbediening, sypel allerlei musiekonheile die eredienste in. Elkeen wat ’n noot kan sing, of blaas, of ’n kitaar kan vashou, al is dit hoe skeef, vals en onbeholpe, word al te maklik toegelaat om hul musikale onkunde in die kerk ten toon te stel en die erediens in ’n derderangse konsert te vervorm. Besef mense nie dat dit ’n lang opleiding en harde oefen verg voor jy ’n instrument in die openbaar durf bespeel, of solosang durf lewer nie? Al word dit hoe opreg gedoen – as dit nie afgerond en stilisties op ’n aanvaarbare peil aangebied word nie, is dit nie geskik vir die erediens nie. Gemeentes moet sit en luister hoedat ’n “atmosfeer” geskep word deur oënskynlik weggevoerde toe-oë “sangers” en “sangeresse”, of sanggroepies, begelei deur (dikwels vals) kitare, ’n “keyboard”-speler (met swak harmonie) of ’n kwasi-Richard Clayderman pianis. Belangrik is natuurlik ook die “beat”. Hierdie geluide word dan bowendien deur massiewe klankversterkers op die gemeente gebombardeer. Ek bevraagteken nie hierdie musiekmakers se opregte bedoelings nie – bloot die lae peil van hulle musiekmaak in die erediens en die onvanpaste *styl* van musiek. Dit skyn asof die alledaagse populêre musiek*styl* soos ons dit deur die week in die media en die supermark hoor, in die erediens ingesleep, en vergoeilik wil word op grond van die dun geestelike sousie (die teks) wat daar oorgegooi is. Van literêr- en musikaal-estetiese kwaliteite is daar weinig sprake.

Troskie noem verder dat die redes wat aangevoer word vir hierdie “nuwe kerkmusiek” die behoefte aan lofprysing (’n term wat saam met *gospel* musiek van Amerika afkomstig is – die sogenaamde *praise and worship*), die behoeftes van die jeug en die vernuwing van die erediens is. Hy reken die kerk se opvoedingstaak lê daarin dat hulle vir die jeug die goeie kerklied moet aanleer, aangesien dit nie meer noodwendig op skool of tydens die kategese gedoen word nie. Vervolgens het hy drie verdere probleme identifiseer as rede waarom baie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

lidmate nie meer die kerkmusiek aanvaarbaar vind nie, naamlik kerkorreliste wat "vaal en verbeeldingloos op die orrel teem", predikante wat vashaak by 'n paar bekende kerkliedere en die toestand van heelwat kerkorrels wat nie op standaard is nie (Troskie 1992a:46). Hierdie probleme is ongelukkig vandag nog in sekere gemeentes van toepassing. Prof Roelof Temmingh skryf in 1993 in *Vir die Musiekleier*:

> Verreweg die belangrikste gebeure in die hele musiekgeskiedenis is die opkoms van die luidspreker as die sentrum van musiekgebeure. Afgesien van talle ander omwentelings, het dit die skynbaar onkeerbare kommersialisering van musiek meegebring, wat slegs een prioriteit ken: geld. Op alle vlakke buit geldsug die mens uit. Hierdie uitbuiting konsentreer oorwegend op die "natuurlike mens" se voorkeur vir die primitiewe bo die ontwikkelde, die waardelose bo die kosbare, die minderwaardige bo die hoogstaande, die dekadente bo die voortreflike en die cliché bo die vinding. Die gevolg (indien nie die mikpunt) van hierdie veldtog is nie die ontstaan van "verskillende smake" nie, maar 'n laakbare saamsnoering van 'n massa mense *sonder* smaak (Temmingh 1993:17).

Temmingh bevestig verder die feit dat besware teen die amptelike kerkliedere nie 'n nuwigheid in die NG Kerk gedurende die vroeë negentigerjare was nie (*ibid*.). Heelwat orreliste het deur die afgelope paar jare aan die navorser genoem dat hulle deeglik bewus is van die feit dat lidmate verskillende vlakke van musiekkennis en -smaak het, en dat die tradisionele kerklied (eintlik al vir baie jare) nie meer vir almal aanvaarbaar is nie. Dit is dus beter om leiding te neem by die kerk-orkes om te sodoende te verseker dat die musiek in erediens steeds aan 'n sekere standaard voldoen, terwyl die orrel, soos Vermeulen (2012:213) dit stel, "oordeelkundig en vernuwend" aangewend word.

Isabeau Swanepoel (2014a:91) is van mening dat die hedendaagse kerkganger 'n behoefte het om in die kerk met oorgawe te sing, maar daarvoor is die keuse van liedere belangrik om aan almal se behoeftes te voldoen en terselfdertyd die hele gemeente te betrek. Sy sê dat die "beginsel van uitnemendheid" 'n belangrike maatstaf is, aangesien musiek nie as heilig beskou kan word nie, maar wel goed of sleg, gepas of ongepas vir die erediens. Met haar navorsing het sy tot die volgende slotsom gekom:

> ... dat die orrel nog steeds die instrument van voorkeur is vir gebruik in eredienste van die NG Kerk en dat 90% van die leraars orrelspel positief beleef. Vir die gemiddelde postmoderne lidmaat is dit verkieslik dat die tradisionele en hedendaagse langs mekaar gebruik word in die liturgie en liturgiese musiek sodat daar voldoen kan word aan die behoeftes van die verskillende spiritualiteitstipes in die gemeentes (Swanepoel 2014b:16).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.3 Die bydraes van Albert Troskie

Een van Troskie se grootste bydraes tot kerkmusiek in Suider-Afrika is ongetwyfeld die stigting van SAKOV. Hierdie belangrike vereniging het homself deur die jare bewys as leier op die vakgebied vir kerkorreliste in die gereformeerde tradisie van die hoofstroom Afrikaanse kerke in Suider-Afrika. Dit is en was ’n samebindende faktor vir orreliste van oor die hele Suid-Afrika en Namibië, wat tred hou met die tyd en wat die orrelis begelei van dit wat bekend en seker was, na die onbekende van die postmoderne eise van vandag. Saam met mede-gelowiges van SAKOV kan orreliste hul lot bekla en vrese uitspreek, maar ook berusting vind in die feit dat die kerkmusiek altyd tot lof en verheerliking van God moet wees, terwyl almal in diens van Hom staan.

Deur al hierdie veranderlikes was en is SAKOV vir die orrelis ’n anker en ’n netwerk van ondersteuning en opleiding. Tydens die jaarlikse streeksvergaderings word kennis en raad gedeel en orreliste besef dat ander lidmate dikwels die gevolge van die postmodernisme in die NG Kerk dieselfde ervaar. SAKOV se jaarblad, *Vir die Musiekleier*, met sy insiggewende en relevante artikels, is van groot waarde vir die orrelis, musiekleier, leraar en eredienswerkgroep. Troskie het vir baie jare bydraes hierin gelewer as redakteur maar ook met die tallose artikels wat hy vir die tydskrif geskryf het oor onderwerpe wat vir die orrelis ‘indiensopleiding’ gegee het. Sodoende het hy die tydskrif gevestig as ’n belangrike bron van inligting oor ’n wye verskeidenheid van onderwerpe oor die Afrikaanse en internasionale kerkmusiek soos: wat is ’n erediens, die funksie van orrelspel en gemeentesang, geskikte liturgiese orrelmusiek, goeie gemeentesang-begeleiding, die taak van die kerkorrelis, die korrekte gebruik van die kerkkoor, oorsese reis- en navorsingsverslae, orrels van Suid-Afrika en so meer (Troskie 1985:3).

Nuusbrief, wat twee keer per jaar verskyn en waarvan Troskie ook die redakteur vir ’n lang periode was, se doel aldus Bouwer van Rooyen (2012:3) in sy voorsittersbrief is die volgende:

> *Nuusbrief* moet ’n samehorigheid bewerkstellig tussen lede, landswyd en ook oor ons landsgrense heen. Ons moet op hoogte bly van mekaar se doen en late om mekaar sodoende te ondersteun en te inspireer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

By die SAKOV-streeksbyeenkomste, waartydens lede jaarliks ontmoet vir inligting en opleiding, het Troskie veelvuldige lesings gegee, en só by orreliste bekend geword as die 'vader' van SAKOV. As pedagoog het hy dikwels vir orreliste met raad bedien oor die kerkmusiek wat hom so na aan die hart lê, maar hy doen dit op sy nederige, positiewe en passievolle manier. Swanepoel (2014a:100,101) het in haar navorsing oor die gebruik van die orrel in die NG Kerk vraelyste aan orreliste beskikbaar gestel. Daarvolgens het 76% van orreliste wat die SAKOV-streeksbyeenkomste bywoon dit beskryf as: leersaam, 'n inspirasie, deel dieselfde probleme as ander orreliste, koinonia, hulle geniet jonger orreliste se insette wat betref kontemporêre musiek en improvisasie, dit stimuleer groei en "dit wat ek weet het ek daar geleer". Sy sê voorts:

> Postmoderne orreliste kan bemagtig word deur skakeling met ander orreliste wat waarskynlik met dieselfde tipe uitdagings werk. SAKOV bestaan uit orreliste wat vir ander orreliste die lewe makliker maak.

Vanweë die aansien wat SAKOV as vereniging geniet, is die groot finansiële skenking van 'n anonieme donateur indirek aan die instansie gemaak, wat gelei het tot die SAKOV-beurskompetisie wat ten doel het om orrelspel in Suider-Afrikaanse kerke te bevorder. Die beurskompetisie is inklusief en lok ook Engelse orreliste aangesien alle lede van SAKOV aan die kompetisie mag deelneem. Die afgelope 36 jaar het SAKOV homself bewys as 'n vereniging wat steeds groei en relevant is in veranderlike tye. Die SAKOV-webblad en akkreditasie van *Vir die Musiekleier* is tekenend van 'n vereniging wat 'n rol speel in 'n postmoderne kerkmilieu. Volgens mede-orreliste slaag SAKOV in sy visie:

> Om 'n vereniging te wees wat streef om te verseker dat ontwikkeling en op-leidingsbehoeftes van lede progressiewe realisering toon ten opsigte van universele asook eiesoortige skoling, verbetering in die gehalte van kerkorrelspel en eliminering van ongewensde praktyke onder Suid-Afrikaanse kerkorreliste (SAKOV webadres: http://www.sakov.org.za/index 10/09/2016).

Tydens Troskie se voorsitterskap het dit gou onder sy aandag gekom dat orreliste 'n groot behoefte het aan gepaste musiek vir die erediens, wat hom genoop het om koraalvoorspele te skep uit die liedere in die Afrikaanse kerkbundels. Sy bydrae op hierdie gebied sluit sy drie bundels *Liedboekverwerkings vir orrel en koor*, *Liedboekverwerkings vir orrel en koor Vol. 2* en *Hoor die blye tyding! Verwerkings vir Koor en Orrel Vol. 3* in, wat baie goed ontvang is en sekerlik elke Sondag in kerkdienste landwyd gebruik word. Sy komposisies getuig van 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

fyn aanvoeling vir die teks, tegniese korrektheid, idiomatiese skryfwyse vir die orrel en uiters gebruikers- en luisteraarsvriendelike skeppings. Troskie is deeglik bewus van wie die luisteraars van sy musiek is – die oorgrote meerderheid van kerkgangers wat geen of weinig musiekkennis het. Gevolglik is die koraalmelodie altyd duidelik herkenbaar, ook vir die leek. Hy skryf dus funksionele liturgiese musiek waarvan verskeie van sy komposisies egter ook vir konsertdoeleindes gebruik kan word.

As geskiedskrywer oor die ontwikkeling en geskiedenis van historiese en moderne pyporrels in Suid-Afrika, het Troskie ’n belangrike bydrae gelewer tot die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis met sy twee boeke *Pyporrels in Suid-Afrika* en *The Historical Pipe Organ Heritage of South Africa*. As orrelkenner en -adviseur was hy instrumenteel in die ontwerp en installasie van verskeie orrels in Suid-Afrika, waaronder die twee belangrikste bydraes, die orrel in die Veremarksentrum en die NG Kerk Somerstrand in Port Elizabeth. Troskie was betrokke by die omskepping van die Veremarksaal in Port Elizabeth in ’n volwaardige konsertsaal, nadat hy die behoefte hieraan reeds in Mei 1987 met sy professorale intreerede gemotiveer het. Sy kennis van orrels en akoestiek, asook sy passie vir die kultuur- en musieklewe van Port Elizabeth, was die dryfveer agter hierdie suksesvolle projek. Onder sy sekretarisskap van die Veremark-orrelvereniging, het daar die afgelope 17 jaar reeds meer as 150 konserte op die Veremark- en verskeie konserte op die Somerstrandorrel plaasgevind. As voordraer gee hy self nog gereeld orreluitvoerings en is hy van die min kerkorreliste wat nog ’n aktiewe, permanente kerkkoor het. Drie orrel-CDs en drie CDs wat met sy kerkkoor en gemeente opgeneem is, getuig hiervan. Hierdie CDs, waar die komponis sy eie koraalvoorspele opgeneem het, is besonders en ook van groot waarde, veral aangesien dit aan orreliste ’n klankbeeld gee van hoe hy self die komposisies voordra.

Belangrike bydraes is deur Troskie gelewer as eindredakteur (een van drie) van die *Liedboek van die Kerk* en as lid van die *VONKK*-kommissie (tot op hede), maar ook met harmonisasies van die liedere wat ingesluit is. Sy ervaring as kerkmusikus en orrelis was/is ’n aanwins vir hierdie kommissies. Met meer as 50 gepubliseerde artikels, as mede-outeur van verskeie boeke en met die talle referate wat hy gelewer het, is hy ook ’n rolspeler op die gebied van die musiekwetenskap.

Die verskeie toekennings wat Troskie ontvang het dien as erkenning vir die feit dat hy ’n mens is wat ’n verskil maak in ander se lewens asook die omgewing waarin hy werksaam is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Albert Troskie, SAKOV-stigter, kerkmusikus, orrelis, komponis, orrelkenner en -adviseur, pedagoog en orrel-geskiedskrywer het ongetwyfeld tallose bydraes gelewer tot die musieklewe van Suider-Afrika. Met hierdie studie is gepoog om sy bydraes te dokumenteer vir gebruik deur orreliste, navorsers en belangstellendes.

5.4 Aanbevelings

Aanbevelings vir verdere navorsing en praktiese implementering kan ’n vergelykende studie met kerkorrelisteverenigings soos SAKOV, KVOK (Koninklijke Vereniging van Organisten en kerkmusici), BIOS (The British Institute of Organ studies), AGO (American Guild of Organists) en GdO (Gesellschaft der Orgelfreunde) behels. Die verskillende verenigings se missies, visies, organisatoriese styl, geskiedenis, stigting, tydskrifte wat uitgegee word en so meer behoort ’n insiggewende bron van navorsing te wees.

Die nuutste drie SAKOV-bundels (*Feesbundel, SAKOV Erediensmusiek Vol. 2* en *3*), wat verskeie van Troskie se komposisies bevat, sal ook ’n interessante onderwerp vir navorsing wees as die werke geklassifiseer en ondersoek word ten opsigte van styl, moeilikheidsgraad en waar dit in die erediens gebruik kan word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Addendum A

Lys van komposisies

A.1 Gepubliseerde koraalvoorspele

LV - Albert Troskie *Liedboekverwerkings vir orrel en koor,* 2003.
LV 2 - Albert Troskie *Liedboekverwerkings vir orrel en koor Vol. 2*, 2006.
HDBT 3 – Albert Troskie *Hoor die blye tyding! Verwerkings vir Koor en Orrel, Vol. 3*, 2016.
SAKOV 1 - SAKOV 30 Feesbundel Vol. 1 Orrel-, koor- en instrumentale verwerkings van musiek uit *Liedboek van die Kerk*, 2010.
SAKOV 2 - SAKOV Erediensmusiek Vol. 2 Orrel-, koor- en instrumentale verwerkings uit *Liedboek van die Kerk*, 2011.
SAKOV 3 - SAKOV Erediensmusiek Vol. 3 Orrel-, koor- en instrumentale verwerkings uit *Liedboek van die Kerk*, VONKK- en FLAM-versamelings, 2013.
LO 3 - Liturgiese Orrelmusiek, Band 3, U.O.V.S. kerkmusiekbundel, 1979.
MHM H - Met hart en mond en hande! Liturgiese musiek vir orrel en koor, 1998.

1. Psalm 5 - Gee, Here, aan my woorde aandag (2008) *SAKOV 1*
2. Psalm 23 - Die Here is my herder (2003) *LV*
3. Psalm 29 - Prys die Here, Hemelinge (2010) *SAKOV 1*
4. Psalm 89 - Vir ewig staan U trou, dis sonder wankeling (2012) *SAKOV 3*
5. Psalm 146 - Prys die Here, loof en prys Hom (2007/2010) *SAKOV 2*
6. Lied 154 - Kom nou tesaam (2003) *LV*
7. Lied 159 - God is hier teenwoordig (2016) *HDBT 3*
8. Lied 167 - Jesus, bron van al my vreugde (2000/2003) *LV*
9. Lied 200 - U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie (2010) *SAKOV 1*
10. Lied 215 - Besing die lof van Jesus saam (2003) *LV*
11. Lied 258 - Vreugdevolle tyding (2012) *SAKOV 3*
12. Lied 293 - Jesus neem ons kleine kinders (2010/2011) *SAKOV 2*
13. Lied 343, 498 - Loof die God van ons verlange! (2003) *LV*
14. Lied 358 - Welkom, o stille nag van vrede (2006) *LV 2*
15. Lied 364 - Herders op die ope velde (2011) *SAKOV 2*
16. Liedere 367-371 - Kersfeessuite (2003) *LV*
17. Lied 377 - O Lam van God, onskuldig (1979/2003) *LV, LO 3*
18. Lied 400 - Juig, juig in Hom (2011) *SAKOV 2*
19. Lied 414 - Juig verlostes, juig en sing (2006) *LV 2*
20. Lied 421 - Die Here Jesus lewe (2003) *LV*

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

21. Lied 422 - Die Heer, die Heer het opgestaan (2012) *SAKOV 3*
22. Lied 453 - Aan die Vader dank en ere (2012) *SAKOV 3*
23. Lied 461 - Na ploegtyd en na saaityd (2006) *LV 2*
24. Lied 464, 516 - O Heer my God (2016) *HDBT 3*
25. Lied 469, 521 - Erkentlik deur die dae. Dankfanfare (2010) *SAKOV 1*
26. Lied 509 - Op berge en in dale (2000/2003) *LV*
27. Lied 514 - Ek weet vir seker (2003) *LV*
28. Lied 524 – God roep ons met woord en daad (2016) *HDBT 3*
29. Lied 527 - Die werk behoort aan U, ons Heer (2006) *LV 2*
30. Lied 529 - Dank, dank die Heer (2006) *LV 2*
31. Lied 532, 537 - Ons Vader, neem ons hande (1998/2003) *LV, MHMH*
32. Lied 556 - Vervul my hart met dankbaarheid (2003) *LV*
33. Lied 597 - Dié met helder witte klere (2006) *LV 2*
34. Lied 602 – Ek sien ’n nuwe hemel kom (2016) *HDBT 3.*

A.2 Gepubliseerde Inleidings en Harmonisasies:

6.2.1 Inleidings en Harmonisasie vir Psalms en Gesange (1988)

1. Psalm 36 - So wil die goddelose wees (Psalm 68, Lied 233, 213, 407)
2. Psalm 128 - Geseënd hy wat handel (Lied 409, 485, 535, 590)
3. Gesang 5 - Kom dank nou almal God (Lied 188)
4. Gesang 10 - Grote God aan U die eer (Lied 190, 192)
5. Gesang 96 - Stille nag, heilige nag! (Lied 348)
6. Gesang 182 - Besing die lof van Jesus saam (Lied 215)
7. Gesang 192 - Jesus, Rots vir my geslaan (Lied 239).

6.2.2 Intonasies vir die orrel vir die 150 Psalms (1990)[42]

1. Psalm 7 - Heer, my God, by wie ek skuiling
2. Psalm 13 - Hoe lank is ek van hulp ontbloot
3. Psalm 21 - U maak, o Heer, die koning bly

[42] Hierdie intonasies is gebaseer op die *Koraalboek vir Psalms en Gesange* 1976 (Derde druk 1990).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4. Psalm 31 - Net soos ’n rots, gesterk, gestewig
5. Psalm 40 - Ek het die Here lank in my druk verwag
6. Psalm 55 - Verhoor o God, verhoor my klagte
7. Psalm 73 - Voorwaar, God is vir Isr’el goed
8. Psalm 90 - U was o Heer, vanaf die vroegste jare
9. Psalm 106 - Geloofd sy God, die eewge Heer!
10. Psalm 121 - Ek hef my oë bergwaarts heen
11. Psalm 136 - Loof die Heer met blye klank
12. Psalm 148 - Loof uit die heemle, loof die Heer!
13. Psalm 149 - Sing tot Gods eer met lof en dank.

6.2.3 Inleidings en Harmonisasies vir die Kerklied (1994)

1. Psalm 66 - O God van hoop, gee ons u vrede (Lied 588, 305)
2. Psalm 116 - Waarom, o God, bly U ons so verstoot? (Psalm 74, Lied 491)
3. Psalm 147 - Dis goed om God se lof te sing
4. Psalm 150 - Prys die Here, almal, kom Lied 339)
5. Gesang 8 - Loof heel die skepping, loof die Heer (Lied 456, 411)
6. Gesang 77 - Die volk wat in die donker wandel (Lied 330)
7. Gesang 85 - Redder van ons lewe (Lied 371)
8. Gesang 87 - Kom, kinders, besing met ’n vrolike stem (Lied 349)
9. Gesang 189 - Jesus, U gaan voor (Lied 505)
10. Gesang 205 - Ons kom loof U as ons Vader (Lied 186, 224, 435)
11. Gesang 260 - Halleluja! Ons loof U, Heer (Lied 449, 457)
12. Sing onder Mekaar 4 - Bring lof aan die Vader (Lied 205)
13. Sing onder Mekaar 13 - Gelukkig is die mens (Lied 494)
14. Sing onder Mekaar 15 - God roep ons om met woord en daad (Lied 524)
15. Sing onder Mekaar 29 - Juig, verlostes, juig en sing (Lied 414).

6.2.4 Liedboek van die Kerk (2001)

1. Psalm 29 - Prys die Here, hemelinge
2. Psalm 38 (b) - Straf my, Heer, nie met die roede
3. Psalm 58 - Is julle oordeel wel regverdig

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4. Psalm 75 - Heer, ons kom ’n loflied bring
5. Psalm 76 - Hy het sy Naam bekendgestel
6. Psalm 89 - Vir ewig staan u trou (Lied 447)
7. Psalm 114 - Toe Israel weg uit Egipte trek
8. Psalm 126 - Verander tog, o Heer ons lot
9. Lied 154 - Kom nou tesaam
10. Lied 156 - Loof, loof die Here!
11. Lied 169 - Heilig, heilig, heilig (NICAEA) – Slegs die diskant gekomponeer
12. Lied 170 - Heilig, heilig, heilig (ARGENTINA) – Verwerking vir SATB en orrel
13. Lied 172 - Heilig, heilig, heilig (Prince)
14. Lied 177 - Jesus, gróót bo almal
15. Lied 189 - Halleluja!
16. Lied 197 - Wonderbare Koning
17. Lied 218 - Halleluja!
18. Lied 270 - Son van die geregtigheid
19. Lied 272 - Stuur nou u lig
20. Lied 293 - Jesus neem ons kleine kinders – Harmonisasie, diskant en instrumentale ostinaat
21. Lied 301 - Ons kom vier u maaltyd, Vader
22. Lied 308 - Neem my lewe, laat dit, Heer – Harmonisasie en diskant
23. Lied 326 - Maak oop die poorte, deure wyd!
24. Lied 334 - “God is liefde!” juig ons harte – Harmonisasie en diskant (Lied 536)
25. Lied 337 - Loof God, o Christen! Hy is groot
26. Lied 349 - Kom, kinders, besing met ’n vrolike stem
27. Lied 358 - Welkom, o stille nag van vrede
28. Lied 372 - Hoe glansryk blink die môrester – Harmonisasie (SATB) en instrumentale diskant (373)
29. Lied 374 - ’n Ster het in die ooste
30. Lied 379 - Jesus Christus, Lam van God
31. Lied 408 - Dit is die dag, die Heer se dag!
32. Lied 420 - Daar klink ’n lied
33. Lied 443 - Wind kan jy nie sien nie
34. Lied 455 - Here, u skepping gee U eer
35. Lied 460 - Ons sing ’n nuwe lied tot u eer

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

36. Lied 462 - Aan U, ons Vader, lof en dank
37. Lied 464 - O Heer my God (Lied 516)
38. Lied 509 - Op berge en in dale – Harmonisasie en diskant vir strofe 4
39. Lied 518 - Voel jy soms of die Here te vér is?
40. Lied 542 - Jesus, ons loof U! – Slegs instrumentale diskant
41. Lied 543 - Here Jesus, ek is klein
42. Lied 553 - Ek is bly ek ken vir Jesus
43. Lied 556 - Vervul my hart met dankbaarheid
44. Lied 563(b) - Aan U, o God my dankgesange
45. Lied 576 - Moet jy stry teen moeilikhede.

6.2.5 Inleidings, Harmonisasies, Verwerkings, Naspele van die Kerklied Vol. 2 (2005)

1. Psalm 31 - By u, o Here, soek ek skuilplek (Psalm 71)
2. Psalm 33 - Sing juigend, sing ’n nuwe loflied
3. Psalm 66 - Juig, almal op die aarde, roem Hom
4. Psalm 68 - Die vyand vlug as God verskyn (Psalm 36, Lied 213, 233, 407)
5. Psalm 116 - God het ek lief (Psalm 74, Lied 491)
6. Psalm 128 - Geseënd hy wat handel (Lied 409, 485, 535, 590)
7. Psalm 150 - Prys die Here, almal,kom (Lied 339)
8. Lied 184 - Lofsing die Here (modulerende oorgang voor slotvers)
9. Lied 186 - Ons kom loof U as ons Vader (Lied 244, 435 - Alternatiewe inleiding)
10. Lied 188 - Kom dank nou almal God (Lied 458, 592)
11. Lied 190 - Grote God, aan U die eer (Lied 191, 192)
12. Lied 197 - Wonderbare Koning (Alternatiewe inleiding)
13. Lied 205 - Bring lof aan die Vader
14. Lied 239 - Jesus, Rots vir my geslaan
15. Lied 330 - Die volk wat in die donker wandel
16. Lied 348 - Stille nag, heilige nag!
17. Lied 349 - Kom kinders, besing met ’n vrolike stem
18. Lied 414 - Juig verlostes, juig en sing
19. Lied 456 - Loof, heel die skepping, loof die Heer (Lied 411)
20. Lied 488 - Helder skyn u lig vir die nasies
21. Lied 494 - Gelukkig is die mens

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

22. Lied 498 - Hy wat glo, word nie beskaam nie (Lied 343)
23. Lied 524 - God roep ons om met woord en daad (Lied 439).

6.2.6 Orrelinleidings uit Liedboekverwerkings vir orrel en koor Vol. 2 (2006)

1. Psalm 33 - Sing juigend, sing ’n nuwe loflied
2. Psalm 104 - Ek wil die Here loof (Lied 336, 360, 405)
3. Psalm 105 - Loof God se Naam
4. Psalm 124 - Het God die oormag vir ons bestry
5. Lied 203 - Loof die Here, al wat lewe.

6.2.7 Harmonisasies van VONKK liedere

1. *VONKK* 16 - God van ons verlede (orrel)
2. *VONKK* 17 - Here, sien my bitter lyding (orrel)
3. *VONKK* 23 - Jesus, U is die lig in ons lewe
4. *VONKK* 43 - My hart roep uit (kantory)
5. *VONKK* 45 - Dankie, Heer, dat U by my bly (orrel)
6. *VONKK* 48 - Jesus het my lief (orrel)
7. *VONKK* 52 - Vir my pappa en sy werk (orrel)
8. *VONKK* 53 - Skuil by die Vader (orrel)
9. *VONKK* 57 - Ek gee aan julle ’n nuwe gebod (orrel)
10. *VONKK* 58 - Ons vind ons krag in die Here (orrel)
11. *VONKK* 63 - Die Here Jesus Christus, kom alles van my vra (orrel)
12. *VONKK* 65 - Ere aan God in die hoogste (ostinaat)
13. *VONKK* 72 - Wees stil. Want die heilige is hier (orrel en kantory)
14. *VONKK* 80 - Ek is bly (orrel)
15. *VONKK* 81 - Jesus, al is ek maar klein (orrel)
16. *VONKK* 82 - Laat ons skyn vir Jesus (orrel)
17. *VONKK* 85 - Here, ons Here, hoe groot is U (orrel)
18. *VONKK* 90 - Maranata! (orrel)
19. *VONKK* 93 - Kom Heer Jesus, en wees U ons gas (ostinato)
20. *VONKK* 94 - Ek het die Here lief (orrel)
21. *VONKK* 95 - Daar is niemand soos U, Here God (orrel)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

22. *VONKK* 97 - Christus, lank reeds verwag (orrel)
23. *VONKK* 107 - Heer, God Almagtig (kantory)
24. *VONKK* 112 - Ons Vader in die hemel (kantory)
25. *VONKK* 113 - Kom, Heilige Gees (orrel)
26. *VONKK* 116 - Laat jou lewe aan die Here oor (kantory)
27. *VONKK* 126 - Wyer as die heelal (orrel)
28. *VONKK* 130 - Dankie vir hierdie nuwe môre (orrel met modulasies)
29. *VONKK* 136 - O Here, my God, ek verlang na U (orrel).

A.3 Koorverwerkings

6.3.1 Met hart en mond en hande (1998)

1. Lied 425 - Kyk die Heer het opgestaan (SAB, trompet en orrel)
2. Lied 294 - Jesus roep die kindertjies (Kinder-, dameskoor, orrel of klavier).

6.3.2 Liedboekverwerkings vir orrel en koor (2003)

1. Psalm 8 - O, Here God (SATB, fluit en orrel)
2. Psalm 8 - O, Here God (Mannekoor)
3. Psalm 99 - Volke, buig jul neer (Mannekoor en orrel)
4. Psalm 136 - Loof die Here (SATB, kinderkoor en orrel)
5. Lied 167 - Jesus, bron van al my vreugde (Mannekoor)
6. Lied 184 - Lofsing die Here (SATB en orrel)
7. Lied 269 - God bly met u waar u ook mag gaan (SATB)
8. Lied 294 - Jesus roep die kindertjies (Kinder-/dameskoor, orrel of klavier)[43]
9. Lied 301 - Ons kom vier u maaltyd, Vader (SATB en orrel)
10. Lied 350 - In die stad van koning Dawid (SAB en instrumente)
11. Lied 358 - Welkom, o stille nag van vrede (SATB en instrumente)
12. Lied 401 - Wie sal ons glo as ons vertel (SATB en orrel)
13. Lied 420 - Daar klink ’n lied, daar juig ’n stem (SATB en orrel)

[43] Oorspronklik gepubliseer in *Met hart en mond en hande!* (1998).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

14. Lied 425 - Kyk die Heer het opgestaan (SATB , trompet en orrel)[44]
15. Lied 505 - Jesus, U gaan voor (SATB en orrel)
16. Lied 599 - As Hy weer kom (Kinder-/dameskoor).

6.3.3 Liedboekverwerkings vir orrel en koor Vol. 2 (2006)

1. Lied 184 - Lofsing die Here (Orrelparty vir vers 3 en soprane).
2. Lied 358 - Welkom o stille nag van vrede (SSA, klavier/orrel en instrumente)

6.3.4 HOOR DIE BLYE TYDING! Verwerkings vir Koor en Orrel Vol. 3 (2016)

1. *VONKK* 53 - Skuil by die Vader (SATB, klavier/orrel en fluit)
2. *VONKK* 57 - Ek gee aan julle ’n nuwe gebod (SATB, orrel en fluit)
3. *VONKK* 58 - Ons vind ons krag in die Here (SATB, klavier/orrel)
4. *VONKK* 85 - Here, ons Here, hoe groot is U! (Ps 8) (SATB, orrel)
5. *VONKK* 97 - Christus, lank verwag (SATB, orrel/klavier)
6. *VONKK* 179 - Ek kniel hier in die oggendlig (SATB, orrel)
7. *VONKK* 183 - Net soos die hemelkoor (SATB, orrel)
8. *VONKK* 194 - Was jy daar? (SATB, orrel)
9. *VONKK* 243 - Laat my nooit die grond verlaat nie (SATB, orrel/klavier)
10. *VONKK* 244 - Ding, dong, hoor die klokke lui (SATB, orrel, fluit en viool)
11. *VONKK* 245 - Hoor die blye tyding (SATB, orrel)
12. *VONKK* 270 - Son van die geregtigheid SATB, orrel)
13. Lied 443 - Wind kan jy nie sien nie (SATB, orrel)
14. Dankie/Danke/Thank you (SATB, orrel)
15. Laat my mense gaan (SATB, orrel/klavier).

A.4 Ongepubliseerde werke

1. *Te Deum Laudamus* (Melodie: Ges 60 in AGB van 1987) - Verwerking vir koperblaaskwintet, koor en orrel
2. O Heer my God - Verwerking vir twee melodiese-instrumente.

[44] Oorspronklik gepubliseer in *Met hart en mond en hande!* (1998).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Addendum B

Gepubliseerde artikels van Troskie

B.1 Geakkrediteerde artikels in akademiese tydskrifte

B.1.1 *ARS NOVA*, Pretoria, UNISA Departement Musiekwetenskap

- "Orrelbou in Suid-Afrika", Vol. 3, nr. 2, 1971.
- "Roger Ascham (1864-1934) – virtuoos, pedagoog en komponis", Vol. 4, nr. 2, 1972.
- "Madrigalisme in die vokale musiek van JP Sweelinck (1562-1611)", Vol. 5, nr. 1, 1973.
- "Harmonie en Kontrapunt – 'n benadering volgens styltydperke en die resultaat daarvan", Vol. 5, nr. 1, 1973.
- "Holland 1977 – enkele reisindrukke", Vol. 10, 1978.
- "Nagraadse musiekstudie in Suid-Afrika", Vol. 11, 1979.

B.1.2 Journal of British Institute of Organ Studies (BIOS), Oxford, Positif Press

- "*The Pipe Organ – Cornerstone of Music Making in the Nineteenth and Early Twentieth Century Port Elizabeth"*, Vol. 28, 2004.

B.1.3 *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Musiekwetenskap*, Pretoria, Musiekwetenskap-vereniging van Suid-Afrika

- "Styleienskappe in die koorwerke van Max Reger", Vol. 1, p. 52, 1981.
- *"Les Boers (1902): a notable work inspired by the Anglo-Boer War*", Vol. 11, p. 127, 1991.

B.1.4 *Vir die Musiekleier,* Queenswood, Die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging

- "Die Pyporrel – vir twee eeue draer van die Westerse musiekkultuur in Suid-Afrika", Vol. 40, p. 83, 2013.

B.2 Artikels in professionele tydskrifte

B.2.1 *Die Voorligter*, Pretoria, Tydskrif van die NG Kerk

- "Wat is verkeerd met ons pyporrels?", Oktober 1973.
- "Orrelbou en Akoestiek", Mei 1975.

B.2.2 *Vir die Musiekleier,* Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging

B.2.2.1 Liturgie en kerkmusiek:

- "Die noodsaaklikheid van 'n doelmatige aankondigingsbord", Vol. 4, p. 73, 1982.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- "W.A.Mozart: die orrel en die Protestantse kerkmusiek", Vol. 18, p. 44, 1991.
- "Ons Psalmmelodieë: hoe gaan dit verander?", Vol. 18, p. 59, 1991.
- "Die Afrikaanse Psalmberyming (3) – lys van melodieë wat behou word en wat verval", Vol. 19, p. 40, 1992.
- "Die Afrikaanse Psalmberyming (4) – tekste wat nuwe melodieë benodig", Vol. 19, p. 42, 1992.
- "Aanleerprogram vir 'n gemeente", Vol. 21, p. 86, 1994.
- "Liedboek van die kerk – Praktiese gebruik vir orrelis en leraar", Vol. 28, p. 45, 2001.

B.2.2.2 Kerk- en konsertorrelspel:

- "Ons begeleiding van Psalms en Gesange in die erediens", Vol. 1, p. 22, 1980.
- "Die SAUK-musiekprys 1980. 'n Bespreking van die kategorierondte vir orrel", Vol. 1, p. 38, 1980.
- "Hoe fraseer ons die Psalms en Gesange?" Vol. 3, p. 18, 1981.
- "Wat kan ek speel? 18 Koraalvoorspele vir orrel", Vol. 7, p. 57, 1984.
- "Waarop kom dit neer? – Die opleiding van die Afrikaanse Protestantese kerkorrelis in Suid-Afrika", Vol. 11, p. 63, 1986.
- "Wat kan ek speel? Intonasies vir die 150 Psalms (H.Temmingh). Vol. 18, p. 68, 1991.
- "Wat kan ek speel? – 'n Boekbekendstelling", Vol. 25, p. 39, 1998.

B.2.2.3 Orrel- en kerkbou:

- "Swak kerkorrels kan verbeter word!", Vol. 4, p. 27, 1982.
- "Kerkakoestiek – 'n Simposium", Vol. 15, p. 4, 1988.

B.2.2.4 Die Kerkkoor:

- "Wat kan ons sing? – Vox prophetae – agt toonsettings van goue woorde uit Jesaja vir gemengde koor deur Pierre Malan", Vol. 12, p. 93, 1986.
- "Wat kan ons sing? – Die Geloofsbelydenis en 15 deskante", Vol. 12, p. 94, 1986.
- "Wat kan ons sing? Halleluja! Laat ons sange jubel (Pieter van der Westhuizen)", Vol. 18, p. 61.

B.2.2.5 Oorsese reis- en navorsingsverslae:

- "Moderne orrelbou in Duitsland – enkele indrukke", Vol. 9, p. 24, 1985.
- "Suid-Afrikaanse orrelhistoriese navorsing in Europa", Vol. 14, p. 19, 1987.
- "Besoeke aan oorsese orrels en orrelbouers", Vol. 19, p. 26, 1992.
- "Reading internasionale orrelkongres, 1997", Vol. 24, p. 37, 1997.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

B.2.2.6 Plekke en instellings, skoling en orreliste:

- "Nuwe orrelfabriek van Suid-Afrikaanse Orrelbouers in Pretoria geopen", Vol. 4, p. 75, 1982.
- "Instituut vir Kerkmusiek gestig", Vol. 24, p. 54, 1997.

B.2.2.7 Persoonlikhede:

- "Twee kerkmusici (Willem Mathlener, Ernst Söhnge) word 80 jaar oud", Vol. 16, p. 41, 1989.
- "SAKOV se Bestuurs- en ander lede oor die afgelope 10 jaar", Vol. 17, p. 62, 1990.
- "Olivier Messiaen (1908-1992)", Vol. 19, p. 44, 1992.
- "Francois Uys: orrelbouer in Frankryk", Vol. 20, p. 20, 1993.
- "Hendrik Andriessen (1892-1981) – Nederlandse orrelis en komponis", Vol. 20, p. 37, 1993.
- "Taksie Delport – 'n leeftyd getroue diens as kerkorreliste", Vol. 22, p. 83, 1995.
- "Huldeblyk: Roelof Temmingh", Vol. 28, p. 75, 2001.
- "G.G. Cillié Gedenklesing: Roelof Willem Temmingh", Vol. 30, p. 70, 2003.
- "SAKOV: Die afgelope 25 jaar (1980-2005)", Vol. 32, p. 87, 2005.
- "Die orrelwerke van Jan Zwart", Vol. 34, p. 37, 2007.

B.2.2.8 Kerk- en huisorrels:

- "NG Montana, Pretoria", Vol. 2, p. 62, 1981.
- "NG Universiteitsoord, Eldoraigne, Faerie-Glen, Arcadia", Vol. 3, p. 54, 1981.
- "NG Johannesburg-Oos (Irenekerk)", Vol. 4, p. 56, 1982.
- "NG Frankfort", Vol. 6, p. 56, 1983.
- "NG Kraggakamma, Port Elizabeth", Vol. 7, p. 58, 1984.
- "NG Magalieskruin, Pretoria", Vol. 7, p. 61, 1984.
- "NG Rustenburg-Bergsig", Vol. 8, p. 55, 1984.
- "NG Bethal-Noord", Vol. 8, p. 1984.
- "NG Paarl (Strooidakkerk)", Vol. 9, p. 68, 1985.
- "NG Linden", Vol. 9, p. 70, 1985.
- "NHK Wapadrant, Pretoria", Vol. 9, p. 72, 1985.
- "Vrye Gereformeerd Pretoria", Vol. 10, p. 66, 1985.
- "NG Port Elizabeth-Wes", Vol. 10, p. 69, 1985.
- "Metodistekerk St. Luke's, Welkom", Vol. 14, p. 57, 1987.
- "NG Somerstrand, Port Elizabeth", Vol. 15, p. 74, 1988.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- "NG Sherwood, Port Elizabeth", Vol. 16, p. 65, 1989.
- "Huisorrel: Alan Etherington", Vol. 17, p. 70, 1990.
- "NG Pionierspark, Windhoek", Vol. 18, p. 57, 1991.
- "Evangelische-Lutherische Christuskirche, Windhoek", Vol. 18, p. 58, 1991.
- "NG Fichardtpark, Bloemfontein", Vol. 21, p. 51, 1994.
- "NG Lady Grey", Vol. 22, p. 68, 1995.
- "NG Hanover", Vol.22, p. 70, 1995.
- "NG Reitz", Vol. 24, p. 65, 1997.

B.2.2.9 Konsertorrels:

- "Die SAUK-Orrel, Johannesburg", Vol. 1, p. 42, 1980.
- "Baxter-konsertsaal, Universiteit van Kaapstad", Vol. 5 p. 63, 1982.
- "Universiteit van Wes-Kaap", Vol. 10, p. 61, 1985.
- "Somerstrand, Universiteit van Port Elizabeth", Vol. 15, p. 74, 1988.
- "Stadsaal van Kaapstad", Vol. 17, p. 68, 1990.
- "Universiteit van Durban-Westville", Vol. 19, p. 49, 1992.
- "'n Rieger-orrel vir Unisa", Vol. 20, p. 58, 1993.
- "Ou Mutual-gehoorsaal, Universiteit van Suid-Afrika", Vol. 22, p. 65, 1995.
- "Universiteit van die Witwatersrand", Vol. 21, p. 52, 1994.
- "Veremarksentrum, Port Elizabeth", Vol. 23, p. 73, 1996.
- "Unisa Sunnyside-kampus, Pretoria", Vol. 25, p. 84, 1998.
- "Ons konsertorrels: Die Veremarksentrum Port Elizabeth", Vol. 26, p. 54, 1999.

B.2.2.10 Boekbesprekings:

- "Wat kan ek lees?" Vol. 5, p. 40, 1982.
  1. *Ek sing 'n lofsang by my snare* (T.G. van Wyk)
  2. *Waarom 'n pyporrel* (A. Troskie en A.A. van Namen)
  3. *Die Geestelike lied in die NG Kerk* (W.J.B. Serfontein)
  4. *Orrelbouwetenskap* (L.J. Zielman)
- "Wat kan ek lees?" Vol. 7, p. 51, 1984.
  1. *'n Geskiedenis van die Afrikaans Protestantse kerklied* (Red. H. Du Toit)
  2. *'n Gradering en inleiding van geselekteerde koraalverwerkings* (N.H. Pauw)
  3. *Sololiedere vir die huweliksdiens* (Red. B. Louw en W.M.L. Strydom)
- "Wat kan ek lees? – *Alfabetiese woordelys van die Psalms en Skrifberymings*", Vol. 11, p. 65, 1986.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- "Wat kan ek lees? – *Die groot Afrikaanse koorleiersgids* (Red. S. Hendrikse)", Vol. 18, p. 64, 1991.
- "Wat kan ons lees? – *Pyporrels in Suid-Afrika* (Albert Troskie)", Vol. 19, p. 80, 1992.
- "Wat kan ek lees? – *Afrikaanse Liederwysies. 'n Verdwynende Kultuurskat* (G.G. Cillié)", Vol. 21, p. 48, 1994.
- "Wat kan ek lees? – *Die Pyporrel en sy geheime* (A.J. Laponder)", Vol. 24, p. 57, 1997.

B.2.2.11 Plaat- en CD-besprekings:

- "Plaatrubriek: *Roelof Temmingh improviseer op tien Afrikaanse Psalms en Gesange* en *Loof die Here* (Pieter van der Westhuizen)", Vol. 2, p. 56, 1981.
- "Plaatrubriek: *The Great Organs of Cape Town*", Vol. 10, p. 60, 1985.
- "Nuwe opnames: *Dancing Ice – Canadian Organ Music*", Vol. 21, p. 47, 1994.
- "*Pieter van der Westhuizen Gewyde Werke* (Singkronies Kamerkoor)", Vol. 24, p. 59, 1997.
- "*Zanta Hofmeyr plays Arioso* (Zanta Hofmeyr: viool en Wim Viljoen: orrel)", Vol. 24, p. 60, 1997.
- "*Acáma Fick in konsert met Afrikaanse koormusiek*", Vol. 24, p. 60, 1997.
- *"Roger Fisher plays two Romantic organ sonatas on the organ of St Mary's Cathedral, Port Elizabeth"*, Vol. 34, p. 61, 2007.

B.2.2.12 Sinodes, streekkursusse, vergaderings en byeenkomste:

- "Die Algemene Sinode van die NG Kerk, 1982: 'n kerkmusiekverslag", Vol. 6, p. 60, 1983.
- "Besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk rakende kerkmusiek", Vol. 13, p. 5, 1987.
- "Die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging: die eerste dekade (1980-1990)", Vol. 17, p. 4, 1990.

B.3 Artikel in *Eastern Province Herald,* Port Elizabeth

- "A legendary music genius, An article on the legendary Port Elizabeth musician, Roger Ascham (1864-1934)", 26 Maart 2004.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Addendum C

Notevoorbeelde van Troskie se komposisies

Voorbeeld 1: Wonderbare Koning - Lied 197, mm. 13-16. (*Liedboek van die kerk*)

Voorbeeld 2: Kom nou tesaam, laat ons vergader - Lied 154, mm. 1-4. (*Liedboek van die kerk*)

Voorbeeld 3: Jesus, gróót bo almal - Lied 177, mm. 7,8. (*Liedboek van die kerk*)

Voorbeeld 4: Op berge en in dale, mm. 1-4. *LV*

Voorbeeld 5: Op berge en in dale, mm. 234-239. *LV*

Voorbeeld 6: Op berge en in dale, mm. 147-151. *LV*

Voorbeeld 7: Op berge en in dale, mm. 23-26. *LV*

Voorbeeld 8: Op berge en in dale, mm. 42-46. *LV*

Voorbeeld 9: Op berge en in dale, mm. 152-156. *LV*

Voorbeeld 10: Op berge en in dale, mm. 208-213. *LV*

Voorbeeld 11: Jesus neem ons kleine kinders, mm. 5-7. *SAKOV 2*

Voorbeeld 12: Prys die Here, hemelinge, mm. 24-26. *SAKOV 2*

Voorbeeld 13: Welkom, o stille nag van vrede, mm. 1-5. *LV 2*

Voorbeeld 14: Juig, juig in Hom, mm. 1-4. *SAKOV 2*

Voorbeeld 15: Die Heer, die Heer het opgestaan, mm. 1-4. *SAKOV 3*

Voorbeeld 16: Erkentlik deur die dae, mm. 1-3. *SAKOV 1*

Voorbeeld 17: Die Here is my herder, mm. 1-4. *LV*

Voorbeeld 18: O Lam van God onskuldig, mm. 1-4. *LV*

Voorbeeld 19: Die werk behoort aan U, ons Heer, mm. 1-9. *LV 2*

Voorbeeld 20: In die nag by hulle weiding, mm. 1-4. *LV*

Voorbeeld 21: Op berge en in dale, mm. 87-89. *LV*.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verwysings

Basson, W.D. 2010. Nuwe SAKOV-Voorsitter: Bouwer van Rooyen in *Vir die Musiekleier*, Vol. 30, pp. 71-74.

Blumer, H. 1969. *Symbolic Interactionism – Perspective and method*. Webadres: https://books.google.co.za/books (15/04/2016).

Brauer, J. 1989. A Paradigm for theology? Introductory remarks in Küng, H. & Tracy, D., eds. *Paradigm change in theology – A symposium for the future.* New York: The Crossroad Publishing Company, p. 209.

Carstens, C. 2011. In gesprek met Albert Troskie in *Vir die Musiekleier*, Vol. 38, pp. 45-47.

Cillié, G.G. 1980. Die Orrelis/Sangleier in die Afrikaanse Kerke in *Vir die Musiekleier*, Vol. 1, pp. 11-21.

—— 1982. *Waar kom ons Afrikaanse Gesange vandaan?* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Durand, J. 2002. *Ontluisterde wêreld: Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid-Afrika.* Wellington: Lux Verbi Bybelmedia.

Du Toit, P.R. 2002. Die NG Kerk en sy familieverhoudinge in Du Toit, P.R., Hofmeyr, J.W., Strauss, P.J. & Van der Merwe, J.M. *Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie 1974-2002.* Bloemfontein: Barnabas, pp. 12-14, 165-168.

Elsenaar, J. 2000. Grand Organ: Two great Port Elizabeth Pipe Organs, Resensie in *Vir die Musiekleier*, Vol. 27, pp. 62-63.

Gaum, F.M. 1981. *Die Kerk en die toekoms van Suid-Afrika*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

—— 2002. 1990 Belydenis, vergifnis en versoening by Rustenburg in Hofmeyr G. Red. *NG Kerk 350 – Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002.* Wellington: Lux Verbi Bybelmedia, pp. 218, 219.

Greyling, L. 2004. *Albert Troskie.* Ongepubliseerde MMus (Opvoedkunde) verhandeling, Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Grové, I. 2006. Sing juigend, sing 'n nuwe loflied – wie s'n? in *Vir die Musiekleier*, Vol. 33, pp. 21-29.

Grundlingh, A. 2001. Die Anglo-Boereoorlog in die bewussyn van 20ste-eeuse Afrikaners, in Pretorius, F., red. *Verskroeide aarde*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 242-265.

Heyns, J.A. 1969. *Sterwende Christendom?* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, pp.7-9.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hofmeyr, J.W. 2002. Die NG Kerk en kerkwees in ons tyd in Du Toit, P.R., Hofmeyr, J.W. Strauss, P.J. & Van der Merwe, J.M. *Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie 1974-2002*. Bloemfontein: Barnabas, pp. 3-50.

Jordaan, G. 2013. SAKOV se beurswenners vir 2013 in *Nuusbrief 65*, p.11.

Kinghorn, J. 1986. *Die NG kerk en Apartheid.* Pretoria: Sigma-Pers.

Kruger, D. 2003. Liedboekverwerkings vir orrel en koor deur Albert Troskie in *Vir die Musiekleier*, Vol. 3, pp. 61-62.

—— 2007. Voorsittersverslag 2007 in *Vir die Musiekleier*, Vol. 34, p. 83.

Kruger, P. 2008. *'n Dowwe spieël? 'n Kerkhistoriese ondersoek na die resente stand van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1990-2006.* Ongepubliseerde MA (Teologie) verhandeling, Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Kruger, P. en Hofmeyr, J.W. 2009a. *'n Era van verandering vir die NG Kerk en Suid-Afrika sedert 1990 (Deel 1).* Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif Vol. 50 nr. 1 & 2, pp. 135-147.

—— 2009b. *Die NG Kerk en die era van verandering sedert 1990: Betekenis vir die NG Kerk se identiteit (Deel 11).* Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif Vol. 50 nr. 3 & 4, pp. 384-396.

—— 2011. *Boustene vir die toekoms van die NG Kerk (Deel III).* Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif Vol. 52 nr. 1 & 2. Webadres: http//ngtt.journals.ac.za (14/03/2016).

Lamprecht, C. 1982. Die orrelafdeling van die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in *Vir die Musiekleier*, Vol. 4, pp. 41-47.

Lubbe, J.J. 2001. A tale of fear and faith in Hofmeyr, J.W., Lombaard, C.J.S. & Maritz, P.J., eds. *Perspectives on Christianity: 1948 plus fifty years. Theology, Apartheid and Church: Past, Present and Future.* Pretoria: Universiteit van Pretoria, p. 29.

Matthyser, N. 2002. Vrae en antwoorde aan Troskie vir sy skripsie. Beskikbaar gestel deur Prof Troskie aan die navorser per epos.

Moderamen, 2013. NG Kerk in Suid-Afrika. Webadres: http://kerkargief.co.za/doks/bely/GD_apartheid.pdf (08/09/2016).

Moodie, T.D. 1975. *The rise of Afrikanerdom, Power, apartheid and the Afrikaner Civil Religion*. Berkeley, CA: University of California Press.

Mouton, J. 2012. *How to succeed in your Master's and Doctoral Studies.* Pretoria: Van Schaik.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Olivier, G. 2008. Redaksioneel in *Vir die Musiekleier*, Vol. 35, pp. 5-7.

Phillips, D.L. 1973. *Abandoning Method: Sociological Studies in Methodology*. London: Jossey-Bass Publishers.

Plummer, K. 1983. *Documents of Life: An Introduction to the Problems and Literature of a Humanistic Method.* London: George Allen & Unwin.

Potgieter, H. 2009. Redaksioneel in *Vir die Musiekleier*, Vol. 36, p. 8.

SAKOV 1988. *Inleidings en Harmonisasies vir Psalms en Gesange.* Port Elizabeth: SAKOV.

—— 1994. *Inleidings en Harmonisasies vir die Kerklied.* Aucklandpark: Stigting vir die Skeppende Kunste.

—— 2005. *Inleidings, Harmonisasies, Verwerkings, Naspele van die Kerklied Vol. 2.* Port Elizabeth: SAKOV.

Schneider, M. 1986. *Johan Heyns and the NGK's change of heart* in Leadership 5, p. 46.

Stackhouse, M.L. 1995. Reforming Protestant views in *Christian social ethics in a global era*. Nashville, TN: Abingdon Press, p. 31.

Steyn, G.J. 2005. *Die NG Kerk se identiteitskrisis Deel 1:Aanloop, terreine van beïnvloeding en reaksies* in die Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif Deel 46, nr. 3. Webadres: https://www.academia.edu/2118259/Die_NG_Kerk_se_identiteitskrisis (29/09/2016).

—— 2006. *Die NG Kerk se identiteitskrisis Deel 2: Huidige bewegings, tendense of mutasies* in die Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif Deel 47, nr. 4. Webadres: http://ojs.reformedjournals.co.za/index.php/ngtt/article/view/1226/1724 (05/10/2016).

Strauss, P.J. 2011. *Kerk en samelewing in die dokumente "Kerk en samelewing" na 25 jaar* in die Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif Deel 52, nr. 3 & 4. Webadres: http://ngtt.journals.ac.za/pub/article/viewFile/60/105 (15/05/2016).

Swanepoel, I.L. 2014a. *Die effektiewe benutting van die orrel in die hedendaagse liturgie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Ongepubliseerde MMus skripsie. Potchefstroom: Universiteit van Noordwes.

—— 2014b. Meestersgraad in kerkmusiek in *Nuusbrief 67*, p. 16.

Temmingh, H. 1981. Enkele opmerkings oor die "Barokorrel" in *Vir die Musiekleier*, Vol. 2, pp. 45-48.

Temmingh, R. 1993. Kerkmusiek in krisis in *Vir die Musiekleier*, Vol. 20, pp.17-19.

Troskie, A.J.J. 1980. Voorwoord en Stigtingsvergadering in *Vir die Musiekleier*, Vol. 1, pp. 3-10.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

—— 1985. Redaksioneel in *Vir die Musiekleier*, Vol. 9, p. 3.

—— 1988a. Kerk en konsertorrel vir die NG Gemeente Somerstrand en die Universiteit van Port Elizabeth in *Vir die Musiekleier,* Vol. 15, pp. 74-97.

——1988b. Voorwoord tot *Inleidings en Harmonisasies vir Psalms en Gesange.* Port Elizabeth: SAKOV.

—— 1989. Twee kerkmusici word 80 jaar oud! in *Vir die Musiekleier*, Vol.16, pp. 41-43.

—— 1992a. Tot hiertoe en nie verder met ons kerkmusiek in *Vir die Musiekleier*, Vol. 19, p. 46.

—— 1992b. *Pyporrels in Suid-Afrika.* Port Elizabeth: Albert Troskie.

—— 1996. Ons konsertorrels – Veremarksentrum, Port Elizabeth in *Vir die Musiekleier,* Vol. 23, pp. 73-75.

—— 1998a. Voorwoord – uittrede in *Vir die Musiekleier*, Vol. 25, p. 3.

—— 1998b. Onderwerp indeks: Vir die Musiekleier 1-25 in *Vir die Musiekleier*, Vol. 25, pp. 93-104.

—— 1999. Voorsittersverslag in *Vir die Musiekleier,* Vol. 26, pp. 93-94.

—— 2000. Voorsittersverslag in *Vir die Musiekleier,* Vol. 27, pp. 93-94.

—— 2003. *Liedboekverwerkings vir orrel en koor.* Port Elizabeth: Albert Troskie.

—— 2005a. SAKOV: Die afgelope 25 jaar (1980-2005) in *Vir die Musiekleier*, Vol. 32, pp. 87-96.

—— 2005b. Vernuwing of bloot verandering? in *Nuusbrief 49,* pp. 2-5.

—— 2006a. *Liedboekverwerkings vir orrel en koor Vol. 2.* Port Elizabeth: Albert Troskie.

—— 2006b. SAKOV-argief in Bloefontein gevestig en SAKOV maak kontak met RSCM in *Nuusbrief 52*, pp. 3-4.

—— 2007a. Kerkmusiek in NG Kerk: onlangse verwikkelings in *Nuusbrief,* Vol. 53, pp. 2-5.

—— 2007b. Redaksioneel in *Vir die Musiekleier,* Vol. 34, p. 5.

—— 2009. Veremark-orrelvereniging in *Nuusbrief 57*, pp. 13-14.

—— 2010. *The Historical Pipe Organ Heritage of South Africa.* Port Elizabeth: Albert Troskie.

—— 2013. Die Pyporrel – vir twee eeue draer van die Westerse musiekkultuur in Suid-Afrika in *Vir die Musiekleier,* Vol. 33, pp. 83-91.

—— 2015. *Curriculum vitae* van Albert Troskie.

—— 2016. Persoonlike onderhoud met Troskie op 9 April 2016 te NG Kerk Somerstrand, Port Elizabeth.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

—— 2016. *Hoor die blye tyding! Verwerkings vir Koor en Orrel Vol. 3*. Port Elizabeth: Albert Troskie.

Van der Merwe, J.M. 2002. Die NG Kerk en die samelewing in Du Toit, P.R., Hofmeyr, J.W., Strauss, P.J. & Van der Merwe, J.M. *Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie 1974-2002.* Bloemfontein: Barnabas, pp. 95-100.

Van der Walt, B.J. 1999. *Godsdiens en samelewing – Christelike betrokkenheid op die markplein.* Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Van der Walt, J.L. 2014. *Die komponis Willem Mathlener: 'n katalogus en 'n bespreking van sy komposisies*. Ongepubliseerde MMus verhandeling, Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Westhuizen, H.P. 1981. Kerkmusiek in Stellenbosch in *Vir die Musiekleier*, Vol. 2, pp. 14-26.

Van Niekerk, A. 2005. Vrye Afrikaan slaan hard. Begriplose kritiek in *Die Kerkbode*, 9 September, p. 7.

Van Rooyen, B. 2011. Voorsittersverslag 2011 in *Vir die Musiekleier*, Vol. 31, p. 86.

—— 2012. Stoelskrif in *Nuusbrief 64*, p. 3.

Van Schoor, J.J. 2014. *Die geskiedenis van die orrel in Suid-Afrika en die ontwikkeling van die koraalvoorspel as 'n genre met'n omvattende katalogus.* Ongepubliseerde MMus verhandeling, Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Vermeulen, O.C. 2012. *Vernuwende gebruik van die orrel in 'n estetiese musiekbediening van verskillende spiritualiteitstipes in die Afrikaanse gereformeerde kerke.* Ongepubliseerde DMus proefskrif, Pretoria: Universiteit van Pretoria.

—— 2015. In good times and bad: Die stormagtige verhouding tussen kerk en die orrel – is egskeiding onafwendbaar? Webadres: http://dx.doi.org/10.4102/ve.v36i1.1349 (14/04/2016).

Williams, H.H. 2006. *J. A. Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid.* Ongepubliseerde PhD verhandeling, Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.